T.O.D./T.E.D. 200

Verwysings No. / Reference: TOA 9-7-2 Vol. 10

Navrae / Enquiries: Dr. P.H. Bredenkamp

Tel. No.: (012) 201-2379

Alle mededelings moet geadresseer word aan die Direkteur van Onderwys.

All communications must be addressed to the Director of Education.

**TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT**
**TRANSVAAL EDUCATION DEPARTMENT**

Privaatsak X76
Private Bag X76
PRETORIA 29 Januarie 1985
0001

Mnr. A.N.P. Lubbe
Die Registrateur
Universiteit Vista
Privaatsak X634
PRETORIA
0001

HOOGSVERTROULIKE INHOUD VAN DIE PROEFSKRIF VAN DR. J.G.H. DE NECKER

Die telefoniese gesprek van prof. H.C.A. Bodenstein, en sy versoek aan ondergetekende, het betrekking.

Die inhoud van die proefskrif bevat bepaalde inligting wat vanweë 'n verwysing na taalmedium en burgerskap, uiters sensitief is. Hierdie inligting is vervat in 'n interne verslag wat nie sonder die Direkteur van Onderwys se toestemming beskikbaar gestel word nie.

In die lig daarvan word vriendelik, dog dringend, versoek dat die proefskrif as hoogsvertroulik geklassifiseer word en dat die proefskrif nie beskikbaar gestel word aan enige persoon sonder goedkeuring van die Direkteur van Onderwys nie.

U samewerking in dié verband sal besonder waardeer word.

P.H. Bredenkamp

Namens DIREKTEUR VAN ONDERWYS

# 'N HISTORIES-ANDRAGOGIES PEDAGOGIESE BESINNING RAKENDE DIE INSTELLING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERSRAAD VIR BLANKES

DEUR

JAN ADRIAAN DU PLESSIS

Voorgelê in ooreenstemming met die vereistes
vir die Graad
MAGISTER EDUCATIONIS

in die Departement Opvoedkunde
aan die Universiteit van Vista

STUDIELEIER: PROF. DR. H.C.A. BODENSTEIN

September 1984

PRETORIA

## VERKLARING

"Ek verklaar dat 'N HISTORIES-ANDRAGOGIES PEDAGOGIESE BESINNING RAKENDE DIE INSTELLING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERSRAAD VIR BLANKES my eie werk is; dat al die bronne wat geraadpleeg of aangehaal is, by wyse van vol= ledige verwysings aangedui en erken is, en dat ek hierdie verhandeling nie voorheen vir 'n graad by 'n ander univer= siteit voorgelê het nie".

MVIST
379.1510968 DUPL

J.A. DU PLESSIS

<u>DANKBETUIGING</u>

Tydens die voltooiing en finalisering van hierdie werkstuk is daar 'n allesoorheersende gevoel van dankbaarheid teenoor my Skepper.

'n Besondere woord van dank en waardering word ook hiermee betuig teenoor:

= My gewaardeerde studieleier Prof. Dr. H.C.A. Bodenstein. Sy gewaardeerde leiding, aanmoediging en buitengewone insig wat altyd met lewensvreugde aan my oorgedra is, sal altyd 'n hoogtepunt in my lewe bly.

= Die Federale Raad van Onderwysersverenigings.

= Die Suid-Afrikaanse Onderwysersraad vir Blankes.

= Die verskillende biblioteke.

= Die Registrateur van die G.T.C. en by name mev. Pat Taylor vir hulle gewaardeerde hulp.

= Mnr. Koos Steyn, sekretaris van die Federale Raad en die Transvaalse Onderwysersvereniging vir sy buitengewone behulpsaamheid en aanmoediging.

= Die T.O. vir die toekenning van 'n beurs om in die buiteland navorsing te kon doen.

= Mev. Elsabé Roos vir die deeglike tikwerk.

Maar bowe-al aan my vrou Joey en ons dogter Elrina vir die aanmoediging, begrip en baie eensame ure wat hulle moes deurbring.

Die Skrywer
HARTBEESPOORT
Oktober 1984

SUMMARY


The aim of this monograph should be considered as an attempt to evaluate the historical progress of the establishment of the South African Teachers' Council for Whites on andragogical/pedagogical perspective.

In chapter one concepts, which will occur in later chapters are explained to orientate the reader.

After the orientation in chapter one, an explanation is given in chapter two of the concepts, 'profession' and 'occupation'. Subsequently the motives for the origin of the professional associations and the pro=fessional process of development which followed are to be investigated.

Certain identified criteriums found on the androgogi=cal/pedagogical level and which dictates the norm for the profession, have been used to highlight profes=sional requirements. Thereafter a brief evaluation of the 'active' structures of the professional essence follows.

In chapter three a reconnaissance is undertaken of the functioning and establishment of the General Teach=ing Council in Scotland. Together with this the at=tempts to establish a similar board in Wales and England are investigated.

In chapter four the history of progress that led to the establishment of the South African Teachers Coun=cil for Whites, is investigated. Contributions made by the instances and persons, other than members of the Teaching profession, are mentioned. Then follows a detailed evaluation of the role played by the Fede=ral Council of the Teachers' Association. Because

the above mentioned Council is the representative of the organised teaching profession, we have emphasized the fact that for many years there have been represen= tations for the establishment of the South African Teachers' Council.

In the final chapter an attempt is made to determine to what extent the South African Teachers' Council has made a contribution to co-partnership of the teaching profession.

Certain problem aspects are lifted out and recommen= dations are made to improve the infra-structure.

Finally the attention can be drawn to the actions that are taking place on the political front with re= gard to the new dispensation where it concerns the teaching profession.

# INHOUDSOPGAWE


| HOOFSTUK | ONDERWERP | BLADSY |
|---|---|---|
| | 'N HISTORIES—ANDRAGOGIES PEDAGOGIESE BESINNING RAKENDE DIE INSTELLING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERSRAAD VIR BLANKES | |
| | HOOFSTUK 1 | |
| 1 | TEMATOLOGIESE ONTLEDING EN METODO= LOGIESE VERANTWOORDING ............. | 1 |
| 1.1 | DIE TEMA IN SY OORKOEPELENDE OPSET | 1 |
| 1.1.1 | Dissipline .......................... | 3 |
| 1.1.2 | Interaksie .......................... | 4 |
| 1.1.3 | Onderwysbeheer ...................... | 4 |
| 1.2 | VERDERE BEGRIPSVERHELDERING ........ | 5 |
| 1.2.1 | Histories ........................... | 6 |
| 1.2.2 | Andragogies ......................... | 7 |
| 1.2.3 | Pedagogies .......................... | 8 |
| 1.2.4 | Besinning ........................... | 9 |
| 1.2.5 | ..... instelling van die S.A.O.R. .. | 10 |
| 1.2.6 | ..... vir Blankes .................. | 11 |
| 1.3 | AFBAKENING VAN DIE VELD VAN ONDER= SOEK ................................ | 11 |
| 1.3.1 | Die Republiek van Suid-Afrika ..... | 11 |
| 1.3.2 | Skotland en Wallis ................. | 13 |
| 1.4 | METODOLOGIESE VERANTWOORDING ....... | 14 |
| 1.4.1 | Wetenskaplik-historiese metode ..... | 15 |
| 1.4.2 | Die Fenomenologiese metode ......... | 18 |
| 1.5 | PROBLEEMFORMULERING EN PROGRAMAAN= KONDIGING ........................... | 20 |
| 1.6 | EERSTE PROBLEEMSTELLING ........... | 23 |

HOOFSTUK 2

ERKENNINGSKRITERIA AS PROFESSIONELE ESSENSIE IN DIE ANDRAGOGIES-PEDAGO= GIESE BESINNING OOR DIE AGEINSOPGAWE


| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | INLEIDENDE TERUGSKOU ............... | 25 |
| 2.2 | VERDERE BEGRIPSVERHELDERING ........ | 26 |
| 2.2.1 | Professionele ...................... | 26 |
| 2.2.2 | Beroep en professie ................ | 28 |
| 2.3 | MOTIEWE VIR DIE ONTSTAAN VAN PROFES= SIONELE VERENIGINGS ................ | 28 |
| 2.4 | PROFESSIONELE ONTWIKKELINGSLYN ..... | 29 |
| 2.5 | MOTIEWE VIR DIE VORMING VAN DIE PRO= FESSIONELE VERENIGINGS ............. | 31 |
| 2.6 | NORMIDENTIFISERENDE ESSENSIES ...... | 32 |
| 2.7 | PROFESSIONELE ESSENSIETABELLE ...... | 33 |
| 2.7.1 | Bedrywigheidstrukture in unieke des= kundige dienslewering .............. | 34 |
| 2.7.2 | Professionaliteit: Vertrouende in= stemming ........................... | 35 |
| 2.7.3 | Gedragsgemoeide lewenskode ......... | 36 |
| 2.7.4 | Verantwoordelikheidsoutonomie ...... | 37 |
| 2.7.5 | Intellektuele gespesialiseerde vaar= digheid ............................ | 38 |
| 2.7.6 | Progressiewe vakkundige verbreding | 39 |
| 2.7.7 | Opleidingstydperk .................. | 41 |
| 2.7.8 | Lewensroeping ...................... | 42 |
| 2.7.9 | Selfregerend en selfreëlend rakende beleid ............................. | 43 |
| 2.7.10 | Status ............................. | 43 |
| 2.8 | TWEEDE PROBLEEMSTELLING ............ | 44 |

HOOFSTUK 3

'N HISTORIESE AANLOOP TOT DIE INSTEL= LING EN FUNGERING VAN DIE GENERAL TEACHING COUNCIL IN SKOTLAND EN DIE DAAROPVOLGENDE ONDERSOEK TOT DIE MOONTLIKE INSTELLING VAN 'N ONDERWYS= RAAD IN ENGELAND EN WALLIS


| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | INLEIDENDE GEGEWENS ................ | 46 |
| 3.2 | DIE "GENERAL TEACHING COUNCIL" ..... | 48 |
| 3.2.1 | Doelstelling ....................... | 48 |
| 3.2.2 | Samestelling van die Onderwysraad .. | 49 |
| 3.2.3 | Verhouding tussen die Onderwysraad en Owerhede ........................ | 55 |
| 3.2.4 | Registrasie van Onderwysers ........ | 58 |
| 3.2.5 | Praktiese implimentering van Regi= strasie ........................... | 63 |
| 3.2.5.1 | Aansoek om registrasie ............ | 63 |
| 3.2.5.2 | Registrasievereistes .............. | 65 |
| 3.2.5.3 | Implikasies van Registrasie ....... | 67 |
| 3.2.6 | Finansies ......................... | 70 |
| 3.3 | VERKIESING VAN LEDE VAN DIE ONDER= WYSRAAD ........................... | 73 |
| 3.3.1 | Verkiesingskennisgewing ........... | 76 |
| 3.3.2 | Verkiesingsbeampte ................ | 77 |
| 3.3.3 | Kwalifikasies van kandidate en kiesers | 77 |
| 3.3.4 | Nominasie ......................... | 78 |
| 3.3.5 | Verloop van verkiesing ............ | 78 |
| 3.4 | ADMINISTRASIE ..................... | 80 |
| 3.5 | PUBLIKASIES ....................... | 82 |
| 3.6 | PROFESSIONELE TUG ................. | 82 |
| 3.7 | ALGEMEEN .......................... | 84 |
| 3.8 | ENGELAND EN WALLIS ................ | 85 |

3.8.1 Aanbevelings van die Weaverkomitee ... 87

3.9 VERDERE PROBLEEMSTELLING ............ 90


HOOFSTUK 4

DIE PRAKTYKWORDING VAN HISTORIES-ANDRAGOGIESE VERLOOPSVERTOë VAN BELANGE-GEMOEIDE RELEVANTEURS MET BETREKKING TOT DIE INSTELLING VAN DIE S.A.O.R.


4.1 INLEIDING ............................ 91

4.2 ALGEMENE VERTOë ...................... 92

4.2.1 Haveman ............................ 93

4.2.2 Ben Taute .......................... 94

4.2.3 J. Chris Coetzee ................... 98

4.2.4 J.J. Visagie ....................... 99

4.2.5 S.J. Preller ....................... 101

4.2.6 J.H. Oosthuizen .................... 102

4.2.7 P.S. du Toit ....................... 103

4.2.8 Verslag van die Provinsiale Onderwys= kommissie ........................... 104

4.2.9 Report 1946 Natal Provincial Educa= tion Committee ...................... 104

4.2.10 Oranje-Vrystaat Provinsiale Onderwys Kommissie 1951 ..................... 106

4.2.11 Verslag van die Kommissie van onder= soek na die opleiding van Blanke Onderwysers ......................... 109

4.3 VERTOë VAN DIE FEDERALE RAAD VAN ON= DERWYSERSVERENIGINGS TOT DIE INSTEL= LING VAN DIE S.A.O.R.

4.3.1 Inleiding ............................ 112

4.3.2 Doelstelling en bevoegdhede van die Federale Raad ....................... 114

4.3.3 Samestelling van die Federale Raad ... 114

4.3.4 Die verhouding tussen die Federale Raad en die Onderwysowerhede ......... 115

4.4 FEDERALE RAAD VAN ONDERWYSERSVERENIGINGS SE VERTOë TOT DIE INSTELLING VAN DIE PROFESSIONELE BEROEPSRAAD ........................................ 116

4.4.1 Toestande na April 1941 .............. 121

4.4.2 Na Oktober 1957 ...................... 130

4.5 LAASTE PROBLEEMSTELLING .............. 151

HOOFSTUK 5

SAMEVATTENDE SLOTOPMERKINGS EN AANBEVELINGS

5.1 INLEIDING ............................ 152

5.2 TERUGSKOU AAN DIE HAND VAN NORMATIEWE ANDRAGOGIESE ERKENNINGSKRITERIA ...... 153

5.2.1 Bedrywigheid in unieke deskundige dienslewering ............................ 154

5.2.2 Vertrouende instemming ............... 155

5.2.3 Gedragsgemoeide lewenskode ........... 156

5.2.4 Verantwoordelikheidsoutonomie ........ 158

5.2.5 Intellektuele gespesialiseerde vaardigheid ............................... 159

5.2.6 Progressiewe vakkundige verbreding ... 160

5.2.7 Lewensroeping ........................ 160

5.2.8 Selfregerend en ook selfreëlend rakende beleid .......................... 162

5.2.9 Status ................................ 163

5.3 DIE BETEKENIS VAN DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE S.A.O.R. ...................... 164

5.4 DIE VERHOUDING VAN DIE S.A.O.R. TOT DIE FEDERALE RAAD .................... 165

5.5 PROBLEEMAREAS ........................ 166

5.5.1 Registrasie ........................... 166

5.5.2 Professionele Tug ..................... 167

5.5.3 Medeseggenskap ....................... 168

5.5.4 Finansies ............................. 170

5.6 DIE MOONTLIKE TOEKOMSTIGE PROFESSIO= NELE KONSEP GEGROND OP DIE "WITSKRIF OOR ONDERWYSVOORSIENING IN DIE REPU= BLIEK VAN SUID-AFRIKA 1983" 170

5.6.1 Die Begrip Ko-funksionering ........ 172

5.6.2 Sentrale Registrasieliggaam ........ 173

5.6.3 Professionele Beroepsrade (Eie On= derwyssake) ........................ 175

5.6.4 Die Swart Bevolkingsgroep .......... 175

5.7 TEN BESLUITE ....................... 177

5.8 BYLAE A ............................ 178

5.9 BYLAE B ............................ 200

HOOFSTUK 1

# 1. TEMATOLOGIESE ONTLEDING EN METODOLOGIESE VERANT=WOORDING

## 1.1 DIE TEMA IN SY OORKOEPELENDE OPSET

In die kritiese ontleding van die betiteling van hierdie studie, tree verskillende aspekte, sommige prominent en andere steungewend aan die hooftema, na vore. Regstreeks en onreg=streeks dra bepaalde sake by tot die besin=ningsontleding soos in die titel aangedui. Kortom:

> Dit gaan hier oor die historiese verloop van die instelling van die Suid-Afrikaanse Onderwysersraad vir Blankes (S.A.O.R.).

Steungewende ondersoeke na die mate waarvolgens die onderwys as professie geklassifiseer kan word, hierin gelei deur 'n magdom ondersoeke van ander navorsers, en geverifieerde kennis wat reeds in ander lande opgedoen is, vorm 'n inte=grale deel van die onderhawige ondersoek.

Die vraag sal egter gevra moet word, waarom dit nodig is dat daar in die hedendaagse samelewing 'n reglementering van sektoriese belange plaas=vind. Die antwoord hierop lê in die sosiale strukturering van die menslike natuur.

In die totale lewensinfrastruktuur is daar een onbetwisbare en onloënbare waarheid waar=op elke wetenskaplike of leek 'n hipotese kan bou: die geordenheid van die oorspronklike Skepping.

Hierdie ordelikheid is oorgedra in intermens=like relasies wat in die lewensdiversiteit in onder andere beroepsgroepvorming uitgespeek het. Die individu in die beroepsgroep het in die gebondenheid van die groep betrokke geraak. Hierdie groepsbelangegerigtheid het enersyds belangebeskermend opgetree en andersyds rig=tend en regulerend relasies en verpligtinge bepaal.

Alhoewel die onderwysprofessie as die moeder=professie van alle groepe aanvaar word, is daar eers in die twintigste eeu in Suid-Afrika pogings aangewend om die voorreg-verpligting van die onderwysgroep per volkswet daar te stel. Die doel hiermee was om die onderwys=professie te verskans teen volks- en profes=sionele onaanvaarbare, die publiek se belange per waarborg teen uitbuiting te beskerm en die onderwysprofessie uit te lig tot 'n alge=mene vertrouenstatusvlak met medeseggenskap in professionele sake.

Daarom gaan daar in die hieropvolgende besin=ning die oorkoepelende gedagtelyn gespan word oor die instelling van die Suid-Afrikaanse Onderwysersraad vir Blankes wat wakend en be=skermend moet optree ten opsigte van die voor=genoemde. Daarom moet die S.A.O.R. as die sentrale tema van die geskrif gesien word.

Die tot-die-kern-gereduseerde-motief tot die stigting van beheerliggame soos die genoemde Raad, lê in die begrip dissipline opgesluit. Vanuit hierdie dissiplinêre verantwoordelik=heid van die groepsbeheer, sal die noodsaak=

likheid van begrensing, maar ook van afgrensing van die groepsbeheer getoets word. Hieruit kan reeds sekere afleidings gemaak word:

1.1.1 Dissipline

Onder die begrip "dissipline" word onder andere die volgende verstaan:

: "gehoorsaamheid aan gesag', 'ordelike gedrag', 'bestraffing om orde te bewaar' of 'oefening, ontwikkeling van die gees om gehoorsaamheid en strenge orde te verseker met beheersing van verkeerde neigings" (Bisschoff 1981:208).

Wanneer bogenoemde uitsprake teruggevoer word na groepsvorming impliseer dit dat die groep sekere magte aan 'n saamgestelde of aangewese bestuur toesê en waarby die groep berus. Die doelstelling van die groep, wat gewoonlik by wyse van 'n grondwet die samestelling van die groep bepaal, bepaal ook die aanvaarding daarvan deur die breë gemeenskap. By die ondersoek na die instelling van die S.A.O.R. moet daar dus ook besondere aandag aan die samestelling, funksies en verantwoordelikhede van die genoemde Raad gegee word.

Die implisiete aspek van opvoeder-opvoedeling mag egter nooit los van die gemeenskap gesien word nie.

(Vergelyk van Schalkwyk 1981:Hoofstuk 3). Die rol van die opvoeder is primêr gerig op die opvoedeling, maar die opvoeder is ook verantwoordelik teenoor sy opvoedersvennote. Hierdie vennootskapsverantwoordelikheid moet afdwingbaar maar ook beskermend van aard wees. Die samestellingsvereiste van die groep moet dus algemeen aanvaarbaar wees. Terselfdertyd moet die groepsopleiding van so 'n aard wees dat die publiek met vertroue homself in die hande van die groep sal laat.

1.1.2 Interaksie

Waar die onderwys gerig is om leiding van mense aan mense met die oog om leiding aan ander mense te gee, dit wil sê, 'n aangeleentheid van andragogies-pedagogiese aard, vereis die S.A.O.R., en in die besonder die samestelling en funksies daarvan, 'n algemene aanvaarding deur sy eie lede, te wete die onderwysers, maar ook 'n erkenning van die owerhede en 'n vertroue van die gemeenskap. Die drie vennote in die totale bedeling sal dan die onderwysers, owerhede en die publiek wees. Kortom:

: daar moet 'n gerespekteerde interaksie en 'n vertrouensverhouding in die uiteindelike onderwysbeheer wees.

1.1.3 Onderwysbeheer

Onderwysbeheer, waar mensegemeenskappe

in georganiseerde en geadministreerde verbande bestaan, word deur geen be= stuursinstansie lukraak bedryf nie. Waar die standaarde van die onderwys die beskawingsvlak van die groep be= paal of beheer, kan dit nie as 'n allemanstaak aanvaar word nie. Die mate van interaksie tussen die werk= gewer en werknemer sal behoorlik geëvalueer moet word.

Die vraag wat gevra moet word is of daar in die onderwysbeheer interaksie vereis word tot medeverantwoordelik= heid en seggenskap ten opsigte van beroepsverantwoordelikhede, en indien wel, tot watter mate die S.A.O.R. tot funksionele vervulling van hierdie vereiste kan dien.

Voordat 'n diepte-ondersoek egter kan plaasvind, is dit eers nodig om se= kere begrippe wat in die loop van die studie gebruik sal word, te verklaar.

## 1.2 VERDERE BEGRIPSVERHELDERING

By die aanbieding van die onderhawige geskrif tree die titel as sentrale tema aanduidend op tot die veld wat ondersoek sal word. Omdat in die totale werkstuk gepoog sal word om sekere tendense te rekonstrueer en aan geldigheids= norme te toets, sal sekere uitligtings ter sprake gebring word. Dit is dus noodsaaklik om in die voorarbeid die versweë inhoud van die betiteling toeligtend uit te stippel.

### 1.2.1 Histories

Die begrip "historie" het sy ontstaan in die Griekse woord "historia" wat beteken "deur-ondersoek-verworwe-kennis" (Van Vuuren 1975:131).

Die verwoording "historie" word tweeledig gegrondves: "dit-wat-gebeur-het" en die "verhaling" daarvan. Daar is dus 'n tydsverloop tussen die twee begrippe. Eers nadat die "verhaling" wetenskaplik ondersoek is, kan 'n verband met die opvoedingsverskynsel aangedui word.

So 'n doelmatige ondersoek is volgens Swanepoel (1975:19) veronderstel as die opneem van die verlede en die verwesenliking daarvan in die hede. Hierdie redemoment het dus sy vooruitgryping maar ook sy teruggryping (Good 1954:209 - 210) Dit sal dus nodig wees om deur die Historiese Pedagogiek 'n teruggryping tot die historiese fenomeen te maak, in hierdie geval die S.A.O.R., waardeur die verlede-gebeure ontbloot sal word vir 'n sinvolle vooruitgryping. Die historiese vertrekpunt in die navorsing van die eietydse opvoedingsgebeure is om die essensies van die besondere probleem in sy totale historiese reliëf uit te lig en te orden. Daarom sal die historiese metode van ontsluiting-deur-ondersoek-verworwe-kennis by implikasie die navorsingsmetode wees.

In die volgende paragraaf word die tweede gedeelte van die titelwoord ondersoek.

### 1.2.2 Andragogies

Andragogies (Grieks <u>aner</u> wat volwasse man beteken en <u>agogos</u>, met die betekenis van leier of begeleier) is die onderlinge begeleiding van volwassenes. Dit is die tydperk in die mens se lewe waartydens hy nie meer kind is nie, maar onder die kategorie volwassenheid geklassifiseer word. Volgens Oberholzer (1977:1) is dit die tydperk in die mens se lewe waar die kind grootmens geword het en daar dus van hom verwag kan word om die dinge van die kind agter te laat en hom soos 'n grootmens te gedra. Swanepoel (1975:1.3) stel dit so dat die mens uit die aard van sy historisiteit, weet dat hy nie altyd so was nie en ook nie so sal bly nie. Volgend op die kind-tydperk waartydens die kind in afhanklikheid van ander geleef het, volg die andragogiese of selfstandige tydperk van volwassenheid waartydens onderlinge begeleiding van volwassenes plaasvind. Laastens tree die periode van gerontagogie in waar toenemende begeleidingshulp benodig word. Dit verteenwoordig die periode van die ouderdom. In die gekompliseerde en veranderende tegnokratiese wêreld is daar 'n toenemende nood aan medemenslikheid. Begeleidingshulp is dikwels nodig om die nuwe situasies sinvol te

verwerk. Dit gaan hier nie oor die private lewenshouding nie, maar eerder om saam met ander 'n weg te vind, nuwe moontlikhede aan te gryp en te verwerk ten einde op sinvolle wyse uitdrukking te gee aan die eise van menswaardigheid (Bodenstein 1979:12). In hierdie on= derhawige geskrif word die aspek van die pedagogies-andragogiese interaksie van volwasse begeleiding in en deur middel van die S.A.O.R. belig.

### 1.2.3 Pedagogies

Die begrip "pedagogies" is afgelei van die Griekse woord "pais" (kind) en "agein" (om te lei) wat dus saamge= steld as kinderbegeleiding bekend staan. Die begrip impliseer dus 'n wisselwerking tussen die opvoeder en die opvoedeling. Die kind moet gelei word, maar tydens die gebeure is ook 'n leier of begeleier nodig. Swanepoel (1975:21) stel dit as hulp aan die kind om in toenemende mate die verbonden= heid as moontlikheidsvoorwaarde vir wording te gebruik. Die hulpbehoe= wendheid van die kind veroorsaak dat daar 'n onafwendbare hulpverlening tus= sen kind en volwassene moet plaasvind. Alhoewel die pedagogiese klem in hier= die ondersoek meer op die regulerings= aspek van die opvoeder val, kan die uiteindelike opvoedingsdoel van opvoe= der-opvoedeling nie uit die oog verloor word nie. Die S.A.O.R. is primêr in= gestel met die oog op begeleiding van die volwasse opvoeder deur groeps=

norme wat weer terugkaats op die kin=
derleidingsaspek van die opvoeding=
sirkel (Kilian 1974:2). Onder die
saamgestelde woord "Histories Andra=
gogies-pedagogiese" word daar dus
gepoog om die wisselwerking van die
lewensgebeurtenis waarvan die gevolge
uitvurk op sowel die opvoeder as die
opvoedeling wetenskaplik te evalueer.
Daarvoor is besinning nodig (Vergelyk
ook De Witt, Die Unie, Julie 1976:38 -
41).

1.2.4 Besinning

Volgens Bodenstein (1977:13) begin die
wetenskapsbeoefening met 'n kritiese,
sistematiese en metodologiese besin=
ning. Daar moet dus gedink word, want
denke is die ontsluitingsweg na oplos=
sing in die problematiek. Oplossing
is die gevolg van besinning en besin=
ning vereis denke.

Dit is dus nodig om tydens die besin=
ning die gebeure van die hede en die
verlede te kombineer met die toekoms=
verwagtings. Tydens die besinning
sal die verband tussen moontlikheid
en werklikheid op 'n onbevooroordeelde
en wetenskaplike verantwoording ge=
toets moet kan word. In die soeke na
die waarheid sal afleidings op 'n weet=
gierige maar ook sistematiese wyse ge=
maak moet word. Deur besinning word
die antwoorde gesoek vanuit 'n bepaalde
gesigshoek waarna kriteria van toepas=

sing gemaak kan word. Alhoewel daar tot 'n besinningsoplossing gekom kan word, mag die antwoorde selde tot ver= absolutering verhef word. Daarom moet die besinningsantwoorde die begrensinge van die probleem vasstel en onderskei. Daarna sal die gebeure en verskynsels rasioneel in die ondersoekspektrum ge= plaas kan word.

Kritiese denke of fundamentele besin= ning oor die intermenslike fenomeen sal die weetgierige ondersoeker aan= moedig om vanuit 'n besondere perspek= tief besinnende waarnemings te doen. Kritiese evaluasies word gekenmerk met bevraagtekening waarin die feiteafbake= ning 'n belangrike rol speel; daarom soek kritiese denke antwoorde wat hel= der en ondeursigtig op die waargenome se verband tot die werklikheid dui.

In die soeke na waarheid sal die andra= gogieker/pedagogieker 'n kritiese en evaluerende balansstaat van die besinde fenomeen daarstel wat die eise van die opvoedingswerklike kan deurstaan. In hierdie studie is die besinde fenomeen die instelling van die S.A.O.R.

1.2.5 .... instelling van die S.A.O.R.

Op 5 Julie 1975 is die Wet op die Suid-Afrikaanse Onderwysersraad vir Blankes gepromulgeer (Wet 116 van 1976). Hierdeur is daar 'n statutêre

liggaam geskep wat met verskeie funk=sies beklee is wat hoofsaaklik tweër=lei van aard is: Medeseggenskap oor beroepsaangeleenthede én dissiplinêre verantwoordelikhede.(Vergelyk De Witt 1979:hoofstuk 23). "Instelling" impli=seer die daarstelling van 'n ongewese fenomeen. Verder beklemtoon dit ook die aanloop, vertoë en ondersoeke wat bydraend opgetree het in die uiteinde=like bereiking van 'n ideaal.

1.2.6 .... vir Blankes" benadruk dat slegs kleur- en kultuurgenote, dit wil sê eie mense, tot registrasie toegelaat word.

Na die begripsverheldering kan daar dus nou oorgegaan word na die afbake=ning van die veld van ondersoek.

## 1.3 AFBAKENING VAN DIE VELD VAN ONDERSOEK

### 1.3.1 Die Republiek van Suid-Afrika

Die afbakening van die objekgebied is 'n baie belangrike vereiste vir outen=tieke wetenskapsbeoefening. Omdat geen mens weens sy beperkte leefwêreld die komplekse omgewenlike onafgebaken kan benader of deurgrond nie, moet die ob=jek die grense sodanig bepaal dat daar 'n volledige gryping na die essensie van die ondersoek kan plaasvind.

In die onderhawige studie toon die on=derwerpsontleding 'n viervlakkige ver=deling wat saamvloei tot 'n totaliteit

van die eindproduk, te wete, die onder=wys as professie, die Skotse Onderwy=sersraad, historiese vertoë tot die instelling van 'n S.A.O.R. en die in=stelling van die Onderwysersraad self.

In die historiese opvolging van die ontwikkelingslyn wat tot die instel=ling van die S.A.O.R. gelei het, wen=tel die openingsredenasie eerstens oor die vraagstuk van professionele outo=riteit van die onderwys. Daar moet dus gemeet word of die onderwys vol=doen aan die vereistes van 'n profes=sionele liggaam.

Indien daar na ontleding van die pro=bleem tot 'n positiewe antwoord geraak word, kan die konsekwensies van die gevolgtrekking breër toegepas word. Daarom sal dit nodig wees om die af=bakeningsveld van hierdie studie in te lei met 'n ondersoek na die andro=gogies-pedagogiese relevansie van die begrip "onderwys" en "professie".

Die erkenningskriteria van 'n professie soos unieke diens, vereising van intel=lektuele vaardighede, gespesialiseerde opleiding, outonomie van die groep, 'n daadsverantwoordelikheid, besondere dienslewering, bestaan van 'n etiese kode en die mate waarin die professie komprehensief-selfregerend is, sal op die onderwys van toepassing gemaak moet word.

### 1.3.2 Skotland en Wallis

In die <u>aksieopvolging</u> van die genoemde professionele kriteria is die ondersoek= terrein na Skotland verskuif waar die enigste professionele Onderwysersraad toe in werking was. Met die oog op groter helderheid word die werksveld afgebaken onder die volgende hoofde:

> The Teaching Council Act (Scotland) 1965, doelstelling, samestelling van die Raad, verhouding tussen Onderwy= sersraad en die owerheid, registrasie van onderwysers en die praktiese im= plimentering daarvan, finansies, raads= verkiesings, administrasie en tug.

'n <u>Soortgelyke ondersoek</u> is in <u>Engeland en Wallis</u> waar die instelling van 'n soortgelyke Onderwysersraad beoog was, <u>onderneem</u>. Ook hier het die klem van ondersoek op die samestelling, onder= linge verhoudings, funksies, kontrole, register, finansies en professionele dissipline geval.

Op die derde vlak van ondersoek sal gepoog word om die <u>historiese vertoë</u> ter ondersteuning van die <u>instelling</u> van die S.A.O.R. deur <u>persone</u>, <u>instan= sies</u> en die <u>Federale Raad</u> van Onderwy= sersverenigings aan te toon.

Laastens sal 'n kritiese evaluering ten opsigte van die daargestelde S.A.O.R.

plaasvind met spesiale uitligting van die professionele strukturering van die genoemde Raad. Verder sal die praktiese implimentering onder die loep geneem word.

Ter interpretering van die onderhawige studie is dit nodig om sekere aanduidings te gee van die ondersoekmetodes wat riglynend tot die ontsluiting van die studieveld geïmplimenteer gaan word.

## 1.4 METODOLOGIESE VERANTWOORDING

Die ontsluitingsvereiste van 'n besondere studieterrein is gegrondves in 'n doeltreffende afbakening van die objekgebied. Suksesvolle afbakening is egter gekoppel aan die perspektief van die wetenskapper wat denkend na die voorwaardes vir die ten doel gestelde moontlikheid sal strewe.

Voortvloeiend uit hierdie strewe tree die fundamentele sigwaarde van die ondersoekte objek alleenlik na vore indien die korrekte kenmetode van toepassing gemaak is. Die interpretering van die voorwaardes van die moontlikheid na die werklikheid word dus deur die metodologiese herskepping tot volvoering gebring.

Die oogmerke van die wetenskapper moet dus deeglik rekening hou met en sorgvuldig rekenskap gee van die metodes van ondersoek. Die metodologiese resultate gee tegelykertyd belangrike verklaringsgronde, met betrekking tot groepsmotiverings, maar die uit=

eindelike maatreëls wat volg op die insigte deur die tendense ondersoeke verkry, sal in die eerste plek andragogies-pedagogies tot ingryping ontleed moet kan word.

Hierdie ontledings lê egter gekoppel aan betekening, singewing, bekleuring, toevoe= ging, toekenning, besegging en evaluering. (Vergelyk verder in hierdie verband Boden= stein (1979:26) en Oberholzer (1968:241). Die metode moet dus ontsluitend van die ver= borge of onbekende veld wees; dit moet feite ter sprake bring en essensies beskryf, uitlê en benoem en evalueer.

Die bestudering van die fenomeen vereis ver= der van die wetenskapper 'n vierdelige modus operandi wat eerstens verdeel in die afbake= ning van die terrein, tweedens die omvang van die ondersoek bepaal, derdens die bena= deringswyse voorskryf en laastens deur die ondersoekmetode realiseer. As ontsluitings= middel moet die metode wat deur die andrago= gieker/pedagogieker gebruik word saakgerig wees want klaring van die synstrukture kan alleenlik geldig wees indien dit evaluering, benoeming en uitleg op 'n wetenskaplike basis kan oorleef.

Om hierdie genoemde redes is in hierdie stu= die van die wetenskaplik-historiese en feno= menologiese metodes gebruik gemaak.

1.4.1 Wetenskaplik-historiese metode

Dit kan gestel word dat elke histo= risiteit, dit wil sê, elke mens, in=

stansie, volk of gebeurtenis se verlede, hede en toekoms 'n geskiedenis het in soverre dat die historie hom uitstrek oor die ganse verlede (Swanepoel 1975:22).

Die verlede op sigself het nie beteke= nis in die tyd waarin dit sogenaamd voltrek is nie, maar het nou in die hede betekenis (Van den Berg 1962:78).

In die historiese-pedagogiese evalue= ring spreek dit dus van self dat ook hierdie te verwese historiese momente van die objek soos in die titel aange= dui, historiese-sosiologiese aandui= dings bevat omdat dit veranderinge in die onderwysgeskiedenis beïnvloed het.

Die wetenskaplik-historiese metode wat in hierdie studie gebruik is, het hoof= saaklik bygedra dat die ondersoek sorg= vuldig, diepgaande en wetenskaplik uit= gevoer kon word. Dokumentering en aan= bieding het na uitgebreide historiese navorsing gevolg. Feite is versamel, ondersoek, geselekteer, geverifiëer, geklassifiseer en opgeteken volgens spesifieke en aanvaarbare standaarde sodat dit die toets van 'n kritiese en wetenskaplike kontrole kan deurstaan.

Versameling van gegewens het tweërlei plaasgevind:

Primêre Bronne:

: Dit sluit onder andere verhande=linge, proefskrifte, tydskrifartikels, geskrifte en verslae in. Verder is daar mondelinge getuie=nis veral ten opsigte van die na=vorsing in Skotland, Engeland en Wallis gebruik waarvan skrywer bandopnames ter stawing besit.

Sekondêre bronne:

: Hierdie bronne is hoofsaaklik van verskillende biblioteke bekom. Be=sondere hulp is ook ontvang van die Transvaalse Onderwysersvereniging en die S.A.O.R.

Die versamelde materiaal is onderwerp aan eksterne en interne kritiek wat toegepas is om die outensiteit van die materiaal te toets.

Alhoewel die gesag van die verlede as prioriteit gestel is, is die speling in die eksistensiële vryheid by die implisiete en eksplisiete doelstelling voorbehou. In die bevindinge is daar gewaak teen oorvereenvoudiging maar daar is gepoog om die historiese oor=dele, tegnieke en werktuie histories-wetenskaplik verantwoordbaar te be=heer. Daarom is dit ook nodig om die fenomenologiese metode bykomend tot die wetenskaplik-historiese metode aan te wend.

### 1.4.2 Die Fenomenologiese metode

Die fenomenologiese werkwyse word in die onderhawige geskrif gevolg omdat dit gerig is op die verwoording as onthulling van die fundamentele ver= houdelikheid self (Viljoen 1968:11). Dit is die metode of weg wat die on= dersoeker volg om die wesenskenmerke van 'n bepaalde verskynsel te ontdek, te verwoord en tot spreke te bring soos dit in homself werklik is.

Volgens Van Rensburg (1981:47) is die fenomenoloog iemand wat toelaat dat die werklikheid homself beskryf en uitlê soos wat daardie werklikheid dit sou doen as hy kon.

In die fenomenologie kan die finale doel van die beskrywing en uitleg alleenlik bereik word indien daar 'n deurskouing van die werklikheid tot in sy diepste synsgronde plaasvind om sodoende die essensiële, univer= sele of radikale raak te sien en te evalueer.

Anders as met die fenomenografiese beskouing wat slegs die onkritiese neerskrywe van sigbare kenmerke van wat die andragogiese/pedagogiese ver= skynsels behels, beskryf die fenome= nologie werklik-essensiële kenmerke van die andragogies/pedagogiese ver= skynsels as andragogies/pedagogiese fenomene. (Vergelyk Van Rensburg 1981:46). Daarom verdedig die metode

nie een standpunt teenoor die ander nie, maar handhaaf en waarborg dit 'n openheid van die wetenskaplike gesprek (Kruger 1979:15).

Edmund Husserl (1859 - 1938), 'n Duits-Joodse wysgeer word as die grondlegger van die fenomenologiese metode beskou. Vir hom was dit noodsaaklik dat hy volgens 'n streng wetenskaplike metode, verantwoordbaar soos in die veld van die matematiese, te werk moes kon gaan. 'n Vaste uitgangspunt en metode moes 'n onweerlegbare hoeksteen van die metode vorm.

> "Hy wou nie sy vertrekpunt in en vanuit 'n vooringenome standpunt, hipotetiese eksplikasie of oorge=lewerde teorie neem nie, maar in dit wat eerste, laagste en hoogste selfevidensie beliggaam ...." (Oberholzer 1968:234).

Die Griekse woord "Phainomenon" (ver=skynsel) is afgelei van die werkwoord "Phainestai" wat "homself toon" bete=ken met ander woorde, soos dit in homself is. Die uitgang "-logie" stam uit die woord "logos" wat meto=dies, openbaarmaking of geordende ont=hulling beteken. Die woord "Phainomai" dra die betekenis van: ek verskyn of vertoon my; en "legoo": ek spreek of ek laat hoor.

Om dus as wetenskapper fenomenologies te werk te gaan, hou 'n suiwer onbevoor=

oordeelde skou op die fenomeen na. (Griessel 1976:33 - 36).

Samevattend volg die konklusie dat die fenomenologie hom grondves op 'n gesistematiseerde denkstapproses wat uiting gee in:

: voorlopige aparte bestudering van die lewensopvatting

: skeiding van essensiële en nie-essensiële

: gesprekvoering met ander beoefenaars

: literatuurstudie

: kontradiksie

: hermeneutiese vraagstelling

: katagoriale verwoording

: onderlinge verbandlegging

: wek-van-lewe handeling

: benoeming van essensies en probleemformulering (Burger 1983:16).

## 1.5 PROBLEEMFORMULERING EN PROGRAMAANKONDIGING

Daar is gepoog om in die onderhawige oriënteringshoofstuk aan te dui dat hierdie monografie handel oor die historiese verloop van die instelling van 'n professionele on=

derwysersraad vir blankes in die R.S.A.

In die ontleding is die mening gehuldig dat die genoemde raad 'n deel van die totale an=dragogies/pedagogiese somtotaal van die op=voeder-opvoeding-opvoedeling-situasie vorm. Van die fragmentariese raadplegings in die totale andragogies/pedagogiese gebeure het die instelling van die S.A.O.R. dit die status van vennoot met deelseggenskap in die opvoedingsopset laat verkry.

Die feit dat in die tydperk voor die instel=ling van die Raad die georganiseerde onder=wysprofessie slegs lukraak sektoriese raad=gewings aan die owerhede, sonder statutêre waarborge van medeseggenskap toegelaat is, het die behoefte na 'n erkende mondstukvorm laat toeneem. In die soeke na medeseggen=skap moes die leemtes in die bestaande kom=munikasiestelsel tussen owerheid en werkne=mer uitgeskakel word, maar ook 'n aanvaarbare alternatief daargestel word. Die instel=ling van die S.A.O.R. moes hierdie funksie vervul. Meer nog: Die S.A.O.R. moes orde=nend ten opsigte van die lede van die pro=fessie optree maar tegelykertyd ook status=verhogende, aanvaarbare norme vir die alge=mene publiek ten opsigte van die onderwys aanbied.

'n Onderwysprofessie wat mank gaan aan toe=reikende beheer oor sy lede, skep 'n dissi=plinelose beeld na buite. Desgevolgs tree ontoereikende onderwys na vore wat 'n ver=trouelose situasie tussen die opvoedings=vennote enersyds en 'n gemeenskapswaardering

andersyds skep. So 'n situasie skep 'n statusnood wat alleenlik reggestel kan word deur die instelling van 'n onpartydige liggaam soos die S.A.O.R. Hierdeur moes die totale spektrum van die andragogies/pedagogiese wat alle deelnemende opvoedingsvennote insluit, tot 'n algemeen-instemmende vennootskap saamgebind word, sodat wedersydse respektevolle vertroue geskep kan word. Die verwerkliking van die besinningsdoel van die S.A.O.R. is dus onderhewig aan die aanvaarding en erkenning van beginsels van andragogiese en pedagogiese prioriteite.

In aansluiting by die oriënteringshoofstuk sal daar in hoofstuk twee gepoog word om die relevasie tussen die begrippe "onderwys" en "professie" aan te dui. Beskouinge van ander navorsers as sou die onderwys as 'n professie geklassifiseer kan word al dan nie, is van kardinale belang. 'n Beroepsraad of in hierdie geval 'n Onderwysersraad, het alleen 'n bestaansreg indien daar bevind word dat die onderwys wel aan die vereistes van 'n professie voldoen. Daar sal dus 'n kenmerkmeting moet plaasvind. Ontledings van die professionele vereistes soos wat dit in ander erkende professies bestaan, sal stap vir stap op die onderwys van toepassing gemaak moet word.

Samevallend hiermee sal die motiverings van die vertoë van die onderwys as sulks in perspektief gestel moet word met die oog op uiteindelike evaluering.

In hoofstuk drie sal die klem op die historiese aanloop tot die instelling van 'n

Onderwysersraad in Skotland val. Omdat dit die eerste land was waar daar 'n professionele Onderwysersraad ingestel is, is dit nodig om die groeipyne tot die uiteindelike daarstelling van die Skotse Raad te ontleed. Verder sal die ondersoeke wat in Engeland en Wallis ten opsigte van die instelling van 'n soortgelyke Raad aldaar, bestudeer en ontleed moet word met die oog op 'n vergelyking met die instelling van die S.A.O.R.

In hoofstuk vier word 'n historiese terugblik gewerp op die instelling van die Onderwysersraad in Suid-Afrika. In hierdie teruggryping na die verlede-gebeurtenis sal die historiese delwing op tweërlei wyse aangebied word: Alhoewel die verskillende onderwysersverenigings uit die aard van die saak die grootste betogers vir die instelling van die Onderwysersraad was, is daar egter ook uit verskillende ander oorde op die dringende noodsaaklikheid van die daarstelling van die professionele raad gewys.

In die slothoofstuk word die instelling van die S.A.O.R. as die verwesenliking van die ideaal gesien. Insgelyks sal die andragogies/pedagogiese beïnvloeding van die ingestelde Raad in sy totale opset geëvalueer word. Voorts kan die eerste probleemstelling van naderby bekyk word.

## 1.6 EERSTE PROBLEEMSTELLING

In die eerste hoofstuk is daar gepoog om die leser te oriënteer ten opsigte van die studietema, begripsverheldering en werkwyse wat

gevolg sal word. Dit is egter eerstens van belang om antwoorde op die volgende vrae te verkry:

: Wat is 'n professie?

: Wat is die motiewe vir die ontstaan en ontwikkeling van professies?

: Waarom word professionele verenigings gevorm?

: Wat is die basiese kenmerke van 'n professie?

: Is die onderwys 'n professie?

HOOFSTUK 2

# 2. ERKENNINGSKRITERIA AS PROFESSIONELE ESSENSIE IN DIE ANDRAGOGIES-PEDAGOGIESE BESINNING OOR DIE AGEINSOPGAWE

## 2.1 INLEIDENDE TERUGSKOU

In die terugskouing na die inhoud en strek= king van die vorige hoofstuk is daarop gewys dat die sentrale tema in hierdie studie oor die historiese-instelling van die S.A.O.R. vir Blankes handel.

Daar moet egter op gelet word dat die andra= gogiese verantwoordelikheid in die ontslui= ting van hierdie besondere pedagogiese tota= liteit alleenlik aksioties kan wees indien, soos in die eerste hoofstuk gestel, regule= rende relasies van die ageinsopgawe as 'n aanvaarde norm geheelomvattend kan aktuali= seer en ook deur alle belanghebbende instan= sies gerespekteer word. Omdat die S.A.O.R. dus aan andragogiese gedrag gekoppel word, is dit nodig om oor die regulatoriese kom= ponente waarin dit gesitueerd is, te besin. (Vergelyk Van Schalkwyk 1981:Hoofstuk 3). Daarom ondersoek die skrywer in hierdie hoofstuk die wetenskaplik-gelewerde bedinking ten opsigte van erkennings-kriteria en word die ondersoek na die andragogies-pedagogiese relevasie tussen onderwys en professie gelei.

Dit is egter vanselfsprekend dat die norma= tiewe van 'n andragogiese ooreenkoms tussen die lede van die onderwyserskorps toerei= kende begryping van die groepseise moet hê. Nie-begryping sal maklik kan lei tot onpro=

fessionele gedrag aan die een kant waarteen= oor 'n deeglike begryping aan die ander kant professionaliteit sal verskerp. Hierdie begryping van die professionaliteitsbeginsel langs al die weë wat daarvoor beskikbaar is, maak dit nodig dat daar eers 'n etimologiese ontleding van die ontsluitingsbegrippe sal plaasvind.

## 2.2 VERDERE BEGRIPSVERHELDERING

### 2.2.1 Professionele

Die woord professie is afgelei van die Latynse woord profeteor wat die bete= kenis het van:

: "a public teacher, one who makes instruction in any branch" (A Latin Dictionary).

In die Nederlands beteken dit 'n le= raar aan 'n universiteit- of "hoge= school", wat beskou word as 'n geleerde persoon wat uitblink in sy vak. (Woordenboek der Nederlandsche Taal). Professie word op Engels, Frans en Latyns identies geskryf, naamlik pro= fession. Volgens die Engelse woorde= boek is die betekenis hier soos volg:

: "The occupation one professes to be skilled in and to. A vocation in which a professes knowledge or some department of learning or science is used in its application to the affairs of others or in the

practice of art founded specifi= cally to the three learned pro= fessions of law, medicine and di= vinity" (Oxford Dictionary).

Tauney verbreed die betekenis van professie deur daarna te verwys as:

: "most simply a trade which is or= ganized, incompletely, for the performance of function" (Tauney 1920:1021, 2).

Hoyle is die volgende mening toege= daan:

: "The term profession is the symbol for desired conception of one's work and hence of one's self. The term profession is less analytic than symbolic, and represents the rights and priviliges which an occupation desires for itself and also the social service which it offers" (Hoyle 1969:93).

Een van die mees aangehaalde defini= sies van 'n professie word deur Blackington gegee. Daarvolgens is die professie meer as net die som van sy onderdele:

: "They are groups of people with common goals who have attempted to institutionalize or systimatizise their patterns of behaviour. All professions attempt to establish

a standard of behaviour."
(Blackington 1968:16).

### 2.2.2 Beroep en professie

'n Beroep is 'n werksgroep. Vir die arbeid wat verrig word, word sekere werksvoordele wat hoofsaaklik mate= rieel van aard is, ontvang. Binne hierdie beroepsgroep is daar sekere differensiëringe en sal uit die aard van die saak moontlik deur baie per= sone eerder as 'n professie as 'n be= roep gesien word (Pitout 1984:7).

Daarteenoor is 'n professie nie 'n unie of 'n vakbond nie. Professionele etiek fokus op hoër waardes soos opoffering in plaas van selfstandige belange van persoonlike aard. (Van der Merwe 1976:131). Die essensie van profes= sionaliteit soos dit hier verskyn is die opneem van besondere verantwoor= delikheid.

## 2.3 MOTIEWE VIR DIE ONTSTAAN VAN PROFESSIONELE VERENIGINGS

Dit is vandag gebruiklik dat meer en meer groepe in die samelewing op uniekheid in 'n besondere beroepsveld aanspraak maak. Vir die algemene publiek lewer dit probleme op in diê sin dat die term professie wat deur die groepe gebruik word, 'n baie wye konnota= sie het. As daar enigsins 'n verenigde doel= stelling in die basiese bestaansdienste van die groep aanwesig is, word daarna as 'n so=

genaamde professie verwys. Die vraag kan nou gestel word of enige groep mense wat 'n gesamentlike poging aanwend of dieselfde werk verrig, op professionele status aan= spraak mag maak. Om 'n antwoord hierop te verkry, moet die probleem vanuit 'n twee= ledige oogpunt benader word. Daar word mettertyd 'n vertrouensverhouding by die breë publiek opgebou. Die aanspraakmakende groep moet dan bewys dat die besondere ge= spesialiseerde veld, kennis verg wat alleen= lik deur die besondere kennisdomein geïn= terpreteer kan word en dat dit te gevorderd vir die bemeesteringsvermoë van die massa is. Tweedens vereis die publiek as 'n teen= prestasie dat die vertrouensgroep bewys moet lewer dat die voorreg van outonomie tot voordeel van die publiek gebruik sal word. (Blackington 1968:13).

Mettertyd het daar dus besondere kriteria ontwikkel waaraan die sogenaamde professies meetbaar gemaak word. Voordat die kriteria tot essensies verhef kan word moet die ont= wikkelingslyn wat professionalisme gevolg het egter eers oorsigtelik nagegaan word.

## 2.4 PROFESSIONELE ONTWIKKELINGSLYN

Die term professie soos dit vandag in die alledaagse gebruiks-betekenis voorkom, was nie in die vroeë dae bekend nie. Groeps= vorming het slegs in die uiterste gevalle voorgekom. Die eerste drie klassieke pro=

fessies, te wete teologie, wet en medisyne is wel beoefen maar daar was geen georgani= seerde eenheidsoptrede of samebindende fak= tore wat hierdie groepe verenig het nie. Dit was dus meer gesubstitueerde optrede van die een vir die ander. Die medikus se enigste opleiding was praktiese kennis wat hy onder leiding van iemand anders wat ook nie besondere opleiding gehad het nie, op= gedoen het; gewoonlik 'n betroubare slaaf. (Stinnet 1962:5).

Gedurende die Middeleeue het daar egter 'n verandering ingetree en sekere professionele dienste is deur klerikales of deur lede van sekere gildes gelewer. Onder die invloed van hierdie gildes het die eerste universi= teite ontstaan wat dan ook die eerste on= derrig op hierdie gebiede gelewer het. Al= hoewel nog onder die invloed van die kerk het hierdie inrigtings uit vier fakulteite bestaan naamlik teologie, wet, medisyne en die skone kunste. Geleidelik het hierdie professies hulle van die uiterste gesag van die kerk losgemaak en hulle eie organisasies gestig wat vir die besondere opleiding ge= sorg het. So is daar reeds al in 1518 die ROYAL COLLEGE OF SURGEONS gestig. (Stinnet 1962:5).

Teen die einde van die sestiende eeu het die professies sekulêr geraak en hulle eie seku= lêre gildes gevorm. Die onderwys het steeds onder die gesag van die kerk gebly. Vanaf die agtiende eeu is teologie, wet en medisyne as volwaardige professies erken.

Hierdie aanvanklike professionele status was gereken as die prerogatief van die vooraan=staandes en alle beoefenaars van die erkende professies is nie noodwendig as professio=neel erken nie. Na die Industriële Rewolu=sie het die behoefte aan spesialisasie egter so toegeneem, dat die klem vanaf die alge=mene konnotasie verskuif het na die vaardig=heid op die besondere gebied en het die pro=fessionele verenigings 'n forum van spesiali=sasie geword. Motivering vir die vorming van hierdie verenigings het vervolgens sterk na vore getree.

## 2.5 MOTIEWE VIR DIE VORMING VAN DIE PROFESSIO=NELE VERENIGINGS

Volgens Carr-Saunders (1933:287) is daar hoofsaaklik vier hoofredes wat tot die vorming van professionele verenigings gelei het:

: Dit was 'n middel tot onderskeiding tussen die gekwalifiseerdes en ongekwalifiseerdes. Die vereniging moes dus jaloers en besker=mend optree vir diegene wat oor die beson=dere vaardighede beskik het. Omdat daar oral in die wêreld diegene is wat voorgee om te wees wat hulle nie is nie, is dit nodig om aan die publiek iets beskermends te gee waarmee die onderskeiding bevestig kon word. 'n Vereniging word dan gestig waaraan slegs lede wat oor 'n vaardigheids=minimum beskik, lidmaatskap mag bekom.

: Dit moes dien as waarborg van die etiese standaarde en die vertrouensposisie be=

skerm. Omdat die professie in 'n diens= vaardige en vertrouensposisie met die pu= bliek moet verkeer, moes die vereniging 'n afdwingbare wakende oog oor die optrede van die individuele lede kon hou. Al= hoewel dit uiters moeilik kan wees om die minderdoeltreffendes uit die beroep te weer, moes die publiek weet dat die hoë standaarde en etiese kodes maksimale be= skerming aan hulle sal bied.

: Dit moes as statusverhoger van die groep ageer. In die erkenningstryd verleen die stigting van die professionele vereniging 'n forum waardeur 'n uniekheidsalleenreg aan die publiek verkoop kon word. Bepa= lende keuring- en opleidingsvereistes sou die waardasie in die publieke oë rig.

: Die verdere motivering vir die vorming van professionele verenigings moes berus op die diepte van die spesialiteitsveld. Die vaardigheidsvlym moes so skerp wees dat die ongekwalifiseerdes weens hul onbe= kwaamhede toetrede geweier sou word.

Waar daar in die eerste gedeelte van hierdie hoofstuk besin is oor die professionele kon= sep met die gepaardgaande uitspruitings is dit nou nodig om aandag te skenk aan die kriteria wat essensiëel en bepalend tot die erkenningsveld optree.

## 2.6 NORMIDENTIFISERENDE ESSENSIES

Die sal nodig wees om in die onderhawige

paragrawe die werklikheidsgebeure tot deur=skouing te voer tot 'n modus waar andragogiese essensies toeligtend tot die professionele konsep verifiëerbaar is. Ontledende bedink=ing en katagorisering op die bewyslas van die professionele kriteria is deur navorsers, reeds in getal ongeteld, tot die been ge=kloof. Daarom word die algemeen aanvaarde, gegewe en geldende kriteria as essensies aanvaar, egter met die retrospektiewe gel=dingstoets as norm, sodat die funderingsop=lossing geëvalueer kan word.

Professionaliteitskriteria in die andrago=giese veld beslaan 'n gebied wat hermeneuties oopgevlek moet word. Daarom moet daar aan die hand van die te volgde kriteria, wat mutatis mutandis ook vir die van die andragogiese as napedagogiese, dit wil sê, normbegeleiding geld, tot uitligting van professionele essensies oorgegaan word. (Sien ook Bodenstein 1977:131).

Normidentifiserende strukture wat uitligtend tot hierdie professionele essensies meehelp, is die volgende:

## 2.7 PROFESSIONELE ESSENSIETABELLE

Die volgende verloopstrukture ten aansien van professionele essensies sal vervolgens bedink word:

: Bedrywigheidstrukture in unieke deskundige dienslewering

: Professionaliteit: Vertrouende instemming

: Gedragsgemoeide lewenskode

: Verantwoordelikheidsoutonomie

: Intellektuele, gespesialiseerde vaardigheid

: Progressiewe vakkundige verbreding

: Opleidingstydperk

: Lewensroeping

: Selfregerend en selfreëlend rakende beleid

: Status

| PROFESSIONELE ESSENSIES | KORT UITLEG |
|---|---|
| 2.7.1 Bedrywigheid= strukture in unieke des= kundige dienslewering. | Dit is gebaseer op die unieke gespesialiseerde kennis waar= oor die professionele persoon moet beskik; die alleenreg vir die beoefening van die besondere professies en moet aan almal beskikbaar wees. Prioriteit moet op deskun= dige dienslewering wees en die finansiële of materiële moet bysaak wees (Pitout 1984:13). Die unieke veld van kennis, vaardighede en gevorderde tegnieke lê in die kennisdomein van die be= sondere. (Report of the |

| PROFESSIONELE ESSENSIES | | KORT UITLEG |
|---|---|---|
| | | Classroom Teachers 1960:3 tot 24). Daarom vereis die unieke veld 'n hoogstaande intellektuele en deskundige interpretasie met die oog op bemeestering en toepassing. Noodsaaklikheid en besonderheid essensiëer hierdie professionaliteitskriterium. |
| | | Per definisie lewer professionele persone 'n unieke, essensiële en gespesialiseerde diens aan die gemeenskap - gewoonlik onontbeerlik van aard. |
| 2.7.2 | Professionaliteit: Vertrouende instemming: | Dit sluit aan by dienslewering, want op grond van gespesialiseerde kennis staan professionele persone in 'n vertrouensverhouding tot ander lede van die gemeenskap - die verhouding word dan ook gekenmerk deur professionele gesag in die lig waarvan daar beoordeel moet word (Pitout 1984:16). |
| | | Die besondere vertrouende instemming impliseer 'n gedragsonderwerping wat diagogies in werking tree. In |

| PROFESSIONELE ESSENSIES | KORT UITLEG |
|---|---|
| | die siening van Kellsall is die professionaliteitsbegin= sel so hoog dat: "... he never cheated his clients, behaved in a so= cially unacceptable manner, or hold his community to ransom ..." (Kellsall 1969:143). Per definisie word slegs professionele persone as vertrouende gesagsfigure in hulle onderlinge vak= gebiede beskou. |
| 2.7.3 Gedragsge= moeide le= wenskode | Die professie moet die stan= daard en gehalte van die professionele dienste aan die gemeenskap waarborg. Daarom word daar in die etiese gedragskode 'n ideale gedragswyse van die profes= sionele persoon, asook die fundamentele beginsels ra= kende verhoudings met alle partye, tussen diensleweraar en diensbehoewender sistema= ties en bindend vasgelê en vir beoordeling aangewend. Per definisie vorm dit die |

| PROFESSIONELE ESSENSIES | KORT UITLEG |
|---|---|
| | kern en basis van 'n persoon se moraliteit en integriteit rakende die modus operandi van professionaliteit. |
| 2.7.4 Verantwoor=delikheids=outonomie | Outonomie bring verantwoor=delikheid mee. Verantwoor=delikheid veronderstel 'n verpligting en dit bring mee dat lede van professies vry=heid van beslissings moet hê om dit tot voordeel van die individu of tot oplossing van die probleem aan te bied. Omrede groter professionele vryhede nog groter verant=woordelikhede meebring weens die intellektuele aard van die werk, kan professionele lede hulle eie besluite neem, maar met gepaardgaande eie verantwoordelikhede wat ten alle koste persoonlik aan=vaar moet word. By gebrek aan aanvaarding en onder=skrywing daarvan, stel die professionele beoefenaar hom bloot aan verwydering (Pitout 1984:16).<br><br>Daarteenoor beteken profes=sionaliteit die aanvaarding van verantwoordelikheid vir |

| PROFESSIONELE ESSENSIES | KORT UITLEG |
|---|---|
| | die vasstelling van bevoegd= heidsgrens vir sy lede. (Vergelyk Lieberman 1957:87).<br><br>Per definisie gaan alle pro= fessionele handelinge teen= oor die gemeenskap gepaard met 'n strenge sin van toe= gewyde verantwoordelikhede, wat op sigself die kern van 'n professie is. |
| 2.7.5 Intellektuele gespesiali= seerde vaar= digheid | In herkenning en erkenning tot professionele vlak, moet die intellektuele spesiali= sasie, eerder as net aange= leerde vaardigheid, die ba= sis wees vir probleemher= kenning, beredenering en inskikking. Daarom is in= tellektuele gespesialiseerde vakkundigheid van groot be= lang, want dit plaas die professionele persoon in 'n waardige en meerdere ver= wantskap rakende diegene wat van sy gespesialiseerde dien= ste gebruik wil maak (Pitout 1984:16). Koördinering van intellektuele kennis en vaardigheidstoepassings kul= mineer in die bemeestering van die professionele konsep. |

| PROFESSIONELE ESSENSIES | KORT UITLEG |
|---|---|
| | Daarom vereis betreding en bemeestering eers inten=siewe professionele vlak=kigheid wat sal pas by die vermeende professionele dienste wat gelewer moet word. Erkenning volg slegs as daar 'n bewussyn by die publiek bestaan dat die aard van die werk alleenlik deur persone wat intellektueel tot verhewe vlakkigheid ge=rig is, behartig kan word.. Kellsall (1969:146) stel dit so:<br><br>"The layman look with awe at the professional man, partly because the work he does is of a nature that ordinary people could not hope to attempt"<br><br><u>Per definisie skep die in=tellektuele benadering en die vakkundige sienswyse van die professionele per=soon rakende sy werk 'n ba=sis van vertroue en gerust=heid by die gemeenskap.</u> |
| 2.7.6 <u>Progressiewe vakkundige verbreding</u> | Sonder die progressiewe vak=kundige ontwikkeling op pro=fessionele gebied sal die |

| PROFESSIONELE ESSENSIES | KORT UITLEG |
|---|---|

samelewing onderworpe wees aan 'n verbrokkelingsgebeure wat degenererend negatief met wydspreidende gevolge sal wees. Voorbereiding moet op 'n progressiewe intensiewe vlak voortgesit word sodat tred gehou kan word met die uitbreidende behoeftes van die tyd. Omdat vakkundige verbreding een van die hoofhoekstene tot onderskeiding van 'n professie is, vanweë die feit dat dit vandag haas onmoontlik is om naastenby op hoogte van die snel groeiende kennisontploffing te kom, is dit 'n professionele verantwoordelikheid om die hoogste bekwaamheidsgraad te bereik. Doelgerigtheid en spesialisasie, soos vervat in die vakkundige verbreding en aangebied deur vakgerigte spesialiste, is 'n noodsaaklikheid en onontbeerlikheid as essensie van die professie.

Per definisie moet die professionele persoon in alle opsigte student bly rakende sy studiegebied want die ge=

| PROFESSIONELE ESSENSIES | KORT UITLEG |
|---|---|
| | meenskap vereis dit en dit verbeter die vertrouens= verhouding teenoor die pro= fessionele persoon (Pitout 1984:17). |
| 2.7.7 Opleidings= tydperk | Professionele vaardigheid is meer as net fisiese han= delinge. Vaardigheid word verkry deur intellektuele opleiding wat in 'n minimum voorgeskrewe tydperk ver= werf moet word. Hierdie opleidingstydperk word deur die meeste professies oor drie stadia verwerf.<br><br>Algemene opleiding is agter= grondsopleiding in alle pro= fessies. Dit word gewoonlik as algemene opleiding gedu= rende die eerste deel van die kursus aangebied.<br><br>Daarna volg gespesialiseerde opleiding waarin die lid praktiese beoefening moet bemeester.<br><br>Die laaste deel vorm die ruggraat van die profes= sionele opleiding. Hier word doelgerig en gespe= sialiseerd gerig op die |

| PROFESSIONELE ESSENSIES | KORT UITLEG |
|---|---|
| | spesifieke professie. |
| | Dus: die opleiding moet lank en gespesialiseerd wees met die klem op spesiale pro=fessionele vaardighede wat hoofsaaklik akademies ver=werf moet word. |
| | Per definisie moet profes=sionele persone gelykwaar=dige universiteitsopleiding kry. Hierdie opleiding moet spesifiek gerig wees vir el=ke individuele professie. |
| 2.7.8 Lewensroeping | Altruïstiese belewing, soos wat dit by die meeste pro=fessies voorkom, verbreed in die doelstelling tot le=wensroeping wat naas naaste=diens ook die permanentheid van die professionele lid=maatskap waarborg, mits die beoefenaar binne die aan=vaarde en neergelegde reëls hou. |
| | Per definisie sal die le=wenslange toegewyde beoefe=naar die professionele ide=aal onbevraagtekend en in beroepspermanentheid na=streef sonder persoonlike addendums. |

| <u>PROFESSIONELE ESSENSIES</u> | <u>KORT UITLEG</u> |
| --- | --- |
| 2.7.9 <u>Selfregerend en selfreë= lend rakende beleid</u> | ŉ Professionele beheerlig= gaam wat deur statutêre ge= sag daargestel word, be= skerm die integriteit van die beroep enersyds en die lede van die publiek ander= syds. Besondere regulato= riese funksies soos toela= tingsvereistes, rekrutering, keuring, dissipline en fi= nansies vorm die infrastruk= tuur. As uitvoerende mond= stuk dien dit as versprei= dingspunt van kennis en in= ligting, bied regshulp aan sy lede en is onderhandelaar in gedinge.<br><br><u>Per definisie is dit die professionele beheerliggaam wat na sy lede se belange omsien en wat alles veil het vir die betrokke professie</u>. |
| 2.7.10 <u>Status</u> | Professionele persone geniet gewoonlik hoë status vanweë hulle <u>gespesialiseerde kennis</u> en <u>deskundigheid</u> op hulle eie vakgebied en vakterreine. Persone se beroepstatus staan in verhouding tot die plek wat hulle besondere beroep in die hiërargie beklee. |

| PROFESSIONELE ESSENSIES | KORT UITLEG |
|---|---|
| | Hierdie hiërargiese trap word bepaal deur die pro= fessionele, akademiese, sosiale, persoonlike, eko= nomiese en burgerlike sta= tus van die individu. Daar= om word professionele status in totaliteit gekoppel aan die hoë graad van roepings= bewustheid waardeur diens aan die gemeenskap gelewer word ooreenkomstig bepaalde professionele kodes en open= baringe.<br><br>Per definisie is dit die tit= seltjie misterieusheid waar= oor professionele persone beskik en wat respek afdwing. |

2.8 TWEEDE PROBLEEMSTELLING

In die onderhawige hoofstuk is aandag aan die histories-andragogiese verkenning van die pro= fessionele essensies gewy.

In die fundering van die ageinsopset met be= trekking tot die andragogiese wisselwerking kan die tot dusver onverbreekte temporele horison van die verlede, hede en toekoms in die te ondersoekte historiese verloop van die studie alleenlik tot perspektiewelike sinvolheid gebring word indien die sinverle= nende gebeure elders in die wêreld tot eva=

luering gebring kan word.

Die vraag moet dus nou gevra word of die andragogiese belewenisse ten opsigte van die instelling en funksionering van 'n Onderwys=raad te ander lande riglynend bygedra het tot die daarstelling van 'n ondervindingryker Onderwysersraad in die R.S.A.

Gevolglik ag die skrywer van hierdie mono=grafie vir die wetenskaplike verloop van hierdie besinning dit gerade om in hoofstuk drie die ondersoek te verskuif na Skotland, Engeland en Wallis.

HOOFSTUK 3

## 3. 'N HISTORIESE AANLOOP TOT DIE INSTELLING EN FUNGERING VAN DIE GENERAL TEACHING COUNCIL IN SKOTLAND EN DIE DAAROPVOLGENDE ONDERSOEK TOT DIE MOONTLIKE INSTELLING VAN 'N ONDERWYSRAAD IN ENGELAND EN WALLIS*

### 3.1 INLEIDENDE GEGEWENS

Die betiteling van die onderhawige hoofstuk bevat die aankondiging dat 'n effektiewe afgrensing van die studieveld in Skotland plaasgevind het en daarna na Engeland en Wallis verskuif word.

In die histories-andragogiese besinning van die instelling van die S.A.O.R. tree die General Teaching Council (G.T.C.) in Skotland pertinent na vore omdat dit die eerste en enigste ander bestaande vergelykbare Onderwysraad in die wêreld was wat ondersoek kon word. Dit is dus van rigtinggewende belang dat die statutêre ontwikkelingslyn en implimentering van die G.T.C. van nader beskou moes word, omdat die S.A.O.R. wat daarna tot stand gekom het grootliks gebaseer is op die ervarings van die G.T.C.

---

* Dit was die voorreg van die skrywer om met onder andere 'n beurs van die Transvaalse Onderwysersvereniging in 1973 'n besoek aan Skotland, Engeland en Wallis te bring om die genoemde onderwerp van hierdie hoofstuk in die praktyk te ondersoek. Heelwat van die feite wat hier weergegee word berus dus op praktiese persoonlike waarneming. Ter stawing van die skriftelike weergawe, is bandopnames van die onderhoude en waarnemings opgeneem en in die besit van die skrywer.

Die G.T.C. in Skotland het 'n drieledige be= grondingstadia deurloop voordat die huidige Raad tot stand gekom het.

- In Junie 1963 is die "Report of the Com= mittee appointed by the Secretary of State for Scotland" onder voorsitterskap van Lord Wheatley ter tafel gelê. (Hier= die verslag staan bekend as die Wheatley= verslag en daar sal ook so daarna in die bronneverwysing verwys word.)

- Op aanbeveling van die genoemde verslag is daar in 1965 "The General Teaching Council for Scotland Act" gepromulgeer waardeur die Professionele Onderwysraad in Skotland statutêr ingestel is.

- Daar was egter haakplekke en die Minister van Onderwys het in 1969 die wet hersien onder die witskrif "Review of the Consti= tution and Functions of the G.T.C." (In die bronneverwysing sal daar slegs na "Review" verwys word).

Om dus 'n duidelike beeld van die daarstelling en fungering van die G.T.C. te verkry, moet die drie geskrifte onderskeidelik met mekaar in verband gebring word. Dit sal dus in sommige gevalle nodig wees om die drie kom= ponente afsonderlik ter beoordeling te bring voordat die finale vervlegting geëvalueer kan word. Vervolgens sal die doelstellings, samestelling en funksies van die Skotse Onderwysraad aan die hand van die relevante wet geëvalueer word.

## 3.2 DIE "GENERAL TEACHING COUNCIL"

### 3.2.1 Doelstelling (Vir S.A.O.R. kyk Bylae A:2 en S.A.O.R.-Handleiding 1984:5).

Die onmiddellike doelstelling van die Onderwysraad was om aan die onderwys=professie groter medeseggenskap in onderwyssake te gee. Met die daarstel=ling van die Onderwysraad vir Skotland het die professionele ideaal 'n statu=têre werklikheid geword met die uit=eindelike doelstelling soos volg: (Handbook 1968:1).

: "to keep under review standards of education, training and fitness to teach appropriate to persons ente=ring the teaching profession and to make to the Secretary of State from time to time such recommenda=tions with respect to these stan=dards as it thinks fit; and to make recommendations on such other matters (in the same field) as it thinks fit or as may be referred to it by the Secretary of State,

: to consider and make recommenda=tions to the Secretary of State on matters (others than renumera=tion and conditions of service) relating to the supply of teachers,

: to keep itself informed on the nature of instruction given in colleges of education and to un=dertake such other functions in

relation to them as may be assign= ed by the Secretary of State,

: to establish and keep a register containing the names, addresses and such qualifications and other particulars as may be prescribed of persons who are entitled to be registered and who apply in the prescribed manner,

: to determine whether any particular case under its Disciplinary powers regsitration is to be withdrawn or confused."

Om hierdie doelstellings te laat realiseer is dit nodig om eers na die samestelling van die daargestel= de Onderwysraad te kyk.

3.2.2 Samestelling van die Onderwysraad (G.T.C.) (Vir S.A.O.R. kyk Bylae A:4 en S.A.O.R.-Handleiding 1984:13).

Soos reeds voorheen gestel, was die instelling van die G.T.C. baanbrekers= werk omdat dit die eerste Onderwysraad ter wêreld was. Gevolglik was dit te verwagte dat besinning en herbesinning nodig sou wees. Tydens 'n besinning van die historiese ontwikkelingslyn en fungering van die G.T.C. moet daar dus 'n dwarskyk gelewer word na die progressiewe ontwikkelingslyn, wat via die Wheatleyverslag, die instelling van die wet en die uiteindelike her=

siening van die wet, geloop het.

Die Wheatleykommissie se aanbeveling ten opsigte van die samestelling van die G.T.C. was soos volg: (Teaching Profession in Scotland 1963:23)

Skool- en kollege personeel:

| | |
|---|---|
| Gesertifiseerde onderwysers wat diens doen in dagskole, verdere opleidingsentra en onderwyskolleges wat deur onderwysers gekies word .... | 21 lede |
| Gesertifiseerde onderwysers wat diens doen as prinsipale in onderwyskolleges en wat deur prinsipale gekies word | 4 lede |
| Die vereniging van direk= teurs van Onderwys ......... | 3 lede |
| Universiteite .............. | 4 lede |
| Sentrale liggame ........... | 2 lede |
| Lokale owerhede ............ | 4 lede |
| Deur die Staatsekretaris aangestel .................. | 6 lede |
| TOTAAL ..................... | 44 lede |

Die GENERAL TEACHING COUNCIL soos per wet in 1965 daargestel, het soos volg daar uitgesien:

Verkose lede:

| | |
|---|---|
| : vyf geregistreerde onder= wysers wat diens doen in onderwyskolleges, inslui= tende vier (maar nie meer as vier nie) prinsipale | 5 lede |
| : twee geregistreerde on= derwysers van verdere opleidingsentra (in= sluitende maar nie meer nie as een prinsipaal) | 2 lede |
| : nege geregistreerde on= derwysers in sekondêre skole, insluitende vyf (maar nie meer as vyf nie) hoofde | 9 lede |
| : nege geregistreerde on= derwysers van primêre skole, insluitende (maar nie meer as vyf nie) hoofde | 9 lede |

Genomineerde lede:

| | |
|---|---|
| : Vereniging van Direk= teurs van Onderwys | 3 lede |
| : Universiteite | 4 lede |
| : Sentrale liggame | 2 lede |
| : Streeksowerhede | 4 lede |

| | | |
|---|---|---|
| : | Kerk van Skotland | 1 lid |
| : | Roomskatolieke kerk | 1 lid |
| : | Staatssekretaris | 4 lede |
| TOTAAL | | 44 lede |

Die samestelling van die Onderwysraad het egter kritiek uitgelok en in 1969 is daar deur die Staatssekretaris be= sluit om die samestelling van die Onderwysraad te hersien. Die drie grootste onderwysersverenigings het veral twee besware gehad, naamlik dat die verteenwoordiging van onder= wysers anders as hoofonderwysers te klein was en tweedens dat die ver= houding van die aantal onderwysers teenoor die groottotaal te klein was.

In die "Review of the Constitution" (1969:15) is daar aanbeveel dat die proporsionele verhouding tussen die hoofde en onderwysers aangepas moet word.

Die Staatssekretaris was ten gunste van die verandering en het aanbeveel dat daar geen onderskeid tussen hoofde en assistente gemaak moes word nie. Die verteenwoordiging van die onder= wyskolleges moes egter, uit die aard van die belange wat die kolleges by onderwysersopleiding het, onveranderd gelaat word.

Na voorlegging van die tweede beswaar, naamlik die verhoudingsverteenwoordi= ging van gewone onderwysers ten opsigte van die totaal, is die Staatssekretaris die mening toegedaan dat die onderwy= sers wat deur hulle kollegas verkies word, in die meerderheid behoort te wees. Hy het dan ook aanbeveel dat die verteenwoordiging van die primêre en sekondêre onderwysers van nege lede na tien vermeerder moes word. Ter= selfdertyd het hy die lede deur hom aangewys van vier na drie verminder. Dit het meegebring dat die Onderwys= raad se ledetal van vier en veertig na vyf en veertig vermeerder is. (Review of the Constitition 1969:16).

Laastens het hy aanbeveel dat 'n per= soon wat in 'n sekere hoedanigheid tot die Onderwysraad verkies word, sy pos na verandering van omstandighede soos byvoorbeeld bevordering moes ontruim. Die persoon wat dan die meeste stemme naas die laaste verkose lid gekry het, sou dan aangestel word.

In die groeipynproses het die Staats= sekretaris in 1969 na die hersienings= verslag die volgende veranderings aan die samestelling van die Onderwysraad aangebring: (Review of the Constiti= tion 1969:13).

Na die finale aanpassings sien die Onderwysraad toe so daar uit:

: Ses en twintig lede van
die Onderwysraad soos
deur geregistreerde on=
derwysers verkies:

| | |
|---|---|
| Laerskole | 11 lede |
| Sekondêre skole | 11 lede |
| Verdere opleidingsentra | 3 lede |
| Opleidingskolleges | 1 lid |

: Vier aangewese lede deur
die rektore van oplei=
dingskolleges — 4 lede

: Skole wat staatshulp ont=
vang maar nie staatskole
is nie:

| | |
|---|---|
| Stedelike skole | 2 lede |
| Plattelandse skole | 2 lede |

| | |
|---|---|
| : Roomskatolieke kerk | 1 lid |
| : Kerk van Skotland | 1 lid |
| : Universiteite | 4 lede |
| : Sentrale institute | 2 lede |
| : Nominasies van Staats= sekretaris | 4 lede |
| TOTAAL | 46 lede |

Die Skotse Onderwysraad is verder ook in verskeie onderkomitees verdeel. Hierdie komitees is elkeen vir 'n be= sondere gebied verantwoordelik, maar hulle aanbevelings moet eers deur die volle Onderwysraad bekragtig word. Die volgende komitees is saamgestel: (Handbook 1968:6).

- Dissiplinêre komitee
- Komitee vir voorwaardelike toela= ting vir registrasie
- Finansies en algemene komitee
- Komitee vir verdere opleiding
- Komitee vir buitengewone toelating tot die register
- Komitee vir die voorsiening van onderwysers
- Komitee vir besoeke aan opleidings= kolleges

Gesien in die lig van moontlike belange= botsings wat ten opsigte van bogenoemde funksies tussen die G.T.C. en die ower= hede mag ontstaan, was dit dus nodig om spesiale aandag aan die onderlinge verhoudings te gee.

3.2.3 Verhouding tussen die Onderwysraad en Owerhede (Vir S.A.O.R. kyk Bylae A:10 en S.A.O.R.-Handleiding 1984:9)

Een van die belangrikste probleme waar= mee die Wheatleykommissie te doen gekry het, was die verhouding wat daar tussen die Onderwysraad en die Owerhede moet bestaan. Daar moes dus 'n metode gevind word waardeur die Onderwysraad die reg sou verkry om die toelatingsvereistes vir die toetrede tot die professie te bepaal, sonder om die voorsiening van genoegsame onderwysers volgens open= bare behoefte, in die wiele te ry.
Die opvoeding van die jeug is en bly die finale verantwoordelikheid van die regering en daarom het die Wheatley=

kommissie aanbeveel dat:

> "... The State Secretary must retain a say in matters concerning the standards of entry to teaching trai= ning ..." (The Teaching Profession in Scotland 1963:8).

Daar kon nie van die Staatssekretaris verwag word om die aanspreeklikheid van die onderwys in die Parlement te aanvaar, maar geen seggenskap tot die toetrede tot die professie te hê nie.

Die Kommissie moes dus ŉ oplossing vind om die aspirasies van die Onder= wysraad om seggenskap oor die toela= tingsvereistes te verkry, met die verantwoordelikheid van die Staats= sekretaris aan die Parlement te oor= brug. (The Teaching Profession 1963:8 par. 102).

Omdat die toelatingsvereistes tydens die ondersoek van die Wheatleykommis= sie uitsluitlik deur die Staatssekre= taris bepaal is, was hul bevinding dat die onderwysers skepties gestaan het teenoor veranderinge wat van owerheidsweë aangebring is. Daar is wel geleentheid aan die onderwyspro= fessie gegee om aanbevelings dienoor= eenkomstig te maak, maar dit was on= derhewig aan die vooroordeel van die onderwysprofessie dat die besluite van die Onderwysowerhede reeds geneem is en dus van owerheidsweë op die professie afgedwing word.

Daarom beveel die kommissie aan dat daar 'n ommeswaai in die prosedure moes plaasvind. Die verantwoordelike Onderwysraad moes die aanbevelings aan die Staatssekretaris maak (The Teaching Profession 1963:32 par. 103). Die Kommissie het nie veel verskille wat uit die voorgaande kon ontstaan voorsien nie, maar indien daar ver= skille na vore sou tree moes daar van die negatiewe of positiewe resolusie-prosedure gebruik gemaak word. In eersgenoemde geval sou die regulasies in die wet vasgelê word, tensy dit binne veertig dae deur albei huise van die Parlement by wyse van reso= lusie afgekeur word.

Om egter te verseker dat die publieke opinie geleentheid gegee word om hulle standpunt te stel, kon van die posi= tiewe resolusie-prosedure gebruik ge= maak word. In hierdie geval moes die bepaalde minister die saak ten minste twee keer in albei die huise van die parlement bespreek.

In die Wet van 1969 is die aanbeve= ling van die positiewe resolusie-prosedure egter verwerp omdat dit die Parlement verantwoordelik sou maak aan 'n liggaam buite die politiek en verder sou bepaal hoe die belasting= betaler se geld aangewend moes word. Omdat die hele kwessie gesentreer het om die feit om die Staatssekreta= ris te verplig om sy redes vir die

verskil met die Onderwysraad bekend te maak, het die Staatssekretaris die prosedure soos volg gewysig: Wanneer die Staatssekretaris 'n wysiging wou aanbring, moes hy voor publikasie die Onderwysraad raadpleeg. Indien Staats=sekretaris nie die Onderwysraad se aan=bevelings wou aanvaar nie, moes hy 'n verklaring publiseer waarin hy die Onderwysraad se standpunt uiteensit en ook sy redes vir weiering (Review 1969:13).

In die hersiening van die Onderwysraad in 1969 was die grootste kritiek oor die onderlinge verhouding tussen die Onderwysraad en die Staatssekretaris asmede die prosedure wat gevolg moes word in die geval van verskille tus=sen die twee instansies. Die Staats=sekretaris was egter van mening dat dieselfde besware van 1965 nog geld. Die prosedure soos in die wet van 1965 vasgelê, sou dus geldend bly om=dat verdeelde verantwoordelikheid slegs goeie gesindhede sou benadeel. (Review 1969:16).

3.2.4 Registrasie van onderwysers (Vir S.A.O.R. kyk bylae A:15 en S.A.O.R.-Handleiding 1984:7).

Die Wheatley-verslag het daarop gewys dat registrasie een van die eerste en belangrikste kenmerke van die erkende professies is. Toelating tot die be=oefening van 'n erkende professie word deur 'n sentrale liggaam beheer. In

die onderwys het daar nie so 'n liggaam bestaan nie en toelating word deur om=standighede bepaal. Alhoewel die Staatssekretaris onderwysers bevoeg sertifiseer, word daar dikwels van ongekwalifiseerde persone gebruik ge=maak. Daar het ook nie 'n doeltref=fende register van gekwalifiseerde onderwysers bestaan nie. Die lêers wat deur die Onderwysdepartement ge=hou is, het name van persone wat op verskillende vlakke met die onderwys gemoeid is bevat en dikwels ook die name van persone wat geheel en al van die onderwys weggebreek het. Daar word dus aanbeveel dat 'n regis=ter daargestel word. (The Teaching Profession 1963:38 par. 120).

Verder het die Kommissie aanbeveel dat die sertifisering van onderwysers deur die betrokke Onderwysraad gedoen moes word. Dit sluit ook voorwaarde=like toelating tot die beroep in.

Verder is daar voorgestel dat 'n tyd=perk van 'n voorwaardelike proeftyd=perk, soos in die verlede, behou moes word. Daar was gedurende die ondersoek oorweldigende steun hiervoor omdat dit van onskatbare waarde vir die pasgekwalifiseerde onderwyser dien. Alleenlik na die voltooiing van die proeftydperk word die finale sertifikaat aan die onderwyser toe=geken. Omdat die skoolhoofde werkne=mers van die staat is, word aanbeveel

dat die inspekteurs van die Staats=
sekretaris hierdie finale inspeksie
moes doen. Hulle bevindinge word
dan direk aan die Onderwysraad gestuur
wat dan op hulle aanbevelings handel.

Die onderwyskolleges moes nou nie meer
die name van suksesvolle studente aan
die Staatssekretaris stuur nie, maar
die Onderwysraad moes dienooreenkom=
stig die sertifikate uitreik. Na ver=
loop van die twee jaar proeftydperk
word die finale sertifikaat uitgereik.
Die Onderwysraad moes dan die Onder=
wysowerhede in kennis stel van die
suksesvolle applikante sodat die de=
partement 'n verwysingnommer aan hulle
kon toeken.

Vervolgens kom die Wheatley-verslag
tot die gevolgtrekking dat dit sinne=
loos sou wees om onderwysers te regi=
streer indien daar voortgegaan word
om ongekwalifiseerdes met dieselfde
voordele as gekwalifiseerdes in die
onderwys toe te laat. Daar is dus
aanbeveel dat ongekwalifiseerdes die
voordele van geregistreerde onderwy=
sers ontsê moes word.

'n Verdere aanbeveling was dat die
voorwaardelike toelating tot die on=
derwys vanaf die Skotse Raad vir die
Opleiding van Onderwysers na die voor=
gestelde Onderwysraad oorgedra moes
word. 'n Belangrike aanbeveling was
dat die besluite van die Onderwysraad

in die verband finaal moes wees met geen voorsiening vir enige soort ap=pél nie. The Teaching Act (Scotland) 1965 het hierdie aanbevelings van die Wheatley-verslag aanvaar en die reg tot sertifisering aan die Onderwys=raad oorgedra. Verder is daar verwag dat die Onderwysraad 'n register daar moes stel en die voorwaardes vir re=gistrasie voorskryf. Verder het die wet bepaal dat elke onderwyser self vir registrasie aansoek moes doen en dat die Onderwysraad die bevoegdheid moes hê om 'n inskrywingsfooi te eis. Verder sou die Onderwysraad ook die mag hê om 'n persoon se naam van die register te skrap. Laastens is die gesag tot voorwaardelike toelating ook aan die Onderwysraad opgedra. (Review 1969:12).

In die hersiening van die funksies van die Onderwysraad is daar gevind dat registrasie van onderwysers heel=wat probleme opgelewer het. Die be=langrikste was:

= Heelwat onderwysers het nagelaat om te registreer omdat hulle nie met die samestelling van die On=derwysraad tevrede was nie. Ver=der was hulle ontevrede omdat hulle reeds deur die Staatssekretaris voor 1968 as opgelei gesertifiseer was en nou weer om registrasie aansoek moes doen en boonop 'n fooi moes be=taal.

= Sommige owerhede was gewoond aan die feit dat permanente gesertifi=seerde onderwysers die alfa en die omega van die onderwys was. Hulle het dit moeilik gevind om die nuwe vorm van registrasie te aanvaar. Gevolglik het hulle alleenlik op bewys van registrasie aanstellings gemaak wat aanvanklik ontevreden=heid by die onderwysers veroorsaak het.

= Derdens was daar 'n groep onderwy=sers wat, met die wete dat daar nie in die beginstadium onmiddellik teen hulle opgetree sou word nie, versuim het om te registreer, met die gevolg dat die samestelling van die register baie vertraag is.

Gedurende die hersiengsondersoek was dit duidelik dat die invordering van registrasiefooi as een van die groot leemtes aangevoel is. Tog het 24 van die 25 liggame wat by die onder=soek betrek is, steeds aanbeveel dat die fooi jaarliks ingevorder moes word. Slegs een groep het 'n eenma=lige fooi voorgestel.

Omdat registrasie vir permanente aan=stelling 'n voorvereiste was, was die enigste voor die hand liggende oplos=sing om die registrasiefooi direk van die salaris af te trek.

In Omsendbrief elf van die Onderwys=

raad van Skotland het die volgende aankondiging verskyn:

: Indien 'n onderwyser op 1 April 1971 in diens van 'n primêre, sekondêre of private skool onder die gesag van die Onderwysowerheid was, sou die registrasiefooi van die April=salaris afgetrek word.

: Indien die onderwyser nie onder die eerste groep geval het nie, sou daar 'n rekening aan hom ge=stuur word.

: Indien die onderwyser op 1 April reeds die ouderdom van 65 jaar be=reik het en nie onder die eerste groep val nie, sou die fooi van die salaris afgetrek word, maar onmiddellik deur die Onderwysraad aan hom terug betaal word.

Funksionele implimentering en uit=voering van die voorgaande stel as vereiste 'n volledige datastelsel. Spreekwoordelik is die ketting net so sterk soos die swakste skakel en daarom vereis die praktiese impli=mentering die volgende volledige en allesomvattende gegewens.

3.2.5 Praktiese implimentering van registra=sie (Vir S.A.O.R. kyk S.A.O.R.-Hand=leiding 1984:39)

Die volgende gegewens ten opsigte van

elke persoon wat om registrasie aan=
soek doen, moes verskaf word:

Van
Nooiensvan (waar van toepassing)
Voorname
Adres
Geboortedatum
Dienskategorie (Laerskool, Hoërskool, ens.)
Werkgewer
Registrasienommer
Datum van registrasie
Tipe registrasie
Verwysingsnommer (van werkgewer)

3.2.5.1 Aansoek om registrasie (Vir S.A.O.R. kyk S.A.O.R.-Hand=leiding 1984:41)

Alle aansoeke moes op die kor=rekte voorgeskrewe vorms ge=skied. Enige verandering van besonderhede moes onmiddellik aan die Onderwysraad gerappor=teer word. Om die registrasie van studente te vergemaklik, besoek lede van die Onderwys=raad die opleidingsentrums en aansoeke om registrasie word dan plaaslik afgehandel. In 'n brosjure "Leaflet to Stu=dents" wat voor die tyd aan die studente uitgedeel word, word die prosedure uiteenge=sit. Onder andere word gemeld (General Teaching Council Leaflet):

"Only persons who register are eligible to hold a permanent post in an education authoroty or grant-aided school, to be paid the salary attaching to a registered teacher and to be admitted to the Teachers' Superannuation Fund."

3.2.5.2 Registrasievereistes (Vir S.A.O.R. kyk Bylae A:15 (1))

Die volgende persone is geregtig om vir registrasie aansoek te doen:

alle gesertifiseerde onderwysers

persone deur outoriteite van opleidingsinrigtings aanbeveel vir registrasie

persone deur die Onderwysraad toegelaat tot voorwaardelike registrasie

Studente uit groep twee en persone uit groep drie moet 'n verdere proeftydperk vir twee jaar deurloop. Die onus berus by hierdie voorwaardelik geregistreerdes om toe te sien dat verslae óf deur die hoof van die skool óf 'n gemagtigde van die Onder=

wysraad aan die einde van die eerste en tweede jaar aan die Onderwysraad gestuur word.

Na die verstryking van die voorgeskrewe tydperk kan die Onderwysraad die onderwyser of finaal registreer of die proeftydperk verleng of die voorwaardelike registrasie kanselleer.

Nadat die aansoek dan inge= dien is, plaas die Onderwys= raad die kandidaat in die besondere groep (primêr, se= kondêr of verdere opleiding). Die Onderwysraad ken dan 'n verwysingsnommer, wat bestaan uit die besondere jaartal plus 'n getal wat as eenheid dien, aan die kandidaat toe. Verder word daar vir werkgewersdoel= eindes 'n registrasienommer toegeken. Duplikaatgegewens word gemaak, waarvan een groep deur die Onderwysraad gehou word en die ander aan die kandidaat oorhandig word. Die gegewens word gekodifiseer waarna dit na die rekenouto= maat gaan.

Uit hierdie gegewens word die register opgestel. In die register wat vir insae aan die publiek beskikbaar

gestel word, verskyn alleen=lik die registrasienommer, van en voorletters en die departementele verwysings=nommer.

Die Onderwysraad kan egter veel meer gegewens van die rekenoutomaat verkry. So kan daar gevra word vir gegewens oor:

> geslag, skool, distrik, tipe skool, kollege, ver=dere opleidingssentra en die name en adresse kan in gedrukte vorm verkry word.

Dit is ook moontlik om 'n be=sondere geval op drie ver=skillende maniere op te spoor, te wete alfabeties, volgens registrasie- of verwysings=nommer.

3.2.5.3 Implikasies van Registrasie (Vir S.A.O.R. kyk Bylae A:15 en S.A.O.R.-Handleiding 1984:7)

Registrasie is slegs verplig=tend vir onderwysers verbonde aan staatsondersteunde skole. Dit is dus nie verpligtend vir onderwysers in privaat=skole om te registreer nie. Tog is dit opmerklik dat die

beherende instansies wat die privaatskole besit, of regi= strasie in die skole as ver= eiste stel of die onderwysers aanmoedig om ter wille van die status te registreer. (Omsendbrief no. 4).

Waar daar tog gevalle voorkom waar geregistreerde onder= wysers nie beskikbaar is nie, mag van ongeregistreerdes gebruik gemaak word maar: (Omsendbrief no. 4).

> "To cover cases where teachers cannot be found, education authorities will be permitted to appoint unregistered teachers for a period not exceeding twelve months."

Dit word verder bepaal dat so 'n aanstelling alleenlik gedoen mag word nadat die Onderwysraad geraadpleeg is. Indien die Onderwysraad nie met die aanstelling saamstem nie, mag die aanstelling nie bekragtig word nie.

Vanaf 1973 moes aansoeke vir soortgelyke gevalle direk by die Onderwysraad ingedien word.

As egter in aanmerking geneem

word dat daar in Desember 1967 2 579 ongekwalifiseerde onderwysers in die skole diens gedoen het en dus nie finaal registreerbaar was nie, is dit insiggewend dat daar in 1969 slegs 498 soortgelyke gevalle was. Dit was verder bemoedigend dat daar in Oktober 1971 slegs 15 van die oorspronklike 2 579 ongekwalifiseerde onderwysers van 1967 diens gedoen het. Elf van die ongekwalifiseerdes was in die liggaamlike op= voedingafdeling waar daar nie ŉ toelatingskwalifikasie deur die owerhede vasgestel is nie. (Omsendbrief no. 12:1970).

Dit is reeds genoem dat slegs geregistreerde onderwysers tot lede van die Onderwysraad verkies kan word. Dit ver= oorsaak dat die kandidate van die onderskeie opleidingsin= rigtings ook geregistreerde onderwysers moes wees. Dit was egter nie ŉ vereiste dat die dosente aan die genoemde inrigtings wetlik verplig was om te registreer nie. Tog is dit indirek op hulle af= gedwing want geen ongeregis= treerde persoon kon vir ŉ bevorderingsaanstelling in aanmerking geneem word, tensy

hy 'n ten volle geregistreerde onderwyser was nie. Alle bevorderingsposte is dus met geregistreerde onderwysers gevul. Ook is daar reeds op gewys dat doserende personeel wat nie met die Onderwysraad se besluite meedoen nie, die hele inrigting in diskrediet kan bring omdat die Onderwysraad dan net kon weier om die kwalifikasies van die genoemde inrigting as aanvaarbaar te beskou en registrasie te weier.

Selfs in die geval van aflospersoneel, soos byvoorbeeld getroude vrouens wat weer tot die beroep wil toetree, was verwag om 'n registrasiesertifikaat te toon.

Dit is dus duidelik dat die lede van die publiek verseker kon wees dat alleenlik gekwalifiseerde en geregistreerde onderwysers die belange van die kinders in die skole sou behartig.

3.2.6 Finansies (Vir S.A.O.R. kyk Bylae A:12 - 13 en S.A.O.R.-Handleiding 1984:7).

Die finansiële aspek van die instelling van die Onderwysraad was een van die grootste probleme wat oorbrug moes word.

In die Wheatley-verslag is die mening uitgespreek dat die uitgawes van die Onderwysraad tussen die professie en die staatskas verdeel moes word omdat die Onderwysraad dienste sou lewer wat andersins deur 'n staatsdepartement ge= lewer sou moes word.

Verder moes daar besluit word of die registrasiefooi eenmalig of jaarliks betaal moes word. In die lig van die ervaring van die ander professionele rade waaruit geblyk het dat 'n eenma= lige fooi aan inflasie en ander skom= melinge op die ekonomiese gebied on= derhewig was en die teenstand wat 'n redelike bedrag van veral studente sou veroorsaak, beveel die Wheatley= kommissie aan dat die fooi deur die betrokke outoriteite van die salaris van die onderwyser op 'n jaarlikse ba= sis afgetrek word (The Teaching Pro= fession 1963:par. 181).

In die Wet van 1965 is daar voorsiening gemaak dat die Staatssekretaris sekere toelaes aan die Onderwysraad moes be= taal en dat daar ook deur hom lenings= fasiliteite beskikbaar gestel moes word. Verder het die wet voorsiening gemaak dat die Onderwysraad 'n sekere bedrag mag eis as voorwaarde vir re= gistrasie. Die vasstelling van die bedrag was egter onderhewig aan die goedkeuring van die Staatssekretaris. Omdat die Onderwysraad na onafhank= likheid gestrewe het, is daar egter

teen die aanbeveling van die Wheatley-verslag besluit om die fooi van die salaris te laat aftrek. Dit het toe ook geblyk dat daar wetlike probleme tot so 'n stap sou wees.

Die registrasiefooi is op een pond (sterling) vasgestel. Om registrasie verder aantreklik te maak, is daar voorsiening gemaak dat dit as aftrek=king vir inskomstebelastingdoeleindes kon dien. Dit het meegebring dat na belasting dit die onderwyser een sjie=ling (10 sent) per maand sou kos om te registreer.

Daar kon op die volgende maniere betaal word:

Of per bankoorplasing, of per vry=willige aftrekorder van die salaris of in kontant.

Soos reeds gemeld, het baie onderwy=sers nie hierdie fooi betaal nie en dit het die Onderwysraad en die Staats=sekretaris in 'n moeilike posisie ge=plaas.

In die hersiening van die konstitusie van die Onderwysraad in 1969 is die Staatssekretaris die mening toegedaan dat die bedrag van £2 500 wat van staatsweë aan die Onderwysraad betaal is, nie met die onafhanklikheid van die doelstellings van die Onderwys=

raad gestrook het nie.

In Februarie 1971 verskyn die aankon= diging in omsendbrief no. 11 van die Onderwysraad dat alle registrasiegelde in die toekoms deur die betrokke werk= gewers van die Aprilsalaris van die onderwysers afgetrek sou word en aan die Onderwysraad oorhandig moes word. Verder meld dit dat onderwysers wetlik deur die regering verplig word om by die Onderwysraad te registreer om so= doende vir aanstellings in aanmerking geneem te word.

## 3.3 VERKIESING VAN LEDE VAN DIE ONDERWYSRAAD (VIR S.A.O.R. KYK BYLAE A:2 - 5 EN S.A.O.R.-HANDLEIDING 1984:7).

In die bespreking oor die samestelling van die Onderwysraad is daarop gewys dat die Onderwysraad uit ses en veertig lede bestaan waarvan ses en twintig verkies word en twin= tig aangewys word.

Met die samestelling van die konstitusie was daar aanvanklik nie eensgesindheid oor hoe om die lede wat nie aangewys of genomineer word nie, daar te stel. Hulle kon of deur die verskillende unies aangewys word of deur die onderwyskorps verkies word. Die maklikste manier was om die verteenwoordigers van die onderwyskorps op die Onderwysraad uit die ge= ledere van die onderwysunies daar te stel. Die stelsel sou eenvoudig daarop neerkom dat daar 'n verhoudingsverteenwoordiging gebaseer op die getalle van die verskillende unies,

sou wees. Hierdie moontlikheid is egter ge= heel en al deur al die belanghebbende groepe verwerp.

"Don't touch that. We rejected it com= pletely and so does the minister."*

is die raad wat deur die registrateur van die Onderwysraad aan alle instansies wat na= vraag doen, gegee word.

Daar is dus besluit om ongeag die hoër koste die onderwyskorps deur middel van 'n vrye verkiesing die geleentheid te gee om 'n be= kwame en onpartydige Raad daar te stel. Dit is veral ook gedoen in die lig van die moont= likheid van voortgesette struwelinge oor be= leidsverskille wat daar in die Onderwysraad tussen die lede van die verskillende unies mag voorkom. Die Onderwysraad moes dus be= staan uit persone wat in belang van die saak in sy geheel werk en nie as voortgesette mondstukke van verskillende groepsbelange nie.

In 'n onderhoud met die registrateur is dit geredelik erken dat die verkose lede van die Onderwysraad byna sonder uitsondering uit= staande figure in die unies was of is, maar terselfdertyd is ook beklemtoon dat die Raads= lede as verkose deur die onderwyskorps, eerstens die belange van die Onderwysraad be= skerm eerder as om mondstukke van groepe te wees.

---

* Bandopname van persoonlike onderhoud wat skrywer met die registrateur gehad het.

Dit het ook baie duidelik geblyk dat registrasie van onderwysers en dus ook die verkiesing van lede van die Onderwysraad geen bande enigsins met die doen en late van die unies moes hê nie. Met die aanvanklike ondersoek is die moontlikheid genoem dat die verkiesingsmasjinerie van die unies se hulp gebruik moes maak omdat sekere gegewens dan redelik maklik bekombaar sou wees. Dit is egter geheel en al verwerp. Omdat die uitgangspunt 'n onafhanklike raad was, is daar besluit om alles wat gedoen moes word, op die mees onafhanklike manier te doen. Die prosedure in die verkiesing van die Onderwysraad is die volgende:

Dertig lede van die Onderwysraad bestaan uit geregistreerde onderwysers. Hierdie groep bestaan weer uit twee onderafdelings: 26 lede word deur die onderwysers gekies en vier deur die rektore van die verskillende opleidingsinrigtings vir onderwysers.

Die eerste groep is soos volg ingedeel:

| | |
|---|---|
| Kat. 1 Laerskole | 11 verteenwoordigers |
| Kat. 2 Hoërskole | 11 verteenwoordigers |
| Kat. 3 Verdere opleidingsgroepe (Kunsskole, ens) | 3 verteenwoordigers |
| Kat. 4 Dosente aan onderwysersopleidingskolleges | 1 verteenwoordiger |

Elke kategorie verkies sy eie verteenwoordi= gers. 'n Onderwyser se kategorie word bepaal volgens die skool waar hy diens doen.

Dit is egter belangrik om daarop te wys dat waar daar aanvanklik besware van die onder= wysers in die nie-bevorderingsposte oor die verhouding tussen hoofde en assistente in die Raad was, dit met verloop van tyd verdwyn het. Daar dit 'n vrye verkiesing was, kan die genomineerdes net uit hoofde of net uit as= sistente bestaan. Volgens die huidige same= stelling van die Raad is daar egter 'n ge= sonde balans tussen die groepe en word dit as die gewenste metode aanvaar.

3.3.1 Verkiesingskennisgewing (Vir S.A.O.R. kyk Handleiding 1984:46 - 48).

In die verkiesingsjaar moet die regi= strateur van die Onderwysraad ten minste twee keer kennis van die ver= kiesing gee. Dit moet nie later as 30 April en 15 Junie onderskeidelik geskied nie.

Die eerste kennisgewing kan by wyse van 'n omsendbrief of andersins gegee word maar die tweede kennisgewing moet volgens 'n bepaalde vorm gegee word.

Verder moet die registrateur, sover dit prakties moontlik is, elke onder= wyser van sy stemkategorie in kennis stel en ook aan die betrokke persoon die geleentheid gee om kategorie-ver= anderinge, indien nodig, te maak.

3.3.2 Verkiesingsbeampte (Vir S.A.O.R. kyk Handleiding 1984:44).

Die Onderwysraad moet ten minste ses maande voor die verkiesing 'n verkiesingsbeampte wat nie 'n geregistreerde onderwyser is nie, aanstel. Terselfdertyd moet daar ook 'n hulp-verkiesingsbeampte aangestel word. Ook hierdie persoon mag nie 'n geregistreerde onderwyser wees nie.

Hierdie verkiesingsbeampte sal die gesag hê om persone wat met die verkiesing behulpsaam moet wees, aan te stel. In Skotland is die assistent-registrateur nie 'n geregistreerde onderwyser nie en dit vergemaklik die prosedure geweldig.

3.3.3 Kwalifikasies van kandidate en kiesers (Vir S.A.O.R. kyk Handleiding 1984:44).

Alleenlik onderwysers wat voltyds diens doen en op die betrokke datum 'n geregistreerde onderwyser is, mag as kandidaat staan. Die kandidaat mag alleenlik tot die kategorie waarin hy op die betrokke stadium geregistreer is, verkies word. Die ouderdomsgrens vir verkiesing tot die Raad is sewentig jaar.

Alleenlik geregistreerde onderwysers mag aan die verkiesing deelneem.

3.3.4 Nominasie (Vir S.A.O.R. kyk Bylae A:4).

Elke kandidaat moet op 'n voorgeskrewe vorm genomineer word. Dit moet onder= teken word deur die voorsteller asook sekondant en vergesel word van die handtekeninge van twintig ondersteu= ners uit dieselfde kategorie as die van die kandidaat. Die vorm moet ook deur die kandidaat onderteken word as bewys dat die gegewens korrek is en dat hy die nominasie aanvaar.

Elke voorsteller of ondersteuner kan soveel kandidate nomineer of onder= steun soos hy wil op voorwaarde dat dit nie die getal wat verkies moet word, oorskry nie.

Die verkiesingsbeampte moet nie later nie as drie dae na die laaste dag van inhandiging van nominasies 'n lys van kandidate in die verskillende katego= rieë aan die verskillende kandidate stuur. Die persone kry dan nog sewe dae geleentheid om as kandidate aan die verkiesing te onttrek indien hulle dit sou verkies. Indien 'n kandidaat van kategorie sou verander of te sterwe kom of op een of ander rede nie meer kwalifiseer nie, word sy nominasie as teruggetrek beskou.

3.3.5 Verloop van die Verkiesing (Vir S.A.O.R. kyk Handleiding 1984:46).

Indien die nominasies nie die getal

wat verkies moet word, oorskry nie, word die kandidate deur die kiesbeampte as verkose beskou.

Indien daar egter meer kandidate in die betrokke kategorie genomineer word as wat verkies moet word, moet daar tot stemming oorgegaan word.

Omdat daar kontrole in die verkiesing moet wees, word van die volgende metode gebruik gemaak:

Elke kieser kry 'n stembrief wat behoorlik voltooi moet word. Hierdie stembrief word dan in 'n identifikasie-koevert geplaas en verseël. Buite op hierdie koevert is daar 'n identifikasie-verklaring wat onderteken moet word. Hierdie koevert word weer in 'n groter koevert geplaas wat dan aan die kiesbeampte versend word.

Die kiesbeampte gaan dan die identifikasiekoeverte na en plaas die toegevoude stembrief in 'n ander houer tot tyd en wyl die stemming begin.

Indien daar 'n gelykopuitslag is, sal die kiesbeampte by wyse van loting die verkosene bepaal.

Indien daar geen appèl teen die uitslag is nie, sal die kiesbeampte die stembriewe na verloop van een maand vernietig, andersins word die hulp van 'n arbiter ingeroep en daarna moet die stembriewe vernietig word.

3.4 ADMINISTRASIE (VIR S.A.O.R. KYK BYLAE A:12).

Die G.T.C. se geregistreerde kantore is ge=leë te Princess Street 140, Edinburgh, E.H. 24 BS.

Die administratiewe afdeling word hoofsaak=lik in vier groepe verdeel, te wete, die uitvoerende, opvoedkundige, registrasie, en proef afdelings.

Die uitvoerende afdeling bestaan uit die registrateur, permanent aangestel, wat hoof=saaklik as skakeling tussen die verkose raad en die administratiewe afdelings optree.

Van die registrateur word verwag om die raad se werksaamhede uit te voer en publieke ska=keling te bevorder. Die registrateur moet 'n geregistreerde onderwyser wees.

Die assistent-registrateur, se diensverplig=tinge is hoofsaaklik adminstratief van aard. Alhoewel dit nie 'n vereiste is nie, word dit aanbeveel dat die assistent-registrateur, veral in die lig van sy pligte as kiesbe=ampte, nie 'n geregistreerde onderwyser be=hoort te wees nie.

Beide registrateur en assistent-registrateur beskik oor voltydse sekretaresses.

Die eerste subdepartement staan bekend as die Opvoedkundige Afdeling. Hierdie afde=deling word beman deur 'n opvoedkundige amptenaar wat aan die hoof daarvan staan

asook vier ander werknemers, hoofsaaklik dames.

Alle aansoeke tot registrasie word deur hierdie afdeling gehanteer voordat dit vir registrasie aanvaar word. Toelatingskwali=fikasies en byvoorbeeld andersoortige oplei=ding, moet eers hier geëvalueer word.

Verder het hierdie afdeling veral te doen met die uitvoering van die onderwysbeleid.

Die tweede subdepartement is die registrasie afdeling. Dit bestaan uit een uitvoerende amptenaar en drie permanente en een deeltydse werkers. Die hou van die register word hier behartig.

Laastens is daar die proef-afdeling. Die werksaamhede behels veral die finale proef=tydperk van die studente. Alle verslae en rapporte deur die verantwoordelike instan=sies betrokke by studente-evaluasie word hier behartig. Slegs een voltydse amptenaar en twee deeltydse werksters behartig die afdeling.

Verder bestaan die administratiewe amptenare uit een telefoniste en 'n ontvangsdame.

Die administratiewe afdeling se salaris word verkry uit die registrasiefooie deur onder=wysers en die G.T.C. is uitsluitlik hiervoor verantwoordelik.

'n Geringe bedrag word deur die Staatssekreta=

ris vir dienste wat die G.T.C. aan die ower= heid lewer betaal, maar dit is minimaal.

Laastens moet bygevoeg word dat die G.T.C. daarop ingestel is om data met die reken= outomaat te verwerk. Omdat die werksaam= hede van die G.T.C. nie 'n eie rekenoutomaat regverdig nie word tyd van 'n gespesiali= seerde firma gekoop.

3.5 PUBLIKASIES

Met die aanvoor van die G.T.C. is daar aan= vanklik nie van 'n gestandardiseerde publi= kasie-medium gebruik gemaak nie. Afgerolde omsendbriewe en kennisgewings is aan die betrokkenes gestuur.

Die behoefte het egter ontstaan vir 'n ge= reelde en gestandardiseerde publikasie.

In Januarie 1967 verskyn die eerste publi= kasie, gekenmerk deur 'n besondere vorm en in rooi gedruk.

Alle aktuele sake rakende die doen en late van die G.T.C. word hierin vervat en na die huisadres van die betrokke onderwyser gestuur.

3.6 PROFESSIONELE TUG (VIR S.A.O.R. KYK BYLAE A:19, 20, 21, 22, 24 EN HANDLEIDING 1984:6 EN 27).

Aangesien professionele tug een van die daad= kragtigste funksies is wat deur die Staats= sekretaris aan die G.T.C. toegeken is, word die prosedure ten volle in 'n spesiale omsend=

brief en in die Handleiding van die G.T.C. uiteengesit.

Aanvanklik was 'n groot groep onderwysers skepties teenoor die toepassing van hierdie maatreël. Misverstande soos onder andere inmenging in die private lewe van die onder= wyser en misplaaste gesag van die G.T.C. was volop.

Na inligtingsvergaderings deur die lede van die raad en veral die registrateur, is die misverstande uit die weg geruim.

> "There is no question of the Council be= coming an inquisition into the private lives of teachers. It is only where there has been criminal offence or in= famous conduct in any professional re= spect that the Disciplinary Committee will consider removing the name from the Register or refusing an application for registration or re-registration." (Omsendbrief no. 1)

Verder is dit duidelik dat die tugprosedure wetlik gegrondves is en dat die beskuldigde alle regshulp nodig kan verkry (Vergelyk S.A.O.R.-Handleiding 1984:31).

> "Rules will have to be approved by the Lord President of the Court of Session and there will be a process of appeal to the Court of Session." (Omsendbrief no. 1)

Die dissiplinêre komitee van die G.T.C. word in twee afdelings verdeel. Indien 'n klag aanhangig gemaak word, word die besondere

klag eers deur die Ondersoekkomitee onder=soek. Indien daar bevind word dat daar 'n moontlikheid van skuldigbevinding bestaan, word die klag na die Dissiplinêre Komitee verwys.

Voorgeskrewe prosedure moet gevolg word en die aangeklaagde moet alle geleentheid kry om sy onskuld te kan bewys.

Besonder interessant en bemoedigend was die steun wat die G.T.C. van die publieke sektore ontvang het. Dit was ongetwyfeld 'n stap ter beskerming van die publiek teen onprofessio=nele optrede maar ook 'n re-valuering van die status van die onderwysprofessie in die publieke opinie.

3.7 ALGEMEEN

Die instelling van die G.T.C. in Skotland is nie slegs 'n vervulling van die droom van die Skotse onderwysprofessie nie, maar die ge=boorte van 'n nuwer bedeling in die wêreld=siening van die onderwysprofessie.

Waar die G.T.C. geen analoge gehad het om op te verbeter of voort te bou nie, het daar groeipynontwikkelinge plaasgevind wat die G.T.C. as 'n erkende en gerespekteerde ver=eniging oor die breedte en lengte van die wêreld laat weerklink.

Die aanvanklike gebrek aan gesag is metter=tyd uitgewis wat daartoe gelei het dat die G.T.C. as 'n geëerbiedigde instansie en as vertroueling van die Staatssekretaris en as spieëlbeeld van die onderwysprofessie bekend

geraak het.

In 'n onlangse telefoniese gesprek (Augustus 1984) met die assistent-registrateur van die G.T.C. is die skrywer meegedeel dat daar tans nie net van die onderwysprofessies se kant nie, maar ook van anderlandige regeringsweë 'n groot belangstelling vir die instelling van plaaslike onderwysrade, soortgelyk as die G.T.C., heers. Selfs van agter die Ys= tergordyn het 'n afvaardiging die G.T.C. be= soek.

Dit is interessant dat daar in die buurlande Engeland en Wallis nie oorgegaan is tot die instelling van 'n onderwysraad nie. Dit is egter nodig om volledigheidshalwe ook te be= sin oor die ondersoek wat aldaar onderneem is, met die oog op die instelling van 'n soortgelyke raad. Omdat daar nie tot die daarstelling van 'n Onderwysraad oorgegaan is nie, sal net oor die belangrikste rele= vansies besin word.

## 3.8 ENGELAND EN WALLIS

Die nood aan die toesegging van groter magte aan die onderwysprofessie oor sake rakende professionele aangeleenthede het reeds sover terug as 1860 in Engeland begin. In daardie jaar is daar 'n voorstel aan die "College of Preceptors" gedoen waarin voorgestel word dat daar voorsiening gemaak behoort te word vir 'n Skolastiese Registrasiewet, geskoei op die Mediese Raad van 1859. In 1969 was die eer= ste poging aangewend om 'n wet daargestel te kry waardeur onderwysers verplig kon word

om te registreer. Dit het egter misluk. Die onderwysersunies het nieteenstaande met hulle pogings voortgegaan en na drie mis=lukte pogings tussen 1879 en 1896 het die Onderwyswet van 1899 voorsiening gemaak vir die instelling van 'n Registrasieraad vir on=derwysers (Report of the Working Party 1970:3).

In 1902 is die Onderwysersregistrasieraad gestig, maar die bepalings van die Register was nie vir die onderwysers aanneemlik nie en in 1906 het die Raad weer tot niet gegaan.

In 1912 is 'n nuwe Registrasieraad vir onder=wysers gestig waarvan die bepalings meer aanneemlik was. In 1922 was die meerderheid van die onderwysers dan ook by die Raad ge=registreer. In 1929 het hierdie geregistreerde onderwysers die "Royal Society of Teachers" gestig (Report of the Working Party 1970:4). Probleme het egter ontstaan en in 1949 is die wet van die wetboek geskraap.

In 1957 is daar op 'n onderwyskongres waar al die onderwysersunies teenwoordig was, weer aandag aan die Onderwysraad geskenk. Die volgende doelstellings is as prioriteite aangewys:

= seggenskap tot die toetrede tot die pro=fessie

= die reg van sertifisering as gekwalifi=seerde onderwyser

= kontrole oor professionele dissipline

Hierdie kongres het gelei tot die totstand=koming van die informele Hoofkomitee, wat samesprekings met die Departement van Onder=wys en Wetenskap moes voer.

Uit hierdie onderhandelinge het die opdrag van die Staatssekretaris gekom waardeur 'n komitee, bekend as die Weaverkomitee, tot stand gekom het wat die noodsaaklikheid van die instelling van 'n Professionele Onderwys=raad moes ondersoek.

3.8.1 Aanbevelings van die Weaverkomitee

In Februarie 1970 is die Weaververslag wat ondersoek moes instel na die moontlikheid van die instelling van 'n Professionele Onderwysraad vir die onderwysprofessie van Engeland en Wallis aan die Staatssekretaris oor=handig. In die voorwoord stel die voorsitter, T.R. Weaver dit so: (Re=port of the Working Party 1970:Voor=woord):

> "I have pleasure in presenting the report of the working party which you set up, to formulate proposals for the establishment of a council through which teachers in England and Wales can exercise a measure of professional self-government, and for national arrangements by which advise can be made available to you on matters relating to the training and supply of teachers."

Daar het egter verskeie probleme op=geduik en met die besoek van skrywer in 1973 het die onderhandelinge op 'n

dooie punt uitgeloop. Sedertdien word daar egter nog sporadiese onderhande=lings onderneem. Onenigheid het veral oor die volgende sake ontstaan:

= Daar kon nie ooreengekom word oor die samestelling van die Onderwys=raad nie. Anders as met die G.T.C. waar lede verkies word, wou die Weaverkomitee dat die lede deur die verskillende unies aangewys word. Die onderwysers wou hierdie aanbeveling nie aanvaar nie.

= Die Staatssekretaris was ook nie geneë om die beheer oor die toela=tingsvereistes tot die toetrede tot die onderwysprofessie in die hande van die Onderwysraad te laat nie (Report of the Working Party 1970:108).

= Die positiewe en negatiewe reso=lusie-metode was ook nie vir die Staatssekretaris aanvaarbaar by die oplossing van verskille tussen die Staatssekretaris en die Onderwys=professie nie. Die magte van die Onderwysraad sou slegs strek tot raadgewende vlak.

= Die aanbeveling van die Weaverkomi=tee dat toelatingsvereistes by die "Area Training Organization" gelaat word en nie aan die Onderwysraad oorgedra word nie, het die beginsel van medeseggenskap in die niet laat

verdwyn (Report of the Working Party 1970:par. 24).

= Daar word wel aanbeveel dat die Onderwysraad inspeksie sal uitvoer ten opsigte van die inhoud van die leerplanne wat aan die opleidings=inrigtings aangebied word, maar kan daarna slegs aanbevelings aan die Staatssekretaris gemaak word. Hierdie reëling was nie vir die onderwysprofessie aanneemlik nie (Report of the Working Party 1970: par. 42).

= ŉ Verdere aanbeveling was dat daar geen verskil gemaak word tussen geregistreerde onderwysers en ty=delike proefonderwysers nie. Dit was volgens die georganiseerde on=derwysprofessie slegs ŉ rookskerm om verdere aandag aan die proef=stelsel te gee.

= Registrasie as grondbeginsel van die erkenning van ŉ professie word nie deur die Weaverkomitee as ŉ prioriteit gesien nie. Eerstens word ŉ register nie as noodsaaklik beskou as bewys van professionele bevoegdheid nie en tweedens hoef die Onderwysdepartement hom nie te bind om net geregistreerde onder=wysers aan te stel nie (Report of the Working Party 1970:par. 61).

Alhoewel die aanbevelings van die

Weaverkomitee op 'n dooie punt uitge= loop het, is dit nietemin relevant in die studie van die historiese verloop van die instelling van die S.A.O.R.

## 3.9 VERDERE PROBLEEMSTELLING

In die onderhawige hoofstuk is daar per dwarskyk na die problematiese en funksione= ring van die General Teaching Council gekyk. Daar is ook sydelings verwys na die redes waarom die instelling van 'n soortgelyke On= derwysraad in Engeland en Wallis misluk het.

Vir die sinvolle verloop van die onderhawige studie het die skrywer dit egter gerade geag om die G.T.C. evaluerend te beskryf omdat hierdie reeds bewese en getoetste funksio= nele ervaring die samestelling en funksio= nering van die S.A.O.R. beïnvloed het.

Die instelling van die S.A.O.R. is voorafge= gaan deur 'n lang stryd waarin individu en instansie gesamentlik en onderskeidelik elk per eie modus operandi insette tot die daar= stelling van 'n professionele Onderwysersraad vir Blankes in die Republiek van Suid-Afrika gemaak het. In hoofstuk vier word hierdie bydraende en betogende insette geëvalueer.

HOOFSTUK 4

# 4. DIE PRAKTYKWORDING VAN HISTORIES—ANDRAGOGIESE VERLOOPSVERTOë VAN BELANGE-GEMOEIDE RELEVANTEURS MET BETREKKING TOT DIE INSTELLING VAN DIE S.A.O.R.

## 4.1 INLEIDING

In die betiteling van die onderhawige hoof=stuk poog die skrywer om die sanksionering van die gesag wat deur die onderwysprofessie vir homself opgeëis word, deur 'n historiese teruggryping te evalueer.

Indien die diens wat deur die onderwysprofes=sie gelewer word, 'n onvervangbare diens aan die gemeenskap is, sal daar 'n wedersydse ver=antwoordelikheidsgedying plaasvind. Hierdie gemeenskaplike verantwoordelikheid is gegrond op wedersydse vertroue wat bekroon word met 'n gesamentlike erkenning van die belangrike, onontbeerlike en gespesialiseerde kennis waarin die leefwêreld van alle mense figureer.

Noodwendigheid van langdurige skoolbesoek en by implikasie, beïnvloeding van die volwas=sene op die nie-volwassene, plaas die onder=wysprofessie midde en onskeibaar in die same=lewing (Bodenstein 1977:232). Hierdie keuse=lose noodwendigheid plaas sowel die ontvanger as die respondent op 'n gesamentlike verant=woordelikheidsvlak wat onlosmakend tot same=werking verbind is. Vir beide die onderwys=professie en die gemeenskap was dit dus nood=saaklik om in die uitvoering van die gesa=mentlike doelstelling, naamlik die lei van die nie-volwassene tot volwassenheid, die

opvoedingsmeganisme daar te stel wat met ver= antwoordelikheid maar ook verantwoordbaarheid hierdie plig kon vervul.

Daar moes dus eerstens na die primêre "mega= nisme", naamlik die voorsiening van bevoegde onderwysers, omgesien word.

Hierdie voorsiening word egter eers voorafge= gaan deur 'n aanvaarbare en onderskeidende op= leiding van die onderwyser maar ook oor beheer van optrede in die praktyk en daarna.

Met die totstandkoming van die professionele Raad vir die onderwysprofessie (S.A.O.R.) het die professie seggenskap gekry in die daar= stelling van bepaalse vereistes vir toelating tot opleiding en registrasie van onderwysers. Verder is die professionele gedragskode daar= gestel met gesag tot uitoefening van profes= sionele dissipline.

Die instelling van die S.A.O.R. as statutêre liggaam het egter nie lukraak tot stand gekom nie en is voorafgegaan deur jarelange stryd en vertoë deur verskillende instansies en groe= pe.

In hierdie hoofstuk sal daar dus gekyk word na algemene vertoë van wetenskappers en in= stansies en tweedens na die historiese ver= loop van die vertoë deur die Federale Raad van Onderwysersverenigings ter instelling van 'n professionele raad.

## 4.2 ALGEMENE VERTOË

### 4.2.1 Havemann (1940)

Havemann, 'n onderwyser-regsgeleerde het 'n grondige studie van die uitbou= ing van die beginsel van medeseggen= skap in die administratief-regtelike amptenaarsreg gemaak. In sy peiling van die wese van die begrip professie en in bespreking van die kerneienskappe van 'n professie, onder andere 'n verge= lyking van die onderwysprofessie met die "vrye" professies, vind hy dat die onderwysprofessie 'n onderwyswetgewing= like agterstand het om in te haal op die onderwysgebied. Hy vind dat hier= die agterstand veral geld op die uit= bouing van die beginsel van medeseggen= skap in die administratief-regtelike amptenaarsreg, die statutêre erkenning en die daaruit voortvloeiende bevoegd= hede. Provinsiale verdeeldheid word na voorbeeld van die Suid-Afrikaanse Verpleegstersraad verwerp.

In bogenoemde raad word voorsiening gemaak vir verpligte registrasie vir sowel gekwalifiseerde as leerlingver= pleegsters, tugmaatreëls, bepaling van opleidings- en toelatingsvereistes. (Havemann 1940:216).

Die instelling van 'n Registrasieraad vir onderwysers is 'n noodsaaklikheid wat by die professionele geskoolde on= derwysers ontbreek (Havemann 1940:293).

4.2.2 Ben Taute (1940)

In die baie bekende publikasie "Skool=hoof, assistent en Professie" wat reeds in 1940 verskyn het, gee Taute 'n insig=gewende beredenering van die noodsaak=likheid, voor- en nadele van Profes=sionele Rade.

Funksioneel behoort die volgende by die Professionele Rade te berus:

= 'n Register wat die name van gekwa=lifiseerde onderwysers bevat

= Toelatingsvereistes te bepaal en hierdie vereistes by die betrokke instansies aan te beveel

= Om name van die register te skrap en indien nodig gevind, weer te her=stel

= Om sake van professionele belang wat, hetsy van werkgewerskant of van onderwysersverenigingskant na hulle verwys word, te bespreek en aanbevelings te doen.

Die samestelling van die Raad moes so daar uitsien:

'n Voorsitter, deur die lede verkies; Direkteur van Onderwys; vasgestelde aantal onderwysers deur elke vereni=

ging, asook verteenwoordiging van pri= vaatskole.

Verder wys hy op die finansiële aspek, maar gee nie uitsluitsel oor hoe die finansies ingesamel behoort te word nie.

Interessant is die feit dat Taute die hoofrede vir die instelling van die ge= noemde Raad sien as die beskerming van die professionele etiek. Die byhou van 'n register kan onderling met die werk= gewer gereël word.

Hy noem ses moontlike besware wat teen die instelling van 'n Professionele Raad ingebring kan word:

Eerstens kan genoem word dat die onder= skeie Onderwysdepartemente reeds regis= ters hou. Hy wys egter daarop dat die registers slegs aanvullend by die pro= fessie gebruik moet word. 'n Basiese daarstelling of aanknopingspunt kan alleenlik deur middel van die hou van registers gevind word.

Tweedens kan daar beweer word dat, ge= sien in die lig van die feit dat die onderwys nie identifiseerbaar of ver= gelykbaar is met die mediese professie nie, soortgelyke verantwoordelikhede nie aan die onderwys toegeken kan word nie. Geredelik erken hy dat die jaar 1940 nog nie "ryp" genoeg is vir 'n vol= waardige verstandhouding tussen profes= sie en werkgewer nie. Tog stel hy 'n

vertrouensbegrip tussen bogemelde twee instansies vir die toekoms voor.

Hy kloof egter die vleis baie diep in sy aanduiding van die getalsverhouding tussen medici en onderwysers. Verhou=dingswyse moet in gedagte gehou word dat die aanslae op die onderwysprofes=sie baie meer sal wees as teen die me=diese professie vanweë die getallever=skille.

Verder raak hy 'n aktuele saak aan deur te wys op die gesag van ouers in die onderskeie ouerrade in die ondersoeke na professionele wangedrag. Hy bied egter geen oplossing in die verband aan nie.

Derdens noem hy die inskakeling van privaatskole by die professionele Raad. Sou hulle nie betrek word nie, kan die Raad nie ten volle funksioneer nie.

Vierdens kan beweer word dat die ge=noemde Raad vir partylike belange gebruik kan word. Die menslike fak=tore speel onbewustelik sy rol maar gesien in die verantwoordelike optrede van die professie in die verlede, kan hierdie beswaar op alle gebiede teen alle instansies gegooi word.

Vyfdens wys Taute daarop dat gunssoe=kers en gewildheidsaspireerders 'n wig tussen werkgewer en onderwyser sal

indryf deur gedurigdeur slegs die werk=nemer se kant te kies. Dit kan egter vermy word deur 'n vasleggende doelstel=ling dat die Professionele Raad die professie beskerm maar gedek deur die etiese kode ook die publiek en leer=linge beskerm.

Sesdens verander hy ook van pool deur daarop te wys dat die Professionele Raad moontlik deur owerhede misbruik kan word. Besluite kan dan as synde van die professie, mondstuklik geskied.

Die samewerking tussen verenigings en owerhede het hierdie beswaar egter in die verlede geloënstraf.

Laastens kan beweer word dat die Pro=fessionele Raad die private lewe van die onderwyser verder aan bande sal lê. Hierdie beswaar weerlê Taute deur daarop te wys dat 'n jaloerse professie aanvaarde en algemeen-goedgekeure be=ginsels handhaaf waar die individu moet swig voor die meerderheid.

Laastens wys Taute daarop dat 'n betoog vir die instellings van Professionele Rade alleenlik op wedersydse verster=king in die uitvoering van 'n ideale diens gegrond moet wees.

Onderlinge onderwysersverenigings kan uit die aard van hulle samestelling nooit aan hierdie doel beantwoord nie.

Die instelling van 'n Professionele Raad moet dien as 'n middel tot beter uitvoe= ring van dienste gelewer, hetsy deur werkgewer of werknemer. Ironies merk Taute op:

> "Geen wonder dat 'n Eerste Minister, daargelate of die algemene aanklag teen onderwysers gegrond was of nie, in 1939 hom seer sterk uitgedruk het oor die noodsaaklikheid van hierdie Rade, en te kenne gegee het dat hy= self stappe sou doen om hulle in die lewe te roep indien die onderwysers nie daartoe oorgaan nie" (Taute 1940: 214).

Verder wys Taute daarop dat, omdat die onderwysers professionele mense is, die inisiatief hoofsaaklik van hulle moet uitgaan maar ook dat onderwysers as werknemers die voorstelle aan die on= derwysadministrasie moet voorlê. Dit is die kruks van die saak.

Taute beklemtoon die feit herhaaldelik dat samewerking en onderlinge vertroue in 'n wedersydse eerlikheid moes bestaan, alvorens daar enigsins verder op die saak ingegaan kon word.

4.2.3 J. Chris Coetzee (1955)

In 'n referaat deur J. Chris Coetzee gelewer voor die Suid-Afrikaanse Aka= demie vir Wetenskap en Kuns, betoog hy vir die instelling van 'n Uniale

Onderwysraad wat die professie kan saamsnoer tot 'n eenheid. Dit sou ide= aal wees om die beginsel van 'n Profes= sionele Raad soortgelyk aan die Mediese Raad, by die funksies van die Uniale Onderwysraad te voeg, maar indien dit nie moontlik sou wees nie, behoort 'n afsonderlike raad met professionele funksies daargestel te word.

Professionele omvattings soos verpligte registrasie, sertifisering, tuguitoefe= ning en diensvoorwaardes moet by hier= die Professionele Raad setel (Coetzee: 1 Julie 1955).

### 4.2.4 J.J. Visagie (1958)

In sy doktorale proefskrif "Die Status van die Onderwysberoep en die Onder= wyser", kom die skrywer tot die gevolg= trekking dat die onderwysberoep in sy strewe na professionele erkenning en gesaghebbenheid 'n wesenlike behoefte het aan die daarstelling van 'n Regi= strasieraad. Hy sê:

> "Die voor die handliggende aanbeve= ling ten einde groter gesaghebbend= heid vir die onderwysberoep te ver= seker en aldus hoër status te bekom, is 'n daarstelling van 'n onderwysraad met statutêre magte" (Visagie 1958: 322).

Van wesenlike belang in die doelstel= lings van so 'n registrasieraad, is die geslotenheid wat dit aan die on=

derwysprofessie sal verleen. Nie al= leenlik sal so 'n raad sowel horison= taal as vertikaal op die onderwyspro= fessie inwerk nie - enersyds die on= derwysberoep beskerm en andersyds die opvoedeling verseker van 'n ten volle gekwalifiseerde en doelmatigopgeleide onderwyser - maar sal dit ook as 'n status-verhogende-katalisator die pro= fessie tot 'n eenheid-van-groep verhef.

Vir Visagie is die Achiles-hiel nie die feit of so 'n Registrasieraad be= staansreg het al dan nie; inteendeel, die afwesigheid van die Registrasieraad wat meebring dat seggenskap in sy eie professie hom weerhou word, veroorsaak dat die onderwyser 'n onderhorige huur= ling bly met dienooreenkomstige impli= kasies (Visagie 1958:323).

Die hoofsaak bly egter dat om in 'n Registrasieraad saamgesnoer te word, die onderwys tot 'n groep met geslote karakter saamgesnoer moet word wat alleenlik tot voordeel van 'n gemeen= skap in sy geheel kan strek.

Behalwe dat die Registrasieraad as be= waker van die onderwyspoorte moet op= tree, behoort dit ook die keuring en toelatingsvereistes te bepaal, die pro= fessie te beperk tot geregistreerde onderwysers, optree as samesnoerder en mondstuk daarvan en 'n bindende gedrags= kode ontwerp (Visagie 1958:377).

4.2.5 S.J. Preller (1962)

In 'n evaluering van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel delegeer S.J. Preller die verantwoordelikheid van die jeug=opvoeding en opleiding aan die staat, die ouer, die kerk en die onderwyser.

Uit die aard van die saak is die staat as werkgewer en demokratiese verkose liggaam die rigtingbepaler wat die op=voedingsituasie van sy toekomstige burgers rigtingaanduidend kan bepaal. So kan geëis word dat die opleiding nie staatskadend of sedebederwend moet wees nie.

Die ouer bepaal die lewens- en wêreld=beskouing wat moet heers en kan onder andere deur middel van sy demokratiese stem, in skoolrade en in beheerrade, sy wense uitspreek.

Daar die kerk lidmaatgebonde is, oefen hy slegs 'n indirekte invloed op die onderwys uit.

In die opleiding- en opvoedingsituasie is die onderwyser die integrale deel van die skool. Hulle tree plekvullend op vir die staat, die ouer en die kerk. Die onderwyser is dus die rigtingbe=stuurder van die toekomstige volk. Die jeugdige "rypwording", sedevorming en besondere probleemvoorkoms is dus 'n basiese bestaansdoenigheid van die

onderwyser. Tereg wys Preller daarop dat, ten spyte van hierdie aktuele deel in die opvoeding van die jeug, die on= derwyser nie seggenskap in die onder= wysbeleid het nie.

Waar die Nasionale Adviesraad, bestaan= de uit die betrokke minister, onder= skeie Administrateurs en Direkteure van Onderwys die onderwysbeleid for= muleer en implimenteer, stel Preller voor dat ŉ Professionele Raad die pro= fessionele belange en dissipline van die onderwyskorps moet behartig. Preller gee egter nie uitsluitsel of die Professionele Raad statutêre magte behoort te hê nie. Hy meld egter dat die genoemde Raad die mondstuk van die onderwysprofessie in die geheel be= hoort te wees (Preller:Intreerede 1962).

4.2.6 J.H. Oosthuizen (1963)

In ŉ ondersoek deur die Nasionale Buro vir Opvoedkundige Maatskaplike Navor= sing oor die diensvoorwaardes en diens= omstandighede van die onderwysers in die Republiek van Suid-Afrika word daarop gewys dat daar reeds deur ver= skeie instansies met tussenposes op die noodsaaklikheid van die instelling van ŉ Registrasieraad by wyse van wet= gewing aangedring is. Dit is bedui= dend dat ook in hierdie ondersoek van die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing die daarstel= ling van die genoemde Raad gesien word

as die noodsaaklike stap in die same=snoering van die onderwysprofessie in 'n eenheid en die gevolglike doeltref=fender funksionering en toepassing van die onderwysbeginsels. Die ondersoeker sluit sy bevinding af met die woorde:

> "Die onderwysprofessie wag gretig op die verwesenliking van hierdie ideaal van 'n Registrasieraad met die hoër aansien wat dit vir die professie kan meebring" (Oosthuizen 1963:98).

4.2.7 P.S. du Toit (1963)

In 1963 verskyn 'n artikel in Die Unie waarin P.S. du Toit die wetlike erken=ning en vaslegging van die professio=nele status van die onderwysberoep by wyse van 'n Registrasieraad bespreek.

Hy sien die daarstelling van 'n Regi=strasieraad as die onderwysoktrooi of wetlike handves waardeur die onderwys=beroep ongeveer dieselfde professio=nele voorregte en bevoegdhede as die mediese en regsprofessie sal geniet.

Met die beklemtoning van die verskil=lende provinsies se opleidingstydperke vir toelating vir die onderwysberoep, wys hy op die leemte in die koördine=ring hiervan en beklemtoon dat die daarstelling van 'n Registrasieraad hierdie nodige koördinerende faktor kan word (Du Toit:Oktober 1963).

4.2.8 Verslag van die Provinsiale Onderwys=kommissie (1939) bekend as die Nicol=kommissie

In 1939 het die Nicolkommissie daarop gewys dat alhoewel die Onderwysdeparte=ment 'n register hou van alle geregi=streerde onderwysers, daar tog 'n beson=dere voorstel vanuit die onderwyspro=fessie self gekom het, naamlik die in=stelling van 'n Registrasieraad vir on=derwysers. Hierdie raad moet onder "goewermentsbeheer" staan.

Registrasie sou alleenlik kon geskied na voorlegging van die nodige dokumente. Aanstellings in regeringskole sou, na die voltooiing van die register, al=leenlik geskied op bewys van registra=sie by die genoemde raad.

Die Nicolkommissie

> "beveel in beginsel aan dat hierdie kwessie van 'n nasionale register van onderwysers ernstig oorweeg moet word" (Verslag 1939:49).

4.2.9 Report 1946 Natal Provincial Education Committee bekend as die Wilkskommissie

Uit die menige ondersoeke oor die onder=wys is die Wilkskommissie een van die weiniges wat ook aan die onderwyser as sulks aandag gee. Die onderwys as pro=fessie kan weliswaar nie op direkte vlak met die "vrye" professies gestel

word nie, bloot vanweë die feit dat die onderwys 'n unieke professie met eie be=sondere vereistes is. Statusbepalers wat op die vrye professies van toepas=sing is, kan nie onveranderd op die onderwys van toepassing gemaak word nie; inteendeel, die onderwys is so uniek dat hy sy eie statusbepalers be=sit in die vorm van sy eiesoortige an=dersoortige essensiële diens wat meer behels as net die somtotaal van die vereistes wat normaalweg aan 'n profes=sie gestel word.

Die Wilkskommissie doen egter aan die hand, dat om gestalte aan die beson=dere uniekheid van die onderwysprofes=sie te gee, daar uitgestyg en weggedoen moet word met die begrip van 'n-beroep-wat-deur-almal-beoefen kan word. Hulle sê:

> "In part this is due to tradition; and tradtion proverbially dies hard" (Report 1946:140).

Woordgekletter oor die saak, dien egter nie as oplossing nie en daarom vereis dit 'n positiewe optrede soos:

> "Amongst the steps which might be taken to ensure the teaching pro=fession that status to which it is entitled, is the enactment of some form of registration of teach=ers, carrying with it a measure of control over admission to the pro=

fession" (Report 1946:140).

Die kommissie besef dat die grootste probleem in die weg van die instelling van 'n Registrasieraad die verdeelde beheer van die Suid-Afrikaanse onder= wys en jaloerse gesag van die provin= sies oor die beheer van die onderwys is.

Daarom beveel die Kommissie aan dat daar 'n vorm van registrasie in die onderwys ingevoer moet word met die doel om die professie seggenskap in hulle beroep, veral met betrekking tot die bepaling van toelatingsver= eistes, moet wees (Report 1946:141).

4.2.10 Oranje-Vrystaat Provinsiale Onderwys Kommissie (1951)

Gedurende die eerste helfte van hier= die eeu was dit veral opmerklik dat daar in Suid-Afrika 'n nuwe tendens ten opsigte van die onderwysbeheer na vore getree het. Die een kommis= sie na die ander is aangestel om die saak te deurgrond.

Deurgaans is op die nadele van ver= deelde beheer gewys en wenke aan die hand gedoen om dit op te los.

In die Oranje-Vrystaat het die Preto= riuskommissie tot die gevolgtrekking geraak dat die behoefte aan 'n nasio= nale stelsel deur bemiddelling van

die instelling van 'n Nasionale Onder=wysraad opgelos sou word.

Onafhanklik maar tog aanvullend sou die Raad vir Registrasie van Onder=wysers soos bepaal deur Art. 74 van Ordonansie no. 15 van 1930 behou word. Die Raad moes uit vyf lede bestaan te wete:

Die Direkteur van Onderwys wat ex-officio voorsitter van die Raad is, vier lede wat deur die Administrateur vir vyf jaar benoem is.

In 1944 het die Uitvoerende Komitee die samestelling van die Raad so ver=ander:

* Direkteur van Onderwys wat ex-officio voorsitter is

* Rektor van die Normaalkollege, ex-officio

* Hoofinspekteur van Blanke Onder=wys, ex-officio

* Twee ander lede.

In die getuienis wat voor die kommis=sie afgelê is, was dit slegs die On=derwysersvereniging van die Oranje-Vrystaat wat aangevoer het dat die onderwysprofessie direk op die Raad verteenwoordig behoort te wees. Al=hoewel die onderwyskorps indirek ver=

teenwoordig was, was daar geen ex-officio benoeming uitsluitlik deur die onderwyskorps nie.

Die funksies van die genoemde Raad was soos volg:

* Die afneem en beheer van die eksa= men van die verskillende profes= sionele onderwyssertifikate

* om die uitslae van die eksamen aan die Direkteur te rapporteer

* sertifikate uit te reik aan die geslaagde kandidate

* onderwysers te rangskik volgens akademiese en professionele be= voegdhede en om aan elkeen en ook aan elke kandidaat van buite die Provinsie 'n professionele sertifi= kaat van die provinsie uit te reik, waartoe hy kragtens sy rangskik= king geregtig is.

Na die ondersoek beveel die Kommissie aan dat:

"die Raad vir die registrasie van onderwysers in sy huidige samestel= ling en met sy bestaande bevoegdhede onveranderd gehandhaaf word" (Oranje Vrystaat Provinsiale Onderwyskommis= sie 1951:293).

4.2.11 Verslag van die Kommissie van Onder=
soek na die opleiding van Blanke
Onderwysers, bekend as die Gericke-
kommissie (1955)

In die Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die opleiding van Blanke persone as Onderwysers wys die kom=missie daarop dat die opleidingstel=sel van so 'n aard moet wees dat:

> "die eenheid van die onderwysers=opleiding, en daardeur die eenheid van die professie, erken en bevor=der, asook die status van die pro=fessie, en die aansien van die be=oefenaars daarvan (moet) handhaaf en bevorder" (Verslag 1955:20).

Daarom

> "moet die georganiseerde professie vanweë sy aktuele betrokkenheid by die onderwyspraktyk en ter wille van sy aansien en status 'n redelike mate van seggenskap in die opleiding van die lede van die professie hê" (Verslag 1955:21).

Dit is uiters noodsaaklik dat die per=sone wat met die uitvoering daarvan in die praktyk te doen het, die stel=sel ten volle moet steun anders stuur die gedwonge uitvoering op 'n misluk=king af.

Daarom beveel die Kommissie

"die instelling van 'n statutêre raad van professionele vakkundiges vir onderwysersopleiding" aan (Verslag 1955:21).

Insiggewend is die beweegredes wat die Kommissie aandui vir die motive=ring van bogenoemde aanbeveling.

* Die afgelegde getuienis was feitlik eenparig ten gunste van die instel=ling van so 'n raad.

* Die opvoedkundige beginsels behoort deur opvoedkundiges geformuleer te word. Alleenlik so 'n stelsel sal vertroue inboesem.

* Die ontwikkelingsgang van onder=wysersopleiding kan ten beste deur so 'n professionele raad beheer en bepaal word. Dit sal verder ver=seker dat die onderwysers tred hou met die ontwikkelingsgang.

* Dit is 'n professionele noodsaak=likheid vir die verhoging van die status van die onderwysprofessie om die genoemde raad in te stel.

Die Kommissie gee die volgende redes waarom die Nasionale Adviserende On=derwysraad nie die funksies van onder=wysopleiding kan behartig nie.

* Onderwysersopleiding is van sulke belang en so aktueel, dat 'n afson=derlike raad geregverdig is.

* Omdat die Nasionale Adviserende Onderwysraad slegs adviserend is, kan dit nie 'n nasionale beleid ten uitvoer bring nie. Verder sal 'n professionele liggaam doeltreffen=der leiding aan akademiese instel=lings bied.

* Omdat die Nasionale Adviserende Onderwysraad deur die Minister aan=gestel word en nie noodwendig met die onmiddellike praktyk bekend is nie, voel die Kommissie dat per=sone uit die professie self, meer aanvaarbaar sal wees. Die Nasio=nale Adviserende Onderwysraad kon nog nie deur die professie as "sy eie" beskou word nie, maar as 'n adviesliggaam van die Minister.

Daarom beveel die Kommissie aan dat 'n Professionele Raad vir die Oplei=ding van Onderwysers ingestel word.

Dit is egter opmerklik dat die onder=wysprofessie as sulks slegs drie ver=teenwoordigers, na oorlegpleging met die Federale Raad, deur die Gericke-verslag toegeken word.

Verder moet daarop gelet word dat die beoogde Professionele Raad slegs een Professionele faset van die onderwys=professie belig, naamlik onderwysers=opleiding.

Dit moet dus aanvaar word dat die Kom= missie in die lig van sy opdrag om op= leiding van blanke persone te ondersoek, die begrip Professionele Raad slegs een= vlakkig ondersoek het en tot die aanbe= veling geraak het dat die genoemde Raad op die ondersoekte vlak, wel 'n noodsaak= likheid vir die onderwysprofessie is.

## 4.3 VERTOË VAN DIE FEDERALE RAAD VAN ONDERWYSERSVER= ENIGINGS TOT DIE INSTELLING VAN DIE S.A.O.R.

### 4.3.1 Inleiding

Voordat die historiese beywering van die Federale Raad van Onderwysersver= enigings tot die instelling van 'n S.A.O.R. aangedui word, moet daar eers besin word oor die wese en samestelling van die genoemde Raad.

Dit is opvallend dat die professionele bewussyn van 'n enersarbeidende groep tot 'n besondere vereniging saamgebind word. Hierdie vergestalting van die groepsnorm leen hom tot koördinasie van groepsbelange waardeur die stand= punte, bydraes, en dies meer van die besondere groep na behoefte gekanali= seer kan word. Hierdie professionele verenigings skep 'n erkende forum vir bedingingsmagte wat nie slegs tot voor= deel van die besondere groep optree nie maar ook as regulator ten opsigte van die individuele lede van die groep. As mondstuk van die besondere groep bind die professionele vereniging die gedelegeerde magte tot een outoritêre

spreekbuis.

Die Federale Raad is op 22 Desember 1922 te Kaapstad in die lewe geroep. Die stigtingslede was die volgende onderwy= serverenigings:

* Natal Teachers' Society (NTS)

* Oranje-Vrystaatse Onderwysersver= eniging (OVSOV)

* Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU)

* South African Teachers' Associa= tion (SATA)

* Transvaalse Onderwysersvereniging (TO)

* Transvaal Teachers' Association (TTA)

Volgens Wet 39 van 1967, artikel 2(1)(i) het die Federale Raad wetlik adviserende inspraak ten opsigte van onderwysbeplan= ning in die Republiek van Suid-Afrika. Anders as die onderwysersverenigings wat slegs toegang tot die Provinsiale owerhede het, het die Federale Raad direk toegang tot die Kabinet. Alhoe= wel hy dus nie statutêre erkenning ge= niet nie, kan hy kragtens 'n prosedure= reëling van die Minister van Nasionale Opvoeding deur die georganiseerde pro= fessie vertoë oor diensvoorwaardes en salarisse aan die Minister voorlê. (Handleiding S.A.O.R. 1984:10).

### 4.3.2 Doelstelling en bevoegdhede van die Federale Raad

Die doel van die Federale Raad is om 'n wakende oog oor die onderwystoestande te hou. Dit is dus sy funksie

> "om die beste belange van die opvoe= ding, die onderwys en die onderwyser te dien deur gesamentlike optrede van die Federasie". (Federasie van Onderwysersverenigings van die Re= publiek van Suid-Afrika 1978:1).

Verder kwalifiseer die doelstelling hom in die bevoegdheid van die Fede= rale Raad

> "om sake wat na hom verwys word deur lede van die Federasie of wat op eie inisiatief en met goedkeuring van die lede van die Federasie op die agenda geplaas word, te oorweeg, en te behartig". (Postma 1983:42).

Dit is in die Federasie se grondwet bepaal dat slegs sake van "nie-ideolo= giese" opvoedkundige en professionele aard ter tafel geneem kan word. (Van Lill 1971:638 - 640).

### 4.3.3 Samestelling van die Federale Raad

Die Federale Raad is die beheerliggaam van nege erkende onderwysersverenigings in die Republiek van Suid-Afrika. Hier= die onderwysersverenigings is vrywillige

ledeorganisasies en is daarop ingestel om die vrywillige professionele akti= witeite van onderwysers te koördineer. Die verenigings rig vertoë van 'n plaas= like of provinsiale aard tot die onder= skeie Departemente waaronder hulle re= sorteer, terwyl sake van nasionale grondslag deur die Federale Raad ge= kanaliseer en gekoördineer word. Die Federale Raad is soos volg saamgestel (Handleiding S.A.O.R. 1983:9):

| Vereniging | Ledetal | Verteenwoordigers op Raad |
|---|---|---|
| SAOU | 10 158 | 5 |
| SATA | 3 267 | 3 |
| NOU | 2 061 | 3 |
| NTS | 4 036 | 4 |
| OVSOV | 4 640 | 4 |
| TO | 17 610 | 7 |
| TTA | 4 429 | 4 |
| SWAOU | 1 249 | 2 |
| SAVTBO | 2 180 | 3 |
| Totaal | 49 630 | 35 |

4.3.4 Die verhouding tussen die Federale Raad en die Onderwysowerhede

Artikel 2(1)(i) van Wet no. 39 van 1967 bepaal dat die Minister van Na= sionale Opvoeding by die onderwysbe= planning oorweging moet skenk aan wenke en aanbevelings van die Federale Raad. Dit word by regulasie wetlik bepaal

dat vertoë deur middel van die Fede=rale Raad via die Direkteurs van On=derwys van die provinsies en die Ad=ministrateurs aan die Minister van Nasionale Opvoeding gerig kan word (Goewermentskennisgewing R 1634).

Dit is dus duidelik dat die Federale Raad, alhoewel nie met statutêre er=kenning nie, die enigste mondstuk van die Onderwysprofessie is wat met gesag onderwys- en personeelsake kan behar=tig (Postma 1983:46).

Van die verskeidenheid van sake wat deur die jare deur die Federale Raad behartig is, staan die vertoë tot die instelling van 'n professionele be=roepsraad baie hoog op die lys.

4.4 FEDERALE RAAD VAN ONDERWYSERSVERENIGINGS SE VERTOË TOT DIE INSTELLING VAN 'N PROFESSIO=NELE BEROEPSRAAD

Onder die aktuele sake wat die Federale Raad van Onderwysersverenigings* deur die jare heen gereeld op sy vergaderings bespreek het, is die instelling van 'n Onderwysraad of Regi=strasieraad. Aanvanklik, voor die instelling van die huidige Nasionale Onderwysraad, is die

---

* Die verwysings na die notules van die Fe=derale Raad geskied by wyse van 'n datum en is beskikbaar by die Sekretariaat van die Federale Raad van Onderwysersvereni=gings.

Onderwysersraad ten nouste saam geïdealiseer in 'n Nasionale Adviesraad. Soos later in hierdie hoofstuk sal blyk, het dié gedagte na die instelling van die Nasionale Onder=wysraad, egter verander.

Vertoë vir die instelling van 'n Onderwysers=raad is feitlik net so oud soos die georga=niseerde onderwysprofessie in Suid-Afrika self. Gebrek aan volledige notules veroor=saak dat die eerste doelbewuste mosies eers vanaf 1936 in die notules aangeteken is.

In daardie jaar verskyn die volgende mosie op die agenda (Notule November 1936):

* Die Federale Raad dring by herhaling aan op die instelling van 'n Nasionale Onder=wysraad vir die Unie van Suid-Afrika.

* Die Federale Raad van Onderwysersvereni=gings van Suid-Afrika dring daar beleef=delik by die Minister van Onderwys op aan om so spoedig moontlik die vereiste stappe te neem tot indiening van 'n wets=ontwerp vir die Registrasie van Onderwy=sers. Tergelykertyd versoek die Raad die Minister om die Federale Raad by die op=stel van so 'n wetsontwerp te raadpleeg.

Op 'n volgende vergadering wat op 8 April 1939 in die ou King Edward Hotel in Port Elizabeth plaasgevind het, word die behoefte van die onderwysprofessie om medeseggenskap in die onderwys in die vorm van 'n Registrasie- of Onderwysersraad, van sulke groot belang be=skou, dat dit die tweede item op die sake=

lys is.

In sy voorsittersrede maak die Voorsitter bekend dat die:

> "Eerste Minister van ons land spesiale wetgewing in vooruitsig gestel het teneinde onprofessionele gedrag van lede van ons pro= fessie in die toekoms te voorkom" (Notule April 1939).

Oor die onderwysers se jarelange vertoë tot die instelling van 'n Nasionale Onderwysraad laat die voorsitter hom soos volg uit:

> "Jare lank bepleit ons die vorming van 'n Nasionale Onderwysraad. Die saak het by ons samekomste al 'n "hardy annual" geword."

Hy wys verder op die negering van die geor= ganiseerde professie se menings aangaande onderwyssake. In 1939 het die Interprovin= siale Adviserende Komitee by herhaling die instelling van 'n Nasionale Onderwysraad ver= werp. Klagtes oor sekere onderwysers se ge= drag kan dus nie ondersoek word nie. Anders as in die mediese- en regsprofessies moes die georganiseerde onderwysprofessie gelate met afkeuring die wanpraktyke van sommige onderwysers gade slaan sonder die nodige gesag om teen hulle op te tree.

Omdat teenkanting teen die genoemde Onder= wysraad veroorsaak dat dit 'n toekomsdroom bly, plaas die Voorsitter die idee in die vergadering se midde of die tyd nie "ryp" is om sekere statutêre magte vir die Fede= rale Raad te probeer kry nie. Dit is dui=

delik dat daar 'n gedagterigting was wat die reeds genoemde Nasionale Onderwysraad ook die professionele sy van die onderwys sou behartig.

Dieselfde bekende stem wat vandag gehoor word oor medeseggenskap in die onderwys van die ge=organiseerde professie se kant, is herhaalde kere in die verlede op Federale Raadsvergade=rings gehoor. In 1939 besef die georganiseerde professie reeds dat:

> "Ons moet in so 'n posisie te staan kom dat daar nooit gedroom word om wetgewing wat ons raak, in die vooruitsig te stel, voor=dat ons nie geraadpleeg is nie" (Notule 8 April 1939).

Die Federale Raad besluit eenstemmig om by die betrokke Minister aan te beveel dat:

> "The Federal Council being given direct re=presentation on the Ecucation Advisory Com=mittee to the Interprovincial Committee" (Notule 8 April 1939).

Op 28 Maart 1949 te Bloemfontein kom die volgende inskrywing op die notule voor:

> "dat die geaffilieerde Verenigings (Onder=wysersverenigings, skrywer) versoek word om voort te gaan met hulle pogings om Provin=siale Registrasierade vir Onderwysers be=werkstellig te kry en dat die genoemde Ver=enigings verder gevra word om deur die Se=kretaris van die Federale Raad, alle Vereni=gings op hoogte te hou van wat in die ver=skillende provinsies gedoen word" (Notule

28 Maart 1940).

Die erns waarmee die Federale Raad die instel= ling van 'n Registrasieraad beskou het, kan nie in twyfel getrek word nie indien die vurige vertoë by verskeie geleenthede in aanmerking geneem word. Dat daar vrees by sommige admi= nistrasies bestaan het dat die Registrasieraad net vir probleme gaan sorg, was te verstane as die politieke agtergrond in aanmerking ge= neem word. Kenmerkende woorde uit die dae was:

> "Indien die rade nie kwaadstokend gaan wees nie, sal hulle niksbeduidend moet wees; in= dien nie niksbeduidend nie, dan wel kwaadsto= kend" (Notule Maart 1940).

Die voorsitter vestig die aandag verder op die noodsaaklikheid van samewerking en onderlinge vertroue tussen werkgewer en werknemer. Hy sê:

> "Onderwysers besef ten volle dat hulle in die diens van 'n administrasie staan, en dat hul beroep nog boonop besondere kenmerke het. Verder erken en waardeer hulle ten seerste die noue en aangename samewerking tussen hoofde van onderwysdepartement en onderwysersverenigings. Hulle wil seer seker nie onmoontlikhede vra nie, byvoor= beeld dat Superintendente en Direkteure afstand van hul eie besondere verantwoor= delikhede sal doen nie. Hulle vra net een ding naamlik dat die georganiseerde beroep wat in die diens van die administrasies staan, die reg en die masjinerie sal kry

om in suiwer professionele sake die inisia= tief te kan neem en om dit in 'n mate te kan doen wat in die bestaande onderwysersvereni= gings onmoontlik is; hulle vra om verant= woordelikhede te mag dra, sommige van die soort wat onderwysers in die toekoms die ver= nederende posisie sal bespaar waarin hulle byvoorbeeld in 1939 verkeer het, toe hulle aantygings moes aanhoor, selfs van die ver= antwoordelikste persone in ons land, sonder dat hulle in staat was om as professie iets te kan doen om hul onskuld afdoende te bewys. Hoeseer die onderwysprofessie die beskermende arm van administrasies ook al op prys stel, begeer hy meer as dit."

4.4.1 Toestande na April 1941

In April 1941 rapporteer die onder= skeie onderwysersverenigings oor die polsing van die onderskeie Provin= siale Administrasies oor die instel= ling van Provinsiale Registrasierade soos volg aan die sekretaris van die Federale Raad:

* South African Teachers' Associa= tion (SATA), Suid-Afrikaanse Onder= wysersunie (SAOU)

Die vereniging het die volgende antwoord op hulle vertoë ontvang en is verwys na ordonansie no. 5 van 1921 wat soos volg lees:

"For the purpose of assisting the Superintendent-General it shall

be competent for the administra= tor to appoint a board of repre= sentatives of teachers to be known as the Teachers' Advisory Board.

The duties and the functions of the board as afore said shall be as provided by this ordinance. In all cases where a teacher is charged with a violation of the conditions of service laid down in this ordinance the Administra= tor may be at the request of the Superintendent-General, refer the case to the said board for consi= deration and report."

Die gesamentlike raad van die S.A.T.A. en S.A.O.U. gaan die Super= intendent-Generaal versoek om die bogenoemde klousule so te wysig dat may be met shall vervang word (No= tule Maart 1940).

* Oranje-Vrystaat

Die verteenwoordigers wys daarop dat daar reeds 'n Registrasieraad in die Oranje-Vrystaat bestaan wat 'n register van onderwysers hou en ook sertifikate uitreik. Dit is egter geheel en al 'n raad wat deur die Administrateur benoem word en die georganiseerde profes= sie het daar geen seggenskap in nie.

* Natal

  In die provinsie is die "proposal rejected by the Natal Provincial Executive Committee" (Notule 12 April 1941).

* Gesamentlike Transvaalse Afvaar= diging

  Uit die provinsie word soos volg berig:

  > "Administrator and Director both sympathetic towards formation of a professional board."

* Gesamentlike Kaapse Afvaardiging berig:

  > "Matter still under discussion between profession and Admini= stration" (Notule 12 April 1941).

Dit is duidelik dat, alhoewel nie ge= heel en al afsydig nie, die verskil= lende onderwysersverenigings die saak baie versigtig benader het.

Op 4 April 1942 rapporteer die Trans= vaalse Onderwysersvereniging dat die Onderwysdepartement van Transvaal tans besig is met 'n wetsontwerp in die op= stelling waarvan daar innige samespre= kings met die gesamentlike Komitee van die Transvaalse Onderwysersverenigings plaasgevind het.

Dit was egter die enigste Provinsie wat positief gereageer het omdat daar terselfdertyd berig word dat in die Kaap, Natal en O.V.S. geen verdere vordering gemaak is nie (Notule 4 April 1942).

Op 4 Oktober 1943 kon daar geen ver= dere vordering berig word nie.

Intussen is daar ŉ regeringsondersoek na die Aspekte van Verdere en Volwasse Onderrig van stapel gestuur. Weer eens is die georganiseerde professie nie in hierdie ondersoek geken of geraadpleeg nie.

Die Federale Raad wys daarop dat gesien in die lig van die herhaalde vorige ver= toë tot medeseggenskap en raadpleging van die georganiseerde professie waar dit te doen het met sake wat die pro= fessie raak, hierdie houding van die owerhede geensins bevorderlik vir die goeie samewerking tussen die onderskeie instansies is nie (Notule Oktober 1943).

Eenparig word die volgende verklaring in die vorm van ŉ versoek uitgereik:

> "to grant the organised teaching profession adequate representation on any Commission to deal with edu= cation matters".

In 1944 het die politieke klimaat in Suid-Afrika ŉ verandering ondergaan.

Afrikaans- en Engelssprekendes het in twee kampe verdeel geraak. Hierdie tendens het ook sy merk op die georganiseerde professie agtergelaat.

In uitvoering van 'n vorige Federale Raadsbesluit is daar begin met die opstelling van 'n konsepwet wat oor die genoemde Registrasieraad sou handel. Daar kon egter nie oor die volgende sake eenstemmigheid bereik word nie:

* Definisie van die term "onderwyser"
* insluiting van onderwysers verbonde aan privaatskole
* dissiplinêre magte van die onderskeie onderwysowerhede
* die vraag of 'n Registrasieraad alle rasse moes insluit of nie
* die voorstel dat registrasie alleenlik deur 'n erkende onderwysersvereniging kan geskied
* die vraag of die saak op 'n provinsiale basis gefundeer moes word of nie
* of die voordele aan so 'n Registrasieraad die koste sou regverdig.

Op 6 Oktober 1944 word daar voorgestel dat

* die Federale Raad ontbind moes word omdat dit nie aan sy oorspronklike doel beantwoord nie,

* die afgevaardigdes die ontbinding by hulle onderskeie geaffilieerde verenigings moet aanbeveel,

* dat 'n middel gevind word waardeur dit moontlik sal wees om, wanneer omstandighede 'n gesamentlike optrede in belang van diensvoorwaardes ver= eis, die nodige kontak met die on= derwysersverenigings te vind.

Dit is dus duidelik dat die instelling van die Registrasieraad van sulke per= tinente belang beskou is, dat die ge= organiseerde professie bereid was om hulle enigste mondstuk te versaak eer= der as om beginselstandpunt prys te gee.

Die gevolg was dat die T.O. en die O.V.S.O.U. hulle aan die Federale Raad onttrek het, terwyl die S.A.O.U. 'n wagtende houding met die oog op 'n ver= soening ingeneem het, omdat hy besef het dat die orgaan andersins magteloos sou word.

Die Federale Raad is later weer deur bemiddeling van die S.A.O.U. "in die lewe geroep" nadat ooreengekom is dat

daar voortaan slegs oor nie-konten= sieuse sake beraadslaag sal word (Die Unie April 1963).

Veranderinge het ook nie by die Fede= rale Raad verby gegaan nie, en onder ander omstandighede vergader die Raad weer in 1948.

Tydens hierdie vergadering te Bloemfon= tein lewer die voorsitter weer eens 'n pleidooi vir die instelling van 'n Regi= strasieraad.

Hy wys daarop dat die doeltreffendheid van die onderwysstelsel van die aller= grootste belang vir die volk is. As daar dus vertoë tot die instelling van 'n Registrasieraad gerig word, sal dit nie net in belang van die georganiseerde professie wees nie, maar ook in volks= belang omdat die poorte van hierdie beroep bewaak en beskerm sal word.

Hierdie saak is toe by wyse van 'n de= putasie op 16 November 1946 onder die destydse Minister van Onderwys, Mnr. J.H. Hoffmeyer, se aandag gebring. Hy het die Federale Raad aangeraai om sy versoek eers aan die Interprovinsiale Raadgewende Komitee voor te lê.

Die saak is toe na hierdie liggaam ver= wys en op sy vergadering in Januarie 1947 het dit geblyk dat die tyd nog nie "ryp" vir verdere onderhandelings is nie.

Die Federale Raad kon hom nie met hier= die toedrag van sake vereenselwig nie en op 2 Desember 1947 word daar weer 'n onderhoud met die Minister gevoer.

Intussen vind 'n verandering van rege= ring plaas. Die De Villierskommissie is aangestel en die nuwe regering wag die bevindinge van die Kommissie af.

Omdat die verslag nie gereed was nie, vertraag dit die saak (Die Skoolblad: November 1948).

In 1949 - 1950 word 'n konsepwet vir die instelling van 'n Registrasieraad opgestel en aan die betrokke minister voorgelê. Dit word egter nie aanvaar nie, omdat daar botsende menings in die professie self is.

Die regering dui egter aan dat hulle die noodsaaklikheid van 'n Adviesraad insien en op 1 November 1956 word die volgende brief aan die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap deur die sekretaris van die Federale Raad ge= stuur (Notule:Januarie 1958).

"Edele Heer

Op u vergadering van die Federale Raad van Onderwysersverenigings ge= hou te Bloemfontein op 5 Oktober 1956 is die volgende besluit geneem wat ek beleefdelik in opdrag van my Raad tot

kennis van U Edele bring met die versoek dat u die onderwysprofessie hierin goedgunstiglik sal tegemoet kom.

Die Federale Raad van Onderwysers= verenigings in Suid-Afrika versoek die owerheid dat as die, deur die Minister van Onderwys in die voor= uitsig gestelde Onderwys-Adviesraad, ingestel word, die georganiseerde onderwysprofessie behoorlike ver= teenwoordiging daarop sal gegee word.

In die vertroue dat U Edele u weg sal oopsien om aan hierdie versoek te voldoen,

bly ek met hoogagting,

u dienswillige dienaar,

(GET.) J.C. DU PLESSIS

SEKRETARIS VAN DIE FEDERALE RAAD VAN ONDERWYSERSVERENIGINGE IN S.A."

Op 27 November antwoord die Minister soos volg (Die Skoolblad Januarie 1958:4):

"Geagte dr. du Plessis

Ek het u brief van 1 deser ontvang waarin u die versoek van die Federale Raad van Onderwysersverenigings om

verteenwoordiging te hê op 'n moont= like Nasionale Adviserende Onder= wysraad, aan my oordra.

Die moontlike stigting, samestel= ling en funksies van so 'n raad vorm nog die onderwerp van onderhande= lings tussen my en die Administra= teurs van die provinsies. Dit is dus onmoontlik om op hierdie sta= dium reeds aan te dui of daar even= tueel aan die versoek voldoen sal kan word of nie. Intussen sal ek dit in gedagte hou.

Met vriendelike groete

Die uwe

(GET.) J.H. VILJOEN
MINISTER VAN ONDERWYS, KUNS EN WE= TENSKAP."

4.4.2 Na Oktober 1957

In Oktober 1957 kondig die Minister aan dat 'n Nasionale Adviserende Onder= wysraad ingestel is. Daar is egter geen verteenwoordiging aan die Federale Raad van Geaffilieerde Onderwysersver= enigings gegee nie en op 21 Oktober 1957 word die volgende brief aan die Minis= ter geskryf (Die Skoolblad Januarie 1958):

"Edele Heer

Op Donderdag, die 12de was daar 'n

berig oor die radio ten effekte dat ŉ Uniale Onderwysraad saamgestel is.

Dieselfde berig, sover ons weet, het slegs in die Sondagnuus verskyn son= der vermelding van die bron.

Ons vermoede is dat die berig moont= lik betrekking het op ŉ item oor die aangeleentheid op die Administrateurs= konferensie hierdie maand in Pretoria wat deur die beriggewer as ŉ finale ooreenkoms geïnterpreteer is.

Wat die geval ook mag wees, is dit ons plig om beleefdelik die versoek van die Federale Raad te herhaal dat, ingeval besluit mag word tot die in= stelling van ŉ Onderwysraad, die ge= organiseerde onderwysprofessie daarop verteenwoordiging gegee sal word.

Ons verwys na die brief van die Sekretaris van die Federale Raad van Onderwysersverenigings aan U Edele van 1 November 1956 waarin u ons mee= gedeel het dat oor die saak nog met die Administrateurs onderhandel word en dat u die versoek in gedagte sal hou.

Ons kan net meld dat die Federale Raad andermaal op sy vergadering van 1 Julie 1957 sy besluit herhaal het en ons opdrag gegee het om ter geleë tyd, u weer te nader met die

versoek.

Met die meeste hoogagting

U dienswillige dienaar

(GET.) H. BLIGNAULT

VOORSITTER VAN DIE FEDERALE RAAD

(GET.) J.C. DU PLESSIS

SEKRETARIS VAN DIE FEDERALE RAAD"

Hierop antwoord die Minister op 11 November 1957:

"Geagte Heer

VERTEENWOORDIGING IN DIE NASIONALE ONDERWYSADVIESRAAD

In antwoord op u skrywe van 21 Ok= tober 1957, wens ek u mee te deel dat die huidige samestelling van die Nasionale Onderwys Adviesraad, tewete die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap en die vier Ad= ministrateurs, ongelukkig nie vir verteenwoordiging van buitestaande belanghebbende liggame voorsiening maak nie. Vermeld mag word dat die Raad sy huidige beslag verkry het op aandrang van die vier Administrateurs.

Die deure is egter nie vir belang= hebbendes gesluit nie aangesien dit

u Raad en ander liggame ingevolge 'n onlangse besluit van die Nasio=nale Onderwysraad vry staan om punte vir oorweging by enige lid van die Raad in te dien.

Die uwe

(GET.) J. DE KLERK

MINISTER VAN ONDERWYS, KUNS EN WE=TENSKAP"

Dit blyk nou duidelik dat die Nasio=nale Adviserende Onderwysraad nie saamgestel is soos wat die Federale Raad beoog het nie, en daar word be=sluit om voort te gaan met die vertoë vir die instelling van 'n professionele Onderwysers- of Registrasieraad.

Op 24 Oktober 1959 word weer eens 'n poging aangewend om die betrokke Mi=nister te oortuig dat die Federale Raad as verteenwoordigend van die ge=organiseerde onderwysprofessie verteen=woordiging in die Uniale Raad behoort te verkry.

Op 1 Oktober 1960 word 'n mosie deur die Federale Raad aanvaar waarin spyt uitgespreek word oor die miskenning en gebrek aan erkenning van die geor=ganiseerde professie van die kant van die owerheidsweë.

Nietemin verwelkom die Federale Raad die instelling van die N.A.O. as 'n

stap in die regte rigting, maar spreek hom soos volg uit oor die besonderhede van die gepubliseerde wetsontwerp.

= Die Federale Raad glo dat die Uniale Onderwysbeleid gepaard moet gaan met doeltreffende gedesentraliseerde onderwysbeheer.

= Die Federale Raad glo dat die Onder= wysadviesraad nie uit voltydse lede moet bestaan nie.

= 'n Kern soos 'n voorsitter en sekre= tariaat kan wel op 'n permanente basis aangestel word.

= Die georganiseerde professie moet op die Onderwysadviesraad verteen= woordig wees (Notule 1 Oktober 1960).

Op 19 Augustus 1963 tree 'n nuwe bede= ling in die Federale Raad se vertoë tot medeseggenskap in die sake rakende die georganiseerde professie in.

Nadat dit duidelik geword het dat die N.A.O. nie aan die verwagtinge en ver= eistes soos deur die Federale Raad ge= stel, voldoen nie, verskyn daar weer 'n mosie vir die instelling van 'n Regi= strasieraad vir onderwysers in Septem= ber 1963.

Dit is dus te verstane as J.C. du Plessis, Sekretaris van die Federale Raad moede= loos uitroep: "Die onderwysprofessie

is 'n verdeelde professie".

Hy wys daarop dat die enigste bindende faktor in die professie self die Fede=rale Raad is. Dit is egter 'n blote adviserende liggaam sonder enige sta=tutêre gesag wat slegs een keer per jaar vergader.(Die Skoolblad Oktober 1962:14).

Die behoefte aan 'n saambindende raad wat daartoe sal lei dat die professie medeseggenskap op statutêre wyse kan verkry, sal nie net alleenlik die status van die onderwys verhoog nie, maar ook verseker dat die dienste aan die publiek gelewer van die hoog=ste professionele beginsels getuig.

In September 1963 word daar met hernude ywer gewerk aan 'n konsepwet vir die in=stelling van 'n Onderwysersraad.

Aan die hand van 'n konsepwet deur pro=fessor Bingle opgestel, die voorgestel=de konsepwet van 1949 en 'n memorandum van die S.A.O.U. word daar aan 'n sub=komitee onder voorsitterskap van Pro=fessor G.J. Potgieter 'n opdrag gegee om 'n konsepwet op te stel.

Daar word ooreengekom dat:

= die benaming "Onderwysersraad" aan=vaar word

= die Bantoe- en Kleurlingonderwys

in kennis gestel sal word dat daar voorberei word aan 'n konsepwet vir die instelling van 'n Onderwysers=raad vir blankes

= Onderwysverenigings sal direkte verteenwoordiging op die Raad hê

= onderwysers sal 'n meerderheid op die Raad vorm

= ongekwalifiseerde onderwysers sal voorwaardelik geregistreer word

= die voorgestelde wet van professor Bingle word verwerp. Die konsep=wet sal aan die Nasionale Advise=rende Onderwysraad voorgelê word, maar dit moet eers weer na die Federale Raad terug verwys word voor indiening tot wetgewing.

Op 2 en 3 Oktober 1964 vergader die Federale Raad in Windhoek.

Die verslag van die subkomitee wat die konsepwet moes opstel, word deur G.J. Jordaan gelewer.

Na bespreking word 'n paar kleinere wysigings aanvaar en aan die subkomi=tee word opgedra om die konsepwet fi=naal af te rond vir voorlegging aan die N.A.O.

Op 1 Desember 1964 het die Sekretaris van die Federale Raad 40 afskrifte van die konsepwet en 'n memorandum aan die

N.A.O. gestuur as synde die standpunt van die Federale Raad en dus van die georganiseerde professie in Suid-Afrika. Daar word versoek dat die konsepwet eers weer aan die Federale Raad voor= gelê word.

Op 19 Augustus word bekend gemaak dat daar nog geen reaksie van die N.A.O. se kant was nie en die sekretaris word opdrag gegee om navraag te doen.

Op 5 September 1965 ontvang die Fede= rale Raad 'n skrywe van die voorsitter mnr. S.G. Osler van die subkomitee van die N.A.O. waarin hy hom soos volg uit= laat:

> "This is merely a friendly and per= sonal letter to tell you that the sub-committee on "The Status of the Teacher" has encountered certain difficulties over aspects of the means of questionnaires but as yet the matter has not reached the de= cision stage. Nevertheless, we are making progress but do not antici= pate that the Council will be able to submit recommendations to the Minister before some time next year.
>
> This particular sub-committee of the National Advisory Education Council at its last meeting held on 18th and 20th August, felt that any possible teachers' bill should

have the ground prepared for its appearance by means of a Code of Ethics that would be acceptable to the profession. It thought the Federal Council would be the correct body to initiate such a national code, and wondered whether the Fede= ral Council would be prepared to submit such a Code for consideration by the Sub-committee.

It also expressed the view that the emphasis could be placed on educa= tional matters at meetings of teachers, the more the general public would be= come sympathetic to supporting moves designed to raise the status of teachers.

This is no way to imply that teachers may be more concerned with their own conditions of service and domestic matters, but simply to stress the prime importance of letting the pu= blic know and see that teachers are first and foremost concerned with the broad fundamental matters of sound education. I trust that you will see this suggestion in the spirit of its intention".

Op 14 November 1967 lees die Voorsitter 'n antwoord van die N.A.O. op die navraag van die Federale Raad voor:

"Graag verwys ek na u brief in ver= band met 'n navraag oor die vordering

wat met die konsep oor die Onderwy= sersraad gemaak is, en 'n versoek dat 'n eksemplaar van die konsep aan u beskikbaar gestel moet word.

Die aangeleentheid is nog nie afge= handel nie en geniet nog die aandag van die Raad.

Wat betref 'n versoek dat 'n eksem= plaar van die konsep aan u beskik= baar gestel word, moet ek u egter meedeel dal, uit die aard van die prosedure wat die Onderwysraad in verband met sy aanbevelings moet volg, naamlik dat die Raad ingestel is om die Minister, volgens Wet 86 van 1962 van raad te bedien, dit nie moontlik is om aan u versoek te vol= doen nie".

Nuwe lig het opgegaan deur Artikel (1)(i) van Wet Nr. 39 van 1967, soos gewysig deur Wet 73/69, wat bepaal dat "by die onderwysbeplanning aan wenke en aanbevelings oorweging ge= skenk moet word". Dit stel 'n nuwe vertrekpunt vir verdere ontwikkelings in die toekoms, want hiervan is onder meer reeds die volgende gesê:

"In sy nuwe rol van opvoedkundige vennootskap met die werkgewer soos deur die wet bepaal, word die pro= fessie nou vir die eerste keer in sy geskiedenis met statutêre mag

beklee om sy invloed oor die hele linie te laat geld .........' Die noodsaaklikheid van 'n statutêre Onderwysersraad met dissiplinêre magte het ons reeds in vroeëre artikels prinsipieel gestel en prakties toegelig. Ek wil graag beklemtoon dat die nuwe onderwyswet van 1967 ons ook 'n stappie nader aan daardie ideaal gebring het, want al sou die implimentering van die beginsel dat die onderwysprofessie 'n aandeel aan alle onderwysbeplanning met hê, nog 'n taak vir die toekoms wees, gee hierdie bepaling van die wet reeds statutêr 'n nuwe aansien aan die professie wat hy vroeër nooit gehad het nie" (Notule 1967).

Teoreties het die wetgewer reeds in versigtige taal die beginsel van medeseggenskap van die georganiseerde professie wat op verdere uitbouing wag, onderskryf.

Die gevolg hiervan was dat die Federale Raad weer 'n versoek aan die betrokke Minister rig vir die bespoediging van die instelling van die Onderwysersraad soos in 1964 aan die N.A.O. voorgelê.

In Mei 1968 verskyn die gekonsolideerde verslag van die Nasionale Adviserende Onderwysraad oor "Die Onderwyser".

In die voorwoord word bekend gemaak

dat dit die N.A.O. se eerste taak was, naamlik die ondersoek na die onderwy=ser en die onderwys.

Van hierdie verslag handel hoofstuk vyf oor 'n Onderwysers- of Registrasie=raad.

In die inleidingsparagraaf maak die N.A.O. bekend:

> "Die Onderwysraad het besluit om oorweging van die Onderwysers- of Registrasieraad middelerwyl op te skort, dit wil sê die Raad vereen=selwig hom nie met of verwerp nie hoofstuk 5 in hierdie stadium nie" (Gekonsolideerde verslag van die Nasionale Adviserende Onderwysraad oor die Onderwyser 1969:30 par. 14).

In die samevattende aanbeveling word aanbeveel:

> "Dat daar voor as nog nie verder aangegaan word met die voorstel oor die Onderwysers- of Registrasieraad nie" (A.w.:126).

Op 5 Oktober 1968 lê die T.T.A. 'n mosie voor die Federale Raad waarin gevra word dat die N.A.O. 'n verklaring moet uitreik waarom hulle die ondersoek na die Onderwysersraad uitgestel het en terselfdertyd moet versoek dat die konsepwet weer deur die N.A.O. oorweeg moet word.

Dit was egter duidelik dat daar 'n ver=anderde benadering ten opsigte van die vertoë tot die instelling van die ge=noemde Raad gevolg behoort te word.

Die N.T.S. lê 'n nuwe konsepwet aan die Federale Raad voor en daar word besluit dat die betrokke sekretaris tien afskrif=te aan elke Onderwysersvereniging sal stuur waarop kommentaar voor 28 Febru=arie 1969 aan die Federale Raad gelewer word.

'n Komitee bestaande uit prof. J.J. Faure, mnre. Volsteedt en Lloyd sal dan verder aan 'n konsepwet werk.

Hierdie besluit het egter onenigheid vir die geledere van die Federale Raad veroorsaak. Op 28 Desember 1968 rig die Sekretaris van die T.O. 'n brief aan die Voorsitter van die Federale Raad waarin hy daarop wys dat die Fe=derale Raad alreeds 'n konsepwet aan die N.A.O. voorgelê het as synde die stand=punt van die Federale Raad.

Anders as in 1949 is daar egter tot 'n vergelyk gekom en die georganiseerde professie kon steeds eenparig hulle vertoë voortsit.

Op die vergadering van 4 en 5 Oktober 1968 neem die Federale Raad die vol=gende besluit:

"Die Federale Raad eis dat die

> professie volwaardige professionele verteenwoordiging in die N.A.O. en enige soortgelyke liggaam moet kry. Geen professie kan werklik status hê as hy geen seggenskap oor sy eie sake het nie, maar die professie as in geheel kan beslis ook 'n waardige bydrae in daardie liggame lewer."

Die Nasionale Onderwysraad (N.O.R.) bevredig nie die professie se aspira= sies in hierdie verband nie, soos blyk uit die volgende terugrapportering van die onderskeie onderwysersverenigings (Notule 28 Desember 1968):

Die verteenwoordigers van die T.T.A. herbevestig hulle standpunt ten op= sigte van die noodsaaklikheid van die instelling van 'n Onderwysersraad.

T.T.A.

> "The National Educational Council ... is in no way a professional Teachers' Council and there is still a great need of this".

Suidwes-Afrikaanse Onderwysersvere= niging

> "Die S.W.A.O.U. het hierdie aange= leentheid op 'n Hoofbestuursvergade= ring bespreek en handhaaf sy stand= punt van die verlede, naamlik dat ons in 'n eie statutêre liggaam be=

langstel wat ons eie saak kan behar= tig."

Natalse Onderwysersunie (N.O.U.)

"Die N.O.U. wil u (die Minister - skrywer) versoek om spoedig aandag te skenk aan die stigting van 'n Nasionale Professionele Onderwysers= raad wat die hoogste professionele liggaam in die land sal wees".

Die Federale Raad besluit om die vol= gende persverklaring uit te reik:

= Die Federale Raad van Suid-Afri= kaanse Onderwysersverenigings spreek hom andermaal uit ten gun= ste van 'n Professionele Onderwy= sersraad.

= Die Federale Raad het met groot dankbaarheid kennis geneem van die voormalige Minister van Nasionale Opvoeding se verklaring in die Volksraad dat hy opdrag sal gee aan die Nasionale Onderwysraad om hierdie aangeleentheid te onder= soek.

= Die Federale Raad bied sy hulp en samewerking aan ten opsigte van die voorgenoemde ondersoek en verklaar hom bereid om 'n memorandum in te dien waarin die standpunt van die georganiseerde professie uiteenge= sit word" (Notule Oktober 1969).

In 1969 het die destydse Minister van Onderwys hom sterk uitgespreek ten gun= ste van 'n registrasieraad en vanaf 1970 het die Federale Raad en die N.O.R. daadwerklike aandag aan die saak gegee (Lemmer 1983:183).

Op 4 Mei 1970 dien die Federale Raad 'n lywige memorandum by die N.O.R. in waarin die standpunt van die georga= niseerde professie uiteengesit word.

In Oktober 1971 word 'n staande komitee bestaande uit proff. J.J. Faurie, G.J. du Toit en mnr. G. Dale aangewys om die aangeleentheid namens die Fede= rale Raad te hanteer.

Op 20 Oktober 1971 word 'n konsepwet aan die Nasionale Onderwysraad oorhan= dig.

Dit is duidelik dat die saak besondere aandag van die N.O.R. ontvang want op 15 Desember 1971 word kommentaar op die Federale Raad se konsepwet gelewer en aan die Federale Raad terug besorg met die verwysing dat veral die magte en funksies van die voorgestelde Onderwy= sersraad probleme oplewer. Die Fede= rale Raad se konsepwet word puntsge= wys bespreek en 'n voorgestelde kon= sepwet opgestel deur die N.O.R. aan die Federale Raad voorgelê.

Die Uitvoerende Komitee van die N.O.R. was egter van mening dat die beoogde Onderwysersraad slegs as 'n adviserende

raad moet wees (Notule Januarie 1972).

In die kommentaar van die geaffili= eerde Onderwysersverenigings op die kommentaar van die N.O.R. spreek die onderskeie verenigings soos volg uit:

Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (S.A.O.U.)

> "Omdat die N.O.R. die beginsel van toekenning van uitvoerende magte verwerp, kan die S.A.O.U. nie verdere kommentaar lewer nie, maar beveel aan dat daar verder oor die saak onder= handel behoort te word."

Transvaal Teachers' Association (T.T.A.)

> "We consider the Draft Bill of the National Education Council to be unacceptable".

Natalse Onderwysersunie (N.O.U.)

> "Die N.O.U. kan nie aanvaar dat die voorgestelde Raad slegs adviserend kan wees nie en spreek hom sterk uit teen 'n raad wat slegs ten doel sal hê om onderwysers te registreer".

Natal Teachers' Society (N.T.S.)

> "The N.T.S. stands firmly by the basic principles of the Draft Bill proposed by the Federal Council and rejects the N.E.C. proposition that

> a Teachers' Council should have Ad= visory Powers only".

South African Teachers' Association (S.A.T.A.)

Ook hierdie vereniging verwerp die voorgestelde Raad van die N.O.R. op grond van sy blote adviserende hoe= danigheid,

Transvaalse Onderwysersvereniging (T.O.)

> "Die T.O. verwerp die voorgestelde Raad en wys daarop dat die voorge= stelde raad deur die N.O.R. 'n sterk moontlikheid van mislukking voorspel met al sy nadelige gevolge."

Oranje-Vrystaat Onderwysersvereniging (O.V.S.O.V.)

> "Die Dagbestuur spreek sy teleur= stelling uit dat die konsepwet van die N.O.R. nie uitvoerende magte aan die Onderwysersraad goedkeur nie."

Dit gaan egter vir die onderwyspro= fessie om die standpunt dat die reg om in 'n groot mate beheer uit te oefen oor die onderwys en die onder= wysberoep, ten grondslag van die pro= fessionele status van die beroep lê. Slegs na erkenning van hierdie begin= sels is die Federale Raad bereid om verder oor hierdie aangeleentheid met

die N.O.R. te onderhandel. As alternatief word voorgestel dat 'n regerings-kommissie benoem word om getuienis aan te hoor en die saak te ondersoek (Lemmer 1983:184).

Op 4 Mei 1970 bevestig die Federale Raad weer eens die standpunt dat dit vir hom meer as net 'n Registrasieraad gaan: dat die georganiseerde professie 'n professionele Raad met uitgebreide statutêre bevoegdhede verlang, insluitende onder andere die professionele tugreg en die reg wat alle beroepe besit om self die poorte van hulle beroepe te bewaak ten opsigte van keuring, toelatingsvereistes, verlangde standaarde van opleiding en dies meer, alhoewel binne die perke van die vennootskapsverband (Notule:4 Mei 1970).

Op 30 September 1972 word besluit om 'n afvaardiging na die buiteland te stuur om ondersoek in te stel na die praktiese aspekte in verband met die instelling van 'n Suid-Afrikaanse Onderwysersraad. Professor J.J. Fourie word afgevaardig. Op 26 September 1973 word 'n komitee bestaande uit prof. J.J. Fourie, mnre. H.C. Botha en J.F. Steyn benoem om spoedeisend na die praktiese aspekte 'n ondersoek in te stel wat kan dien as riglyn vir toekomstige onderhandelinge vir die instelling van 'n professionele Onderwysersraad.

Intussen het die uitvoerende komitee van die Nasionale Onderwysraad ge= slaagde samesprekings met die onder= wysdepartemente gevoer waaruit blyk dat die beginselgrondslag wat die pro= fessie gestel het as basis sou dien vir die voorbereiding van die wetge= wing om die stigting van die Onder= wysersraad te magtig.

Intussen is die instelling van die be= roepsraad deur die Nasionale Onderwys= raad bespreek en 'n voorlegging aan die minister gemaak.

Die Federale Raad voel beswaard omdat hulle as verteenwoordigers van die onderwysprofessie nie vooraf geken is nie, veral omdat sekere voorstelle onaanneemlik was.

Op 30 November 1973 word 'n brief aan die minister gestuur waarin beswaar gemaak word oor die werkswyse van die Nasionale Onderwysraad. In die brief word dit onder die aandag van die Mi= nister gebring dat die Federale Raad hom reeds jarelank vir die instelling van 'n professionele Onderwysersraad beywer.

Nieteenstaande vorige reëlings dat die onderwysprofessie in onderwyssake geken moet word, is voorleggings aan die minister gedoen sonder om eers die Federale Raad oor die aanvaarbaarheid

daarvan te raadpleeg.

In antwoord op 18 Desember 1973 is dit duidelik dat daar reeds ver gevorder is met die opstelling van 'n konsepwet ter instelling van die Onderwysersraad en dat die minister onbewus was van enige verskilpunte. Die toegewing word egter gemaak dat die Federale Raad weer 'n konsepwet moet voorlê en ook in ge= sprek met die Sekretaris van Nasionale Opvoeding moet gaan.

Tydens die vergadering wat op 30 April 1974 gehou is, word die volgende as= pekte wat met die oog op die instel= ling van die Onderwysersraad bespreek:

Samestelling van die Raad, verteen= woordiging van privaatskole, registra= sie van die Onderwysersraad, die hou van 'n register, daarstelling van komi= tees, opstel van die gedragskode, dis= sipline, indiensneming, finansies, personeel en diensvoorwaardes en pro= sedurereëlings.

Op 2 Mei 1975 vind 'n vergadering tussen die sekretaris van Nasionale Opvoeding en die Federale Raad plaas. Sekere besware word aan die sekreta= ris oorgedra. Omdat die Federale Raad nie die instelling van die Onder= wysersraad verder wou vertraag nie, word daar tot 'n ooreenkoms geraak.

Op 15 Desember 1975 vind die belang= rike vergadering van die Federale Raad

plaas waartydens die finale gegewens vir die wetgewing ter indiening van die wet in die Parlement bespreek word.

Op 28 April 1976 is die wet op die Suid-Afrikaanse Onderwysersraad vir Blankes in die Volksraad deur die Minister van Nasionale Opvoeding in= gedien en op 26 Junie 1976 is die Wet (No. 116 van 1976) in die Staats= koerant gepubliseer.

Op 25 Maart 1977 het die eerste Raad gekonstitueer ooreenkomstig die voor= skrifte en regulasies soos in die genoemde wet vervat (Lemmer 1983:186).

Daarmee is die professionele ideaal verwesenlik.

## 4.5 LAASTE PROBLEEMSTELLING

In die hieropvolgende hoofstuk word 'n terug= blik gewerp op dit wat reeds in die vorige hoofstuk oor besin is. Dit is ook nodig om die S.A.O.R. aan die essensiële kriteria te toets ter evaluering daarvan.

Ten slotte sal daar 'n vooruitskou gemaak word met die oog op die nuwe politieke bedeling wat op die professionaliteit van die onderwys be= trekking het.

HOOFSTUK 5

# 5. SAMEVATTENDE SLOTOPMERKINGS EN AANBEVELINGS

## 5.1 INLEIDING

Die inhoud van die voorafgaande hoofstukke verteenwoordig die uiteensetting van die betitelingsuggestie dat daar langs fenomeno= logiese weg 'n dwarskyk gelewer is ter verha= ling van die historiese verloopsgebeure wat gelei het tot die daarstelling van die S.A.O.R.

Die beskikbaarstelling van die feitelike ge= gewens het hopelik bygedra om 'n geheelbeeld te bied van die tersaaklike historiese terug= grypings wat toeligtend in hierdie saak op= getree het.

In hoofstuk een is 'n uiteensetting van die vernaamste begrippe waarmee in die monografie kennis gemaak is, gegee.

In hoofstuk twee is aandag geskenk aan die erkenningskriteria wat kon dien as die pro= fessionele essensie in die andragogies-peda= gogiese besinning oor die ageinsopgawe.

In die uitkoms van die vasgestelde normatiewe het dit duidelik geblyk dat, 'n wedersydse andragogiese begryping en respektering alleen= lik suksesvol kan wees, indien dit sinvol toe= gepas kan word.

In teenstelling met die ongeborgenheid van on=gebonde arbeid, tree daar in die professionele beroepstruktuur 'n geborgenheidsnood na vore. Hierdeur tree die oerbelewinge van soortelike afbakening sterk motiverend op die voorgrond. Desgevolgs word die oorkoepelende en allesin=sluitende credo in die professionele konsep vergestalt in die begrip van "besondere ver=antwoordelikheid". Daarom is daar in hoofstuk twee beklemtoon dat die onderwyser in die be=stel van die S.A.O.R. andragogiese inwerkings ondergaan maar ook in die nawerking tot verant=woording geroep word.

In hoofstuk drie is die ervaringsgebeure en die funksionele werking van die General Teaching Council in Skotland ondersoek. Hier=die historiese teruggryping was noodsaaklik omdat die fundering van die S.A.O.R. terug=gevoer kan word en gebou is op die Skotse Raad.

In die voorafgaande hoofstuk is die histo=riese aanloop wat gelei het tot die instel=ling van die S.A.O.R. verhaal. Om die nood=wendigheid van die daarstelling van 'n pro=fessionele Raad te verbeeld, was dit nodig om beide die maatskappy se siening en dié van die georganiseerde onderwysprofessie se strewe uit te wys.

Die vraag moet egter nou gevra word of die onderwysprofessie deur die daarstelling van die S.A.O.R. positief kan antwoord op die professionele essensiekriteria?

## 5.2 TERUGSKOU AAN DIE HAND VAN NORMATIEWE ANDRA=GOGIESE ERKENNINGSKRITERIA

5.2.1 Bedrywigheid in unieke deskundige dienslewering

"Per definisie lewer profes= sionele persone 'n essensiële en gespesialiseerde diens aan die gemeenskap ... ge= woonlik onontbeerlik van aard" (Vergelyk hoofstuk 2:34).

Uit hierdie bedrywigheidstruk= tuur word die professionele bestaansreg benadruk. Om uniek te wees impliseer enig= heid van soort. Soortelike enigheid beklemtoon die uit= staande en besondere herken= bare wese van die voorwerp of idee wat in die onderwys gekenmerk word deur die def= nitiwiteit van die funksie= vervulling.

Alhoewel die besettingsveld uniek moet wees en dienste gespesialiseerd gelewer moet word, moet hierdie diens ook noodsaaklik wees. Dit moet deel wees van die verbete= ring van die menslike be= staan.

As Stinnett (1962:12) die belangrikheid van die onder= wysprofessie beskryf, sê hy:

"Teaching is the central lake out of which flow the streams of competence of

all other endeavers."

Tereg merk De Witt op: (1979:221)

"Die totstandkoming van hierdie Raad is 'n deurbraak waarvoor die georganiseerde onderwys baie lank en hard geveg het en waar dit in die verlede een van die kriterias vir volwaardige professionele status was ten opsigte waarvan die onderwysberoep in verge= lyking met ander erkende beroepe 'n groot agterstand gehad het, is die saak nou in die reine gebring".

As daar in ag geneem word dat die S.A.O.R. naas die G.T.C. die enigste profes= sionele beroepsraad van 'n onderwysprofessie in die wêreld is, bevestig dit hierdie unieke essensie.

5.2.2 Vertrouende instemming

"Per definisie word slegs professionele persone as vertrouende gesagsfigure in hulle onderskeie vakgebiede beskou" (Vergelyk hoofstuk 2: 35).

Die vraag kan tereg gevra word of die S.A.O.R. 'n man= daat van 'n vertrouende in=

stemming op professionele vlak geniet? Die antwoord hierop is ondubbelsinnig: Professionaliteit volg al= leenlik nadat vertrouende instemming onlosmaaklik aan elke professionele essensie gekoppel is. Daarom bestaan daar 'n ontiese band tussen hierdie essensies en al die ander professionele essen= sies vanweë die hermeneutiese triade wat onderling tussen al die essensies bestaan. (Vergelyk Pitout 1984:40).

Die statutêre magte wat per wet aan die S.A.O.R. toege= ken is dien onomstootlik as bevestiging van die vertrou= enstatus wat deur die maat= skappy aan die onderwyspro= fessie toegeken is.

5.2.3 Gedragsgemoeide lewenskode

"Per definisie vorm dit die kern en die basis van die persoon se moraliteit en integriteit rakende die modus operandi van professionali= teit" (Vergelyk hoofstuk 2: 36).

Waar die primêre doel van die Raad is om agting vir die onderwys en onderwysbe= roep en die aansien van die= gene wat in die onderwysbe=

roep staan te handhaaf en te bevorder, tree hierdie essensie onwegdinkbaar in die professionele konsep na vore. Die kardinale belang=rikheid van hierdie essensie gee aansien, status en er=kenning aan die onderwyser. Dit verskaf egter ook aan die gemeenskap die waarborg dat professionele dienste van hoë gehalte gelewer sal word. Die gedragsgemoeide lewenskode van die professie skep 'n vertrouenshouding wat teenpresterend waarborge aan die maatskappy lewer (Hand=leiding S.A.O.R. 1983:27).

'n Dieptesiening oor die es=sensie kan nie beter beklem=toon word as deur die woorde van die digter nie:

> "Gietvorms van die jeug,
> ons vra
> dat julle harte deernis
> dra;
> Jul bou met meer as staal
> en steen;
> Ons volkswees wentel om
> jul heen."
> (Watermeyer: Republiek van
> 'n Duisend Jaar).

Die gedragsgemoeide lewens=kode soos beliggaam in die

S.A.O.R. skep die regte kli= maat vir die uitbreiding van 'n gesonde verhouding tussen die maatskappy en die profes= sie. Deur die instelling van die statutêre Raad is hierdie essensie verhef tot 'n professionaliteitsbeginsel wat op wedersydse vertroue, begrip en gedragsuitoefening gegrond is.

5.2.4 Verantwoordelik= heidsoutonomie

"Per definisie gaan alle professionele handelinge teenoor die gemeenskap ge= paard met 'n strenge sin van toegewyde verantwoordelik= hede, wat op sigself die kern van die professie is" (Vergelyk hoofstuk 2:37).

Aan die waarheid van hierdie essensie het die onderwys nog nooit mank gegaan nie. Die fondament van die onder= wysgeskiedenis berus nog al die jare op die feit van ou= tonome verantwoordelikheid. Verantwoordelikheid veronder= stel verpligtings en dit bring mee dat die lede van die on= derwysprofessie verantwoorde= like vryheid van beslissings moet hê. Deur die klem op verantwoordelikheid te laat val, skuif hierdie essensie direk onder die vleuels van die S.A.O.R. in. Die daar=

stelling van die S.A.O.R. het dus statutêre sin aan hierdie essensie gegee (Vergelyk Handleiding S.A.O.R. 1983:27 tot 30).

5.2.5 Intellektuele gespesialiseerde vaardigheid

"Per definisie skep die intellektuele benadering in die vakkundige sienswyse van die professionele persoon rakende sy werk 'n basis van vertroue en gerustheid by die gemeenskap" (Vergelyk hoofstuk 2:38).

In teenstelling met die tydperk voor 1977 het die onderwysprofessie deur die S.A.O.R. statutêre inspraak verkry oor die graduele vaardigheidsvereistes waaraan sy lede moet voldoen. Artikel 20 (Handleiding S.A.O.R. 1983:22) bepaal dat niemand wat nie geregistreer of voorwaardelik geregistreer is nie, mag skoolhou nie. Om te kan registreer, met ander woorde, om goedgekeur te word om as onderwyser te praktiseer, moet 'n persoon eers aan die minimum vaardigheidsvereistes voldoen. Die magte wat aan die S.A.O.R. toegeken is, gee dus aan hierdie essensie geldigheidswaarde.

5.2.6 Progressiewe vakkundige verbreding

"Per definisie moet professionele persone in alle opsigte student bly rakende sy studiegebied want die gemeenskap vereis dit en dit verbeter die vertrouensverhouding teenoor die professionele persoon" (Vergelyk hoofstuk 2:39).

Oor hierdie essensie stel De Witt dit so:

> "Die eietydse onderwysstudent moet steeds 'n wyerwordende kennisterrein baasraak voordat 'n kwalifikasie aan hom uitgereik word ...... ook omdat daar aan die kant van die Komitee van Onderwyshoofde spesifieke standaarde gestel word" (De Witt 1979:11).

Artikel 18(d) van die wet het ook hier inspraak aan die professie gegee want die S.A.O.R. moet die Komitee van advies dien in verband met die vereistes van die opleiding van persone om by 'n skool onderwys te gee en die vereistes vir toelating tot 'n kursus vir sodanige opleiding.

5.2.7 Lewensroeping

"Per definisie sal die lewenslange toegewyde beoefe=

naar die professionele ide= aal onbevraagtekend en in beroepspermamentheid nastreef sonder persoonlike addendums" (Vergelyk hoofstuk 2:42).

Hierdie essensie van lewens= roeping as professionele kri= terium oorkoepel alle ander essensies in die sin dat die verhewe vlakkigheidsgraad wat hier ter sprake is, bo= kant die begrip van lewens= beroep uitstyg. In artikel 3 van die Credo van die S.A.O.R. beklemtoon die vol= gende sinsnedes die roepings= gedagte as die alfa en omega van die onderwysprofessie:

= Die onderwyser oefen sy roeping uit in die erken= ning van die beginsel dat die opvoeding in hierdie land gegrondves is op die Bybel.

= aanvaar dat karakteropvoe= ding deel van die opvoe= dingstaak is en stel met woord en daad die voor= beeld van bevordering van die hoogste sedelike stan= daarde (Handleiding S.A.O.R. 1983:27 en 28. Sien ook Bylae B).

Hierdie professionele essen=

sie bly dus onbestrede staan.

5.2.8 Selfregerend en ook selfreëlend rakende beleid

"Per definisie is dit die professionele beheerliggaam wat na sy lede se belange omsien en wat alles vir die betrokke professie veil het" (Vergelyk hoofstuk 2:43).

Die doelstellings van die S.A.O.R. is om agting vir die onderwys en die onder= wysberoep en die aansien van diegene wat in die on= derwysberoep staan, te hand= haaf en te bevorder deur on= der meer:

= hom te beywer om die stan= daarde van die professio= nele opleiding in die on= derwys te handhaaf en te bevorder;

= die standaard van profes= sionele gedrag in die on= derwys te bepaal en te verseker dat dit gehand= haaf word en doeltreffende beheer oor professionele gedrag van onderwysers en ander geregistreerde per= sone uit te oefen.

Alhoewel die instelling van die S.A.O.R. aan 'n baie groot behoefte voldoen het, is dit nie moontlik om volle beheer

oor <u>al die aspekte</u> van die onderwys uit te oefen nie.

Tereg skryf die redakteur van Die Unie dat die leiers van die georganiseerde on=derwys maar te duidelik be=sef dat die Raad nie al die magte en funksies het wat hulle gevisualiseer het nie. Langs die weg van ewolusie kan die magte en die funk=sies van die Onderwysersraad in die toekoms verder uitge=bou word (Die Unie 1967:104).

<u>In die verantwoording teen=oor die essensie moet daarop gewys word dat alhoewel die S.A.O.R. nie geheelomvattend outonoom op algemene beleids=vlak is nie, dit wel selfre=gerend en selfreëlend ten opsigte van sy professionele deelnemers is; dus essen=sieverantwoordbaar</u>.

5.2.9 <u>Status</u>

"<u>Per definisie is dit die titseltjie misterieusheid waaroor die professionele persoon beskik en wat re=spek afdwing</u>" (Vergelyk hoofstuk 2:43).

Tereg merk Rudolph op dat

> "status nie 'n heilstoe=stand is nie, maar die ge=volg van getroue werk" (Rudolph in Onderwysnuus=flits Junie 1966:24).

As McIvor die mening toege=daan is dat

> "'n onderwyser, op die keper beskou, die man met die be=langrikste werk op aarde is"

impliseer status iets meer as net die hoogsbesoldigde persoon.

Met die statutêre erkenning van die S.A.O.R. is dit lands=wetlik uitgespel dat die on=derwysberoep in die oë van die landsregering gemeriteer word tot 'n gerespekteerde instelling wat op spesiale erkenning geregtig is en aanspraak mag maak.

5.3 DIE BETEKENIS VAN DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE S.A.O.R.

Alhoewel dit nie ontken kan word dat die daar=stelling van die S.A.O.R. en die bevoegdhede daaraan toegeken, nie aan al die verwagtinge van die onderwysprofessie voldoen het nie, moet daarteenoor ook toegegee word dat dit 'n mylpaal in die onderwysgeskiedenis was. Hierdeur kon die status en die aansien van

die onderwysberoep tot 'n gespesialiseerde vlak uitgebou word waar medeseggenskap, al is dit in sommige gevalle slegs adviserend van aard, tot skering en inslag aangewend word. Deur middel van die S.A.O.R. het die onderwys-in-organisasie direkte inspraak en medeseggenskap in die belangrike onderwyssake verkry waardeur die onderwysberoep doeltref=fender gemaak kon word omdat strenger interne beheer en organisasie moontlik was (Postma 1983:52).

Daardeur versterk die S.A.O.R. die onderwys=verenigings en neem nie bevoegdhede en funk=sies van genoemde verenigings oor nie (Die Unie November 1976:177 tot 199).

## 5.4 DIE VERHOUDING VAN DIE S.A.O.R. TOT DIE FEDE=RALE RAAD

Skakeling van die verskillende onderwysers=verenigings is deur die Minister van Nasionale Opvoeding in oorleg met die Administrateurs soos volg bepaal:

> "Die konstituerende onderwysersverenigings rig vertoë van gemeenskaplike belang vir die georganiseerde onderwysprofessie in die Republiek van Suid-Afrika deur bemiddeling van die Federale Raad van Onderwysersvere=nigings, of na oorlegpleging met die Direk=teur van Onderwys deur bemiddeling van die Administrateur van die Provinsies waarin die onderwysersvereniging funksioneer, tot die Minister van Nasionale Opvoeding" (Lemmer 1978:197).

In geen opsig neem die S.A.O.R. dus die funk= sies van die onderwysersverenigings of die Federale Raad oor nie.

Die verenigings en die Federale Raad gaan steeds voort vir die beywering van die be= lange van hulle lede op die verskillende ter= reine en vir die verbetering van die diens= voorwaardes en diensomstandighede. Daarteen= oor gee die S.A.O.R. wetlike status aan die onderwysprofessie maar is nie ingestel om die uiteenlopende funksies van die onderwysersver= enigings te vervul nie (Die Unie 1979:102).

Die vraag moet nou gevra word of die oomblik nie aangebreek het dat daar 'n besinning oor die groeperingsfunksies van die S.A.O.R. en die Federale Raad en aanverwante instansies moet plaasvind nie? Die volgende probleem= areas verg verdere besinning:

## 5.5 PROBLEEMAREAS

### 5.5.1 Registrasie

Die eerste probleem wat geïdentifiseer word is die huidige registrasiestelsel. Die vraag wat eerstens beantwoord moet word, is of die huidige byhou van die register die gepaardgaande administratie= we uitgawes regverdig en aan die be= ginselgedagte van medeseggenskap vol= doen?

Reeds so vroeg as in 1940 het Taute aanbeveel dat die registrasie van ge= kwalifiseerde onderwysers by die on=

derwysowerhede gelaat moes word. Waar die S.A.O.R. volgens wet 'n register moet aanhou wat in der waarheid 'n du=plisering van die owerheids-in-dienslys is, word die vraag gevra of hier=die simboliese handeling nie met 'n konstruktiewer stelsel vervang kan word nie?

'n Moontlikheid is om per reëling 'n positiewe en negatiewe register daar te stel. Die negatiewe register kan deur die S.A.O.R. met nog steeds die=selfde statutêre pligte, op datum ge=hou word en op 'n ko-funksionerings=vlak saam met die betrokke owerheids=instansie geïmplimenteer word. Alle dissiplinêre sake word in die nega=tiewe register aangeteken en dienoor=eenkomstig mee gehandel.

Indiensneming deur die owerheidsin=stansies kan dus geld as gekontroleer=de registrasie van 'n onderwyser, dit wil sê, die positiewe register. By implikasie beteken dit dat die ooreen=gekome en statutêr bepaalde minimum-toelatingsvereistes in werking gestel word by elke aanstelling. Verder word indiensneming dan ook geag as 'n goed=gekeurde registrasie.

Die tweede saak wat besinning verg is professionele tug.

### 5.5.2 Professionele tug

Onder die huidige omstandighede kan dit gebeur dat 'n persoon tot selfs aan drie verskillende instansies oor die=selfde oortreding verantwoording moet doen. Ondersoek moet ingestel word of die huidige bestel nie so aangepas kan word dat daar steeds per statutêre reëling koördinasie kan plaasvind waar die onafhanklike meerledige vorm van tuguitoefening in een sentrale liggaam byeengetrek kan word nie. Behalwe vir 'n suksesvoller praktyksvervulling sal dit ook die ko-funksioneringsbasis tussen die S.A.O.R., die Federale Raad en die Werkgewer versterk. Daarvoor sal 'n funksionele amalgamasie van die drie genoemde instellings nodig wees. Om dit te kan bewerkstellig moet daar eers na "medeseggenskap" gekyk word.

5.5.3 Medeseggenskap

Soos voorheen in hierdie monografie gestel, is en bly dit steeds die ideaal van die onderwysprofessie om groter me=deseggenskap in die totale onderwyslei=ding te verkry.

Omdat daar geen sprake van volkome be=heer kan wees vanweë die werkgewer-werknemer bedeling in die onderwys nie, moet daar na ander weë gesoek word waar die professie groter inspraak in die totale beleidsinfrastruktuur kan kry. Gedagtig aan voorgenoemde moet daar besin word of die onderwysprofessie steeds moet aandring om groter pro=

fessionele seggenskap vir die bestaan=de statutêre liggaam, naamlik die S.A.O.R. te verkry en of daar beweeg moet word na 'n nie-statutêre liggaam soos byvoor=beeld die Federale Raad, maar met sta=tutêre funksie-erkenning van aangewese behoeftes.

Dit sal meebring dat daar 'n gedifferen=sieerde amalgamasie van die S.A.O.R. en die Federale Raad kan plaasvind, maar met besliste uitgewese statutêre erken=de funksies.

Sonder om tot die fynste besonderhede te ontleed kan 'n aksieliggaam, byvoor=beeld so saamgestel word:

Registrasieliggaam met 'n belangever=deling soos volg:

Komitee van Onderwyshoofde
Opleidingsinstansies
Georganiseerde onderwysprofessie. (Die Federale Raad, waarin die S.A.O.R. op=geneem is, as 'n nie-statutêre liggaam verkry dan inspraak en dus medeseggen=skap met statutêre byfunksies.)

Op dieselfde grondslag kan ander spe=sialiteitsliggame saamgestel word.

Die voordele van so 'n voorgestelde nie-statutêre professionele aktiwi=teitsliggaam met statutêre vasgestel=de diensfunksies sal in die eerste plek die georganiseerde professie op

'n ko-funksioneringsvlak plaas met verantwoordelike voordele vir die onderwysprofessie en die onderwys.

Dienspakketbedinging sal as nie-statutêre komponent die huidige bedeling ewenaar. Daarteenoor sal die professie gespesialiseerde kennis op infrastruktuurfasette van die onderwys op 'n statutêrbegronde wyse kan inlê.

5.5.4 Finansies

Finansiering kan ook op 'n deelgenootskap berus. Statutêre funksieverpligtinge wat deur die onderwysprofessie verrig word kan amptelik befonds word terwyl 'n eensoortige verpligte bydrae van die onderwysers vereis word. Omdat die professionele aktiwiteitsliggaam statutêr-verpligte funksies sal vervul kan daar, alhoewel lidmaatskap aan onderwysersverenigings vrywillig is, 'n verpligte bydrae van alle onderwysers deur die salarisbetalende owerheid ingesamel word en aan die Federale Raad oorbetaal vir 'n pro rata verdeling onder die onderskeie onderwysersverenigings.

In samehang met voorgaande vereis die staatkundige bedeling egter dat daar 'n toekomsgerigte besinning moet plaasvind.

## 5.6 DIE MOONTLIKE TOEKOMSTIGE PROFESSIONELE KONSEP GEGROND OP DIE "WITSKRIF OOR ONDERWYSVOORSIENING IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA (1983)."

Volgens die Wet op die Suid-Afrikaanse Onder= wysersraad vir Blankes 1977, (Wet 116 van 1977) soos gewysig, word in artikel 14(2) bepaal dat onderwyssake wat eie aan 'n groep is, as 'n "eie" saak" sal plaasvind. Kulturele en lewensbe= skoulike beginsels sal dus nie deur die een groep op die ander afgedwing word nie. (Wit= skrif oor Onderwysvoorsiening in Suid-Afrika 1983:5).

Die Blankes, Kleurlinge en Indiërs sal dus geadministreer word deur 'n Minister wat lid van die betrokke groep is en in die Ministers= raad verteenwoordig is. Daarteenoor sal die Onderwys vir Swartes funksioneer onder 'n Mi= nister wat lid van die Kabinet is.

Nasionale tendense soos salaris, diensvoor= waardes en fasette wat nie kultureel of le= wensbeskoulik eie aan 'n groep is nie, sal as 'n "algemene saak" beskou word.

In die begrondingsbesinning van die toekoms= tige onderwysbedeling moet die verwagte daar= gestelde strukture in die nodes, behoeftes en ideale van die professie wortel. Dit is daar= om bindend en noodsaaklik dat in die landsop= set, die verskillende bevolkingsgroepe se as= pirasies en verwagtinge in berekening gebring moet word (Notule S.A.O.R. 28 Maart 1984:3).

In die Witskrif oor Onderwysvoorsiening in die Republiek van Suid-Afrika word onder pa= ragraaf twee, (1983:2) twee belangrike funk= sies deur die regering uitgesonder, te wete,

= om stelsels vir onderwysvoorsiening tot

stand te bring, en

= om op gekoördineerde wyse hulpbronne aan genoemde stelsels beskikbaar te stel.

Die Wetsontwerp op die Nasionale Beleid vir Algemene Onderwyssake wat reeds by die parlement ingedien is, grondves elf beginsels vir die onderwysvoorsiening wat in onderlinge samehang met mekaar vertolk moet word.

Beginsel 10 (artikel 2(1)94) handel oor die professionele status van die onderwyser en dosent.

Van belang vir die doeleindes van hierdie studie word daar in paragraaf 4.5.2 voorsiening gemaak vir:

= 'n Onderwysberoepsraad vir elke bevolkingsgroep, en

= 'n Sentrale Registrasieliggaam, saamgestel uit die verteenwoordigers van die onderskeie beroepsrade.

Omdat samewerking vir die suksesvolle uitoefening en funksionering van die bedeling noodsaaklik is, is dit eers nodig om na die begrip ko-funksionering te kyk.

### 5.6.1 Die begrip Ko-funksionering

Ontledende verklarings van die begrip ko-funksionering in die onderwyssituasie dui dat daar op 'n deurlopende grondslag met die georganiseerde onderwyspro=

fessie onderhandel moet word. Hierdie onderhandelingsgedagte eindig nie in die werknemer-werkgewer konsep nie maar word in die nuwe staatkundige bedeling uitgebou tot 'n vierhoekige grondslag wat alle belanghebbende professionele bevolkingsgroepe in die Republiek van Suid-Afrika insluit.

Desgevolgs is dit nodig om in die kon= teks van die onderhawige studie die begrippe Registrasie en Beroepsraad te ondersoek omdat ko-funksionering hier tot sy volle konsekwensies uit= gevoer moet word.

5.6.2 Sentrale Registrasieliggaam (Algemene Onderwyssaak)

In die Witskrif (paragraaf 4.5.2:10) word voorsiening vir 'n Sentrale Regi= strasieliggaam van gekwalifiseerde on= derwysers as algemene saak, gemaak. Die Sentrale Registrasie Raad word saamgestel uit die afgevaardigdes van die verskillende professionele Beroeps= rade met die volgende funksies:

= Om 'n register van alle onderwysers, onderwysersopleiers en onderwysstu= dente, asook ander kategorieë onder= wyspersoneel, te hou.

= Om gemeenskaplike minimum standaarde vir toelating tot onderwysersoplei= ding en vir toetrede tot die beroep te bepaal en te koördineer.

Dit moet beklemtoon word dat die onderwys 'n professie is en dat in die bepaling van die minimum vereistes vir registrasie hiermee rekening gehou moet word. Erkenning van huidige verskille sal geskied deur onder andere daarvoor voorsiening te maak dat die onderskeie professionele rade vereistes sal kan stel wat addisioneel tot die minimum vereistes is.

= Om algemeen-geldende norme van professionele gedrag te bevorder.

= Om op die gebied van opleiding en navorsing oor professionele sake binne sy bevoegdhede, skakeling tussen onderwysgemeenskappe en ander belanghebbende instansies te bewerkstellig en te bevorder.

= Om gelde te bepaal vir die uitvoering van sy werksaamhede.

= Om komitees saam te stel ten einde hom in staat te stel om sy gespesialiseerde funksies te behartig.

= Om die koördinering van voorleggings van die onderskeie professionele rade te hanteer waar van toepassing.

= Om met die Minister van Onderwys (Algemene Sake) oor diensvoorwaarde-aangeleenthede en ander professionele sake op die makrobeleidsvlak

(Algemene Sake) te onderhandel.

= Om goeie onderlinge samewerking tussen die verskillende professio= nele rade in verband met sake van gemeenskaplike belang te handhaaf en te bevorder.

5.6.3 Professionele Beroepsrade (Eie Onder= wyssaak)

Hierdie Rade funksioneer binne die be= volkingsgroep aan wie hy diens lewer en adviseer die betrokke Minister van Eie Sake.

Tugsake word deur hierdie Rade vir elke bevolkingsgroep afsonderlik hanteer. Indien daar nie 'n Raad vir die betrokke bevolkingsgroep bestaan nie, word die tugondersoek deur die betrokke Onder= wysdepartement behartig.

5.6.4 Die Swart Bevolkingsgroep

In die nuwe staatkundige bedeling sal dit beteken dat onderwyssake van 'n be= paalde onderwysgroep as eie onderwys= saak geadministreer word deur 'n Minis= ter van die betrokke Ministersraad ter= wyl onderwys vir Swartes onderworpe aan algemene beleid geadministreer sal word (Pitout 1983:187).

Aangesien die stedelike Swartonderwy= ser, wat reeds 'n eiesoortige gemeen= skaplikheid in die stede ontwikkel het

> waarvan die akkulturasie in 'n groot mate weggeskeur het van die lande= like norme, kan hulle op 'n eiesoor= tige wyse by die beroepsrade inskakel.

## 5.7 TEN BESLUITE

Die grootsheid van die toekomsverantwoor= delikheid vereis van elke volgende geslag 'n konstruktiewe bydrae om nuwe lewensrig= tings uit te bou en probleme op te los en die wêreld 'n beter plek vir almal te maak.

Die oplossing of verligting van die permu= terende probleemsituasies van die huidige tegnokratiese bestel

> "hang in 'n groot mate af van die onder= wysers wat die volgende geslag in hulle vatbare en vormende jare op skool gehad het" (De Witt 1979:23).

Waar die futuristiese denkrigtings op som= mige vlakke in 'n skynbare magteloosheid in sy gekonfronteerdheid met die verborge toe= komstigheid staan tree die onderwys as gees= telike katalisator op wat

> "volgens bepaalde waardes 'n ideaalbeeld en 'n normatiewe lewensbekoulike uitgangs= punt van 'n toekoms soos ons meen dit be= hoort te wees" skep (Viljoen, soos aange= haal in De Witt 1979:97).

In die Suid-Afrikaanse Onderwysersraad vir Blankes kulmineer hierdie volksverantwoor= delikheid ten opsigte van sy toekoms.

<u>Deur</u> die Suid-Afrikaanse Onderwysersraad vir Blankes word die onvervangbaarheid en belangrikheid van die onderwyser statutêr verbind. (Watermeyer 1971).

"Gietvorms van ons jeug, ons vra
dat julle skouers breed moet dra;

jul bou met meer as staal en steen,
ons volkswees wentel om jul heen ...

Aan julle is daar mag gegee
bo die wat wet of vonnis smee ..."

## B Y L A E   A

### DIE WET

WET OP DIE SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERSRAAD VIR BLANKES,

1976 (WET NR 116 VAN 1976), SOOS GEWYSIG

Om 'n Suid-Afrikaanse Onderwysersraad vir Blankes in te stel; om sy werksaamhede te omskryf; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)

(Goedgekeur op 5 Julie 1976.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Repu= bliek van Suid-Afrika, soos volg:

Woord-omskrywing

1. Tensy uit die samehang anders blyk be= teken in hierdie Wet —

(i) "Administrateur" die Administrateur van 'n provinsie of die gebied Suidwes-Afrika, en die ander lede van die betrokke uit= voerende komitee; (i)

(ii) "boekjaar" 'n jaar wat op 31 Maart ein= dig; (vii)

(iii) "geregistreer" geregistreer soos in artikel 15(1)(a) beoog; (xvi)

(iv) "kieser" 'n persoon wat ingevolge arti= kel 15(1)(a) geregistreer of ingevolge artikel 16 voorwaardelik geregistreer is en lid is van 'n vereniging; (xix)

(v) "komitee" die komitee van onderwys= hoofde wat by artikel 6 van die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid, 1967 (Wet No 39 van 1967), ingestel is; (iv)

(vi) "Minister" die Minister van Nasionale Opvoeding; (ix)

(vii) "onderwyshoof" 'n onderwyshoof soos om= skryf in artikel 1 van die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid, 1967 en ook,

by die toepassing van paragrawe (a), (b)(iii) en (c) van artikel 18 alleen, die Direkteur-generaal: Onderwys en Opleiding en die Direkteur-generaal: Binnelandse Aangeleenthede; (viii)

(viii) "professioneel gekwalifiseerde onder=wyser" 'n Blanke wat 'n professionele onderwyserskwalifikasie besit; (xii)

(ix) "professionele gedragskode" 'n profes=sionele gedragskode bedoel in artikel 15(1)(d); (xi)

(x) "professionele onderwyserskwalifikasie" 'n graad, diploma of sertifikaat wat deur die komitee as 'n professionele onderwy=serskwalifikasie erken word vir indiens=neming by 'n skool om onderwys te gee; (xiii)

(xi) "raad" die Suid-Afrikaanse Onderwysers=raad vir Blankes ingestel by artikel 2; (v)

(xii) "register" die register vermeld in ar=tikel 15(1)(a); (xv)

(xiii) "regulasie" 'n regulasie kragtens arti=kel 27 uitgevaardig; (xvii)

(xiv) "skool" -

(a) 'n opvoedkundige instelling vir Blankes, of daardie deel van so 'n instelling, waar heeltydse onder=wys, met inbegrip van pre-primêre onderwys, verskaf word tot 'n stan=derd wat nie hoër as standerd 10 of 'n vlak wat nie hoër as die vyfde jaarvlak is nie en wat deur die Departement van Nasionale Opvoe=ding of 'n provinsiale administrasie of die administrasie van die gebied Suidwes-Afrika in stand gehou, be=stuur en beheer of gesubsidieer word; en

(b) ook, by die toepassing van artikels 15(1)(a), 18(a) en (b)(iii) en 20(1) alleen, 'n opvoedkundige in=stelling waar Blankes wat op die diensstaat of in die diens is van die Departement van Onderwys en Opleiding, of die Departement van

Binnelandse Aangeleenthede heel=
tyds onderwys, met inbegrip van
pre-primêre onderwys, gee tot 'n
standerd wat nie hoër as standerd
10 of die vyfde jaarvlak is nie;
(xviii)

(xv) "vereniging" 'n vereniging in Bylae 1 vermeld; (ii)

*(xvi) "verkies" ingevolge artikel 4 verkies; (vi)

(xvii) "voorsitter" of "ondervoorsitter" die voorsitter of ondervoorsitter verkies ingevolge artikel 7(1); (iii)

(xviii) "voorskryf" by regulasies voorskryf; (x)

(xix) "voorwaardelik geregistreer" geregi= streer soos in artikel 16 beoog. (xiv)

(Woordomskrywing van "skool" gewysig deur Wet 24 van 1978. Woordomskrywing van "on= derwyser", "onderwyshoof" en "skool" gewysig deur artikel 1 van Wet 105 van 1981.

Wet 116 van 1976 gewysig deur die woord "onderwyser" waar dit ook al voorkom, deur die uitdrukking "professioneel gekwalifi= seerde onderwyser" te vervang (artikel 8 van Wet 105 van 1981).)

*Woordomskrywing gewysig by artikel 1 van Wet 17 van 1984.

Instelling van die Suid-Afrikaanse Onderwysers= raad vir Blankes.

2. Hierby word 'n regspersoon met die naam die Suid-Afrikaanse Onderwysersraad vir Blankes ingestel.

Doelstelling van raad.

3. Die doelstelling van die raad is om agting vir die onderwys en die onder= wysberoep en die aansien van diegene wat in die onderwysberoep staan, te handhaaf en te bevorder.

Samestelling van raad.

4. (1) Die raad bestaan uit die volgende lede, naamlik -

(a) persone wat Suid-Afrikaanse burgers en geregistreerde professioneel gekwalifi= seerde onderwysers en lede van die een

of ander vereniging is en deur kiesers as sodanig gekies is op die grondslag in Bylae 2 uiteengesit;

(b) vyf professioneel gekwalifiseerde on=derwysers, van wie elke Administrateur een aanstel;

(c) iemand deur die Minister aangestel.

*(2) 'n Lid van die raad ingevolge sub=artikel (1)(a) verkies, beklee sy amp as sodanig vir 'n termyn van vyf jaar, en 'n lid van die raad ingevolge subartikel (1)(b) of (c) aangestel, beklee sy amp as soda=nig vir die termyn, maar van hoog=stens vyf jaar, wat die betrokke Administrateur of die Minister, na gelang van die geval, bepaal.

(3) Indien daar om die een of ander rede 'n vakature ontstaan in die amp van 'n lid wat ingevolge sub=artikel (1)(a) verkies is, word daardie vakature gevul deur 'n lid van die betrokke vereniging deur die bestuur daarvan verkies vir die onverstreke ampstermyn van die lid wat sy amp ontruim het.

(4) Indien daar om die een of ander rede 'n vakature ontstaan in die amp van 'n lid wat ingevolge sub=artikel (1)(b) of (c) aangestel is, word die vakature gevul deur 'n ge=paste aanstelling ingevolge subar=tikel (1)(b) of (c), na gelang van die geval.

(5) Iemand wie se ampstermyn as lid van die raad verstryk het, kan weer as sodanig verkies of aange=stel word.

*(By die toepassing van die bepalings van subartikel (2) word 'n lid van die Suid-Afrikaanse Onderwysersraad vir Blankes wat by die inwerkingtreding van hierdie Wet so 'n lid is of wat na bedoelde in=werkingtreding maar voor 1 April 1985 as so 'n lid ingevolge subartikel (1) van genoemde artikel 4 verkies of aangestel word, geag op 1 April 1982 aldus verkies of aangestel te wees.)

(Artikel 4 gewysig by artikel 2 van Wet 17

van 1984.)

Eerste lede van raad.

5. (Artikel 5 herroep by artikel 3 van Wet 17 van 1984.)

Ampsontruiming.

6. 'n Lid van die raad ontruim sy amp -

(a) as sy boedel gesekwestreer word of hy met sy skuldeisers 'n skikking aangaan;

(b) as hy sonder die toestemming van die voorsitter of die raad van meer as twee agtereenvolgende gewone vergaderings van die raad afwesig is;

(c) as hy ophou om te voldoen aan die ver=eistes vir verkiesing of aanstelling as lid van die raad; of

(d) as hy, indien hy 'n verkose lid is, sy bedanking skriftelik by die voorsitter indien, of as sy aanstelling, indien hy ingevolge artikel 4(1)(b) of (c) aangestel is, ingetrek word.

Voorsitter en ondervoorsitter van raad.

7. (1) Op die eerste vergadering van die raad en op elke eerste vergadering van die raad na 'n algemene verkie=sing van lede van die raad inge=volge artikel 4(1)(a) of nadat die amp van voorsitter of ondervoorsit=ter van die raad voor die verstry=king van sy ampstermyn as sodanig vakant geword het, kies die aan=wesige lede op daardie vergadering 'n verkose lid as voorsitter en 'n ander sodanige lid as ondervoor=sitter of, na gelang van die geval, so 'n lid om die vakature te vul.

(2) Die voorsitter en die ondervoor=sitter beklee hulle ampte as so=danig totdat hul ampstermyne as lede van die raad verstryk.

(3) Die ondervoorsitter tree as voor=sitter op en verrig al die werk=saamhede en oefen al die bevoegd=hede uit van die voorsitter as die voorsitter afwesig is of nie kan optree nie.

(4) As die voorsitter sowel as die ondervoorsitter op 'n vergadering van die raad afwesig is of nie

daarop kan optree nie, kies die aanwesige lede uit hul geledere iemand wat ingevolge artikel 4(1)(a) verkies is, om as voorsitter op daardie vergadering op te tree.

(5) Iemand wie se ampstermyn as voor= sitter of ondervoorsitter van die raad verstryk het, kan, behoudens die bepalings van subartikel (1), weer as sodanig gekies word.

Vergaderings van raad.

8. (1) Die eerste vergadering van die raad word gehou op die tyd en plek wat die Sekretaris van Nasionale Op= voeding bepaal, en daarna word vergaderings van die raad gehou op die tye en plekke wat die voor= sitter bepaal, maar só dat minstens een vergadering elke jaar gehou word.

(2) Die voorsitter kan uit eie bewe= ging 'n buitengewone vergadering van die raad belê, en moet so 'n vergadering belê op skriftelike versoek van ten minste 25 persent van die lede van die raad waarin die doel waarvoor die vergadering verlang word, vermeld word.

Kworum op vergaderings.

9. (1) Die kworum vir 'n vergadering van die raad is 'n meerderheid van die lede daarvan.

(2) Die beslissing van 'n meerderheid van die lede van die raad wat op 'n vergadering van die raad aan= wesig is, maak 'n besluit van die raad uit, en by staking van stemme oor enige aangeleentheid het die voorsitter, benewens sy beraad= slagende stem, ook 'n beslissende stem.

(3) 'n Besluit van die raad, of 'n han= deling op gesag van die raad ver= rig, is nie ongeldig nie bloot vanweë 'n vakature in die raad of omdat iemand wat nie geregtig was om as lid van die raad sitting te neem nie, sitting geneem het toe die besluit geneem of die hande= ling gemagtig is, indien die be= sluit geneem of die handeling

gemagtig is deur die meerderheid van die lede van die raad wat toe aanwesig was en geregtig was om as lede van die raad wat toe aan= wesig was en geregtig was om as lede van die raad sitting te neem.

Komitees van raad.

10. Die raad kan komitees aanstel wat be= staan uit òf lede van die raad òf so= danige lede en ander persone en kan aan daardie komitees van sy werksaam= hede opdra, maar 'n straf wat ingevolge hierdie Wet deur so 'n komitee opgelê word, behalwe 'n berisping of 'n waar= skuwing of 'n berisping en 'n waarsku= wing, is nie van krag nie totdat die raad die oplegging daarvan bekragtig het en 'n besluit van so 'n komitee is vatbaar vir appél na die raad.

Aanstelling van registra= teur en ander werknemers van raad.

11. (1) Die raad moet 'n registrateur aan= stel en kan 'n waarnemende regi= strateur aanstel wanneer die amp van registrateur vakant is of die registrateur afwesig is of nie in staat is om op te tree nie, en kan die ander werknemers aanstel wat die raad vir die verwesenliking van sy doelstellings nodig ag.

(2) Die diensvoorwaardes van iemand wat kragtens subartikel (1) aan= gestel word, is dié waaromtrent hy en die raad ooreengekom het.

(3) Behoudens die bepalings van hier= die Wet verrig die registrateur bedoel in subartikel (1) al die werksaamhede wat die raad aan hom opdra.

Inkomste van raad, en waar= borge ten op= sigte van lenings.

12. (1) Die inkomste van die raad bestaan uit -

(a) geld wat die raad uit hoofde van hier= die Wet of die regulasies ontvang;

(b) boetes wat ingevolge hierdie Wet opge= lê en ingevorder word;

(c) geld wat die Parlement vir die berei= king van die doelstellings van die raad bewillig, met inbegrip van die onbestrede gedeelte van geld bewillig

soos in artikel 5(3) beoog, wat volgens opdrag van die Minister aan die raad oorbetaal word;

(d) geld verkry by wyse van lenings wat die raad met die goedkeuring van die Minister aangaan;

(e) alle ander geld wat die raad uit enige ander bron toeval.

(2) .....

(Artikel 12(2) herroep deur die Finansieswet, 1980 (Wet 21 van 1980).)

(3) Alle geld wat ingevolge subartikel (1) tot die beskikking van die raad kom, word aangewend ter bestryding van die uitgawes wat die raad by die verrigting van sy pligte en die uitoefening van sy bevoegdhede kragtens hierdie Wet aangaan: Met dien verstande dat geld wat aan die raad geskenk of bemaak word, ooreenkomstig die voorwaardes (indien daar is) van daardie skenking of bemaking aangewend word.

(4) Roerende en onroerende goed wat deur die raad verkry is met geld verkry by wyse van 'n lening ten opsigte waarvan 'n waarborg ingevolge subartikel (2) verstrek is, mag, vir solank bedoelde waarborg geld, nie sonder die goedkeuring van die Minister, verleen na oorleg met die Minister van Finansies, verhuur, verkoop, verruil of andersins vervreem of verhipotekeer of met 'n serwituut of saaklike reg beswaar word nie.

Boekhouding, ouditering en verslae.

13. (1) Die raad laat behoorlike aantekeninge hou van al die geld deur hom ontvang of bestee, van al sy bates en laste en van al die finansiële transaksies deur hom aangegaan, en moet so spoedig doenlik na die einde van elke boekjaar rekeningstate en 'n balansstaat laat opmaak wat, met al die gepaste besonderhede, die geld deur hom ontvang en die uitgawes deur hom aangegaan in

verband met sy werksaamhede gedurende, en sy bates en laste aan die einde van, daardie boekjaar aantoon.

(2) Die aantekeninge, rekeningstate en balansstaat bedoel in subartikel (1) word geouditeer deur 'n geregistreerde rekenmeester en ouditeur wat deur die raad aangestel is.

(3) Die raad moet so spoedig doenlik na die einde van elke boekjaar aan elke vereniging vermeld in Bylae 1, 'n verslag verstrek ten opsigte van die werk van die raad gedurende daardie boekjaar, tesame met 'n balansstaat en 'n volledige staat van inkomste en uitgawes vir daardie boekjaar.

(4) 'n Afskrif van elke verslag wat kragtens subartikel (3) verstrek word, word aan die Minister gestuur.

Verbetering van foute.

14. Wanneer deur 'n vergissing of toeval iets wat deur hierdie Wet voorgeskryf word, by die hou van 'n verkiesing van lede van die raad versuim word of nie binne die voorgeskrewe tyd verrig word nie, kan die Minister gelas dat die nodige stappe gedoen word om die versuim aan te vul, of kan hy iets wat op onreëlmatige wyse verrig is, op voorstel van die raad bekragtig sodat aan die doeleindes en oogmerke van hierdie Wet gevolg gegee word.

Registrasie, hou van register en betaling van registrasie- en jaargelde en gedragskode.

15. (1) Die raad -

(a) hou 'n register van professioneel gekwalifiseerde onderwysers en skryf daarin, behoudens die bepalings van artikel 17, op aansoek, met vermelding van die voorgeskrewe besonderhede, en teen betaling van die voorgeskrewe gelde, die naam van -

(i) elke professioneel gekwalifiseerde onderwyser; en

(ii) elke ander persoon wat op 1 Januarie 1977 in 'n heeltydse

permanente hoedanigheid by 'n skool in diens is om onderwys te gee;

(b) reik 'n registrasiesertifikaat uit aan elke persoon wat ingevolge paragraaf (a) geregistreer is;

(c) skrap in die register die naam van elke geregistreerde of voorwaardelik geregistreerde persoon -

(i) wat oorlede is;

(ii) wat versoek dat sy naam in die register geskrap word;

(iiA) wat na die oordeel van die raad enige voorwaarde wat ingevolge artikel 16(2)(b) bepaal is, nie nagekom het nie; of

(iii) wie se naam ingevolge 'n ander bepaling van hierdie Wet in die register geskrap moet word;

(d) stel, in oorleg met die komitee, 'n professionele gedragskode op vir ge= registreerde en voorwaardelik geregi= streerde persone om agting vir die onderwys en die onderwysberoep en die aansien van diegene wat in die onder= wysberoep staan, te handhaaf en te be= vorder.

(2) Ondanks die bepalings van subar= tikel (1)(a) is die gelde daarin bedoel, nie betaalbaar nie deur iemand wat op 1 Januarie 1977 -

(a) in 'n heeltydse permanente hoedanigheid by 'n skool in diens is om onderwys te gee; of

(b) opleiding ondergaan om 'n professio= neel gekwalifiseerde onderwyser te word en binne vier jaar vanaf daardie datum 'n professioneel gekwalifiseerde onderwyser word.

(3) Elke geregistreerde of voorwaar= delik geregistreerde persoon be= taal voor die einde van elke boek= jaar die voorgeskrewe jaargeld, en indien hy versuim om dit te betaal voor bedoelde datum of die

latere datum of datums wat die raad na eersgenoemde datum van tyd tot tyd bepaal, moet die raad daardie persoon se naam in die register skrap.

(4) Indien die raad oortuig is dat 'n naam verkeerdelik in die re= gister ingeskryf is, moet dit onverwyld daarin geskrap word.

(5)

(a) Die rede vir die skrapping van 'n naam in die register moet daarin aangeteken word, en indien die skrapping anders as ooreenkomstig subartikel (1)(c)(i) of (ii) geskied, moet die betrokke per= soon van die skrapping in kennis gestel word.

(b) Elke sertifikaat wat uitgereik is op grond van 'n inskrywing in die register wat geskrap is, word as ingetrek beskou vanaf die datum van skrapping.

(6) Die register word gehou in die kantoor van die raad, en die raad moet op die tye wat hy goedvind, eksemplare daarvan laat maak en aan die verenigings vermeld in Bylae 1 laat stuur.

(7) Die raad reik op aansoek deur iemand by hom gedoen en teen be= taling van die voorgeskrewe gelde 'n afskrif van 'n registrasieserti= fikaat bedoel in subartikel (1)(b) aan so iemand uit.

(8) 'n Sertifikaat wat deur iemand namens die raad geteken heet te wees wat vermeld -

(a) dat iemand geregistreer of voorwaar= delik geregistreer is; of

(b) dat 'n naam nie in die register voor= kom nie,

is by blote oorlegging daarvan by enige verrigtings as getuie= nis toelaatbaar en PRIMA FACIE-bewys van die feite aldus vermeld.

(Artikel 15 gewysig by artikel 4 van Wet 17 van 1984.)

Voorwaardelike registrasie.

16. (1) Die naam van iemand wat -

(a) nie 'n professionele onderwyserskwalifikasie besit nie maar in 'n heeltydse permanente hoedanigheid of vir 'n tydperk van langer as drie maande in 'n heeltydse tydelike hoedanigheid in 'n pos by 'n skool aangestel word, word, behoudens die bepalings van subartikel 15(1)(a) beoog, voorwaardelik in die register ingeskryf;

(b) volgens die oordeel van die raad geskik is om onderwys te gee, maar aan die een of ander misdryf, 'n oortreding van die professionele gedragskode of wangedrag ingevolge die een of ander wet op onderwys of die onderwysberoep skuldig bevind is, kan, behoudens die bepalings van subartikel (2), MUTATUS MUTANDIS op die wyse in artikel 15(1)(a) beoog, voorwaardelik in die register ingeskryf word.

(2) Die naam van iemand -

(a) in subartikel (1)(a) bedoel wat by 'n skool aangestel word in 'n aldus bedoelde hoedanigheid in 'n ander pos as 'n pos wat deur die komitee of die Direkteur-generaal: Onderwys en Opleiding of die Direkteur-generaal: Binnelandse Aangeleenthede, na gelang van die geval, goedgekeur is, word voorwaardelik in die register ingeskryf vir 'n tydperk van nie langer nie as vier jaar of die langer tydperk wat die raad op aansoek, met vermelding van die voorgeskrewe besonderhede, en teen betaling van die voorgeskrewe gelde (indien daar is), van tyd tot tyd bepaal;

(b) in subartikel (1)(b) bedoel, word voorwaardelik in die register ingeskryf vir die tydperk en op die voorwaardes wat die raad bepaal.

(3)

(a) Die raad kan te eniger tyd 'n voorwaarde

wat kragtens subartikel (2) bepaal is, wysig of, op aansoek met vermelding van die voorgeskrewe besonderhede, en teen betaling van die voorgeskrewe gelde (indien daar is), al sodanige voorwaardes intrek.

(b) Iemand in subartikel (1)(b) bedoel wat 'n professionele onderwyserskwalifika= sie besit en ten opsigte van wie al die voorwaardes waarop sy naam voor= waardelik in die register ingeskryf is kragtens paragraaf (a) ingetrek is, word by die toepassing van die bepa= lings van hierdie Wet geag 'n geregi= streerde persoon te wees.

(Artikel 16 vervang by artikel 5 van Wet 17 van 1984.)

Weiering van registrasie deur raad.

17. (1) Behoudens die ander bepalings van hierdie Wet kan die raad weier om iemand ingevolge arti= kel 15(1)(a) of 16 te registreer of voorwaardelik te registreer indien volgens die oordeel van die raad daardie persoon op grond van die omstandighede verbonde aan sy skuldigbevinding aan 'n misdryf, of aan 'n oortreding van die professionele gedragskode of aan wangedrag ingevolge die een of ander wet op onderwys of die onderwysberoep, ongeskik is om onderwys te gee.

(2) By die toepassing van subartikel (1) word iemand wie se naam inge= volge artikel 15(1)(c)(ii) in die register geskrap is voordat 'n on= dersoek na 'n klagte, beskuldiging of bewering in artikel 18(a) beoog wat toe teen hom ingestel was, af= gehandel was, geag aan 'n oortre= ding van die betrokke bepaling van die professionele gedragskode skul= dig bevind te wees.

(Artikel 17(1) gewysig en artikel 17(2) by= gevoeg by artikel 6 van Wet 17 van 1984.)

Bevoegdhede van raad.

18. Behoudens die bepalings van hierdie Wet kan die Raad -

(a) op die voorgeskrewe wyse ondersoek in=

stel of laat instel na 'n klagte, be=skuldiging of bewerking van oortreding van 'n bepaling van die professionele gedragskode teen 'n geregistreerde of voorwaardelik geregistreerde persoon, na kennisgewing aan die betrokke on=derwyshoof indien dié persoon by 'n skool onderwys gee en die oortreding met die pleeg van 'n misdryf in verband staan;

(b) indien iemand na 'n ondersoek ingevolge paragraaf (a) skuldig bevind word aan oortreding van die betrokke bepaling van die gedragskode -

(i) so iemand berispe of waarsku of berispe en waarsku;

(ii) hom 'n boete van hoogstens R500 oplê;

(iiA) hom die boete beoog in subparagraaf (ii) oplê en hom berispe of waar=sku of berispe en waarsku; of

(iii) sy naam in die register skrap na oorleg met die betrokke onderwys=hoof indien hy by 'n skool in diens is;

(c) van 'n onderwyshoof eis dat hy aan die raad inligting verstrek waaroor hy be=skik en wat die raad vir die hou van die register nodig het;

(d) die komitee van advies dien in verband met die vereistes vir die opleiding van persone om by 'n skool onderwys te gee en die vereistes vir toelating tot 'n kursus vir sodanige opleiding;

(e) na goeddunke en op die voorwaardes wat hy mag bepaal, 'n naam wat in die re=gister geskrap is, weer daarin inskryf;

(f) aan die lede van die raad en aan per=sone wat werk namens die raad verrig, ten opsigte van reis- en verblyfkoste deur hulle in verband met die sake van die raad aangegaan, die toelaes betaal wat die raad in die algemeen of in 'n besondere geval bepaal;

(g) saamwerk met ander rade of instellings waarvan die oogmerke of doelstellings

soortgelyk aan dié van die raad is.

(Artikel 18 gewysig en artikel (iiA) byge= voeg by artikel 7 van Wet 17 van 1984.)

Prosedure in verband met ondersoeke na beweerde oortredings van gedragskode

19. (1) Daar moet aan iemand ten opsigte van wie ondersoek ingestel word na 'n klagte, beskuldiging of be= wering beoog in artikel 18(a), 'n geleentheid verleen word om, hetsy self of deur middel van sy ver= teenwoordiger, hom op dié klagte, beskuldiging of bewering te verant= woord.

(2) Vir die doeleindes van 'n onder= soek beoog in subartikel (1) wat die raad instel, kan die raad onder die handtekening van die voorsitter of registrateur ver= meld in artikel 11(1) getuies dagvaar, deur middel van die voor= sitter 'n getuie 'n eed oplê of van hom 'n bevestiging afneem, en hom ondervra en eis dat hy 'n boek, re= gister, stuk of ander voorwerp ondersoek: Met dien verstande dat die persoon ten opsigte van wie die ondersoek gevoer word die reg het om persoonlik of deur 'n ver= teenwoordiger 'n getuie te kruis= vra wat nie op sy versoek geroep is nie.

(3) 'n Dagvaarding aan 'n getuie om voor die raad te verskyn of om aan die raad 'n boek, register, stuk of an= der voorwerp oor te lê, moet in die voorgeskrewe vorm wees en be= stel word per aangetekende pos of op dieselfde wyse waarop dit bestel sou gewees het as dit 'n getuie-dagvaarding was wat deur 'n land= droshof uitgereik is.

(4) Iemand wat sonder voldoende rede in gebreke bly om op die tyd en plek vermeld in die dagvaarding te verskyn en getuienis af te lê wat op die ondersoek betrekking het, of weier om die eed af te lê of om 'n bevestiging te doen, of om 'n boek, register, stuk of ander voorwerp volgens 'n eis ingevolge subartikel (2) oor te lê, of om 'n vraag wat regmatiglik aan hom

gestel is ten volle en bevredigend volgens sy eerlike oortuiging te beantwoord, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens honderd rand: Met dien verstande dat 'n aldus gedagvaarde persoon op al die regte en voorregte geregtig is waarop 'n getuie wat voor 'n afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika getuienis aflê, geregtig is.

(5) Indien slegs skriftelike getuienis by 'n ondersoek voorgelê gaan word of in 'n ander geval waar die raad dit wenslik ag, kan iemand wat deur die raad benoem is, PRO FORMA as klaer optree en 'n klagte, beskuldiging of bewering aanhangig maak.

(6) Die raad kan 'n regskundige assessor aanstel om 'n ondersoek by te woon ten einde die raad met betrekking tot regsvraagstukke, prosedure en bewyslewering van advies te dien.

*(7) Die bepalings van artikel 154(3) en (5) van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977), is MUTATIS MUTANDIS met betrekking tot 'n getuie wat onder die ouderdom van 18 jaar is en wat ingevolge hierdie artikel voor die raad verskyn en getuienis afgelê het of ten opsigte van wie skriftelike getuienis aldus aan die raad voorgelê is, van toepassing asof so 'n getuie 'n getuie by strafregtelike verrigtinge is.

*(Artikel 19(7) bygevoeg by artikel 8 van Wet 17 van 1984.)

Verbod om

20. (1) Vanaf 'n datum** wat die Minister by kennisgewing in die STAATSKOERANT bepaal, mag niemand wat nie geregistreer of voorwaardelik geregistreer is nie, in 'n heeltydse permanente hoedanigheid, of vir 'n tydperk van langer as drie maande in 'n heeltydse tydelike hoedanigheid, by 'n skool aangestel word om onderwys te gee, of in so

ŉ permanente hoedanigheid, of vir ŉ tydperk van langer as drie maande, in so ŉ tydelike hoedanigheid by ŉ skool onderwys gee nie, behalwe in ŉ pos wat goedgekeur is soos in artikel 16 beoog.

(2) Iemand wat ŉ bepaling van subar= tikel (1) oortree, is aan ŉ mis= dryf skuldig en by skuldigbevin= ding strafbaar met ŉ boete van hoogstens honderd rand of met ge= vangenisstraf vir ŉ tydperk van hoogstens drie maande of met so ŉ boete sowel as sodanige gevang= enisstraf.

xx Bepaling van datum as 1 April 1982 afge= kondig by Goewermentskennisgewing nr R375 van 5 Maart 1982. (Goewermentskennisge= wing nr 2504 van 15 Desember 1978 inge= trek met ingang van 1 April 1982.)

(Artikel 20(1) gewysig deur artikel 3 van Wet 105 van 1981.)

Misdrywe met betrekking tot registrasie, registers, grade, diplomas en sertifikate

21. Iemand wat -

(a) deur middel van valse voorwendsels ge= registreer of voorwaardelik geregistreer word of poog om deur middel daarvan ge= registreer of voorwaardelik geregistreer te word, of deur middel daarvan die uit= reiking van ŉ registrasiesertifikaat in= gevolge hierdie Wet vir homself of ie= mand anders verkry of poog om dit te verkry; of

(b) ŉ ongemagtigde inskrywing, verandering of skrapping aanbring in ŉ register of in ŉ eksemplaar van ŉ register of deel daarvan of in ŉ sertifikaat ingevolge hierdie Wet uitgereik; of

(c) ŉ inskrywing in ŉ register opsetlik vernietig, beskadig of onleesbaar maak; of

(d) ŉ sertifikaat waarvoor hierdie Wet voorsiening maak, vervals of uitgee met die wete dat dit vervals is; of

(e) hom -

(i) hom voordoen as iemand wat inge=

volge hierdie Wet geregistreer of voorwaardelike geregistreer is, terwyl hy nie aldus geregistreer is nie; of

(ii) voordoen as iemand anders wat ingevolge hierdie Wet geregistreer of voorwaardelike geregistreer is,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tweehonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of met so 'n boete sowel as sodanige gevangenisstraf.

(Artikel 21(e) gewysig by artikel 4 van Wet 105 van 1981.)

Wanneer gedrag in verband staan met die pleeg van 'n misdryf.

22. Indien die gedrag wat die onderwerp is van 'n klagte, beskuldiging of bewering beoog in artikel 18(a) teen iemand, in verband staan met die pleeg van 'n misdryf waaraan so iemand deur 'n geregshof skuldig bevind is, is die notule van die betrokke hofverrigtings PRIMA FACIE-bewys van die pleeg van daardie misdryf.

22A. (1) Indien 'n geregshof 'n geregistreerde of voorwaardelik geregistreerde persoon aan 'n misdryf skuldig bevind en ten opsigte daarvan gevangenisstraf of 'n boete van R200 of meer oplê, en dit onder die aandag van daardie hof gebring word dat daardie persoon aldus geregistreer is, moet die hof gelas dat die raad van die skuldigbevinding en vonnis in kennis gestel word.

(2) Wanneer die raad aldus in kennis gestel is, word daar by die toepassing van artikel 18(a) geag dat 'n klagte, beskuldiging of bewering van 'n oortreding van die professionele gedragskode by die raad ingedien is.

(Artikel 22A ingevoeg deur artikel 5 van Wet 105 van 1981.)

Uitstel en opskorting van

23. (1) Indien iemand by 'n ondersoek deur die raad skuldig bevind is,

tenuitvoer= legging van straf.

kan die raad -

(a) die oplegging van straf vir die tyd= perk en op die voorwaardes wat hy be= paal, uitstel; of

(b) 'n straf vermeld in artikel 18(b) oplê, maar die tenuitvoerlegging daarvan op= skort vir die tydperk en op die voor= waardes wat hy bepaal.

(2) As die raad na afloop van die tyd= perk bedoel in subartikel (1)(a) of (b), oortuig is dat die betrok= ke persoon al die toepaslike voor= waardes nagekom het, deel hy die persoon mee dat geen straf opgelê sal word nie of, na gelang van die geval, dat die opgelegde straf nie ten uitvoer gelê sal word nie.

(3) Indien die oplegging of die ten= uitvoerlegging van straf kragtens subartikel (1) uitgestel of opge= skort is en die betrokke persoon versuim om 'n betrokke voorwaarde na te kom, kan die raad 'n gepaste straf oplê of die opgelegde straf ten uitvoer lê, tensy die betrokke persoon die raad oortuig dat die nie= nakoming van die betrokke voorwaar= de te wyte was aan omstandighede buite sy beheer.

Appél teen weiering van registrasie of skrapping in register

24. (1) 'n Persoon wat hom veronreg voel -

(a) deur die raad se weiering om hom te registreer of voorwaardelik te regi= streer, of 'n professionele onderwy= werskwalifikasie ten opsigte van hom in die register in te skryf;

(b) deur die skrapping, in die register, van sy naam of van 'n professionele on= derwyserskwalifikasie wat ten opsigte van hom in die register ingeskrywe is;

(c) deur die oplegging van straf,

kan na kennisgewing aan die raad en binne drie maande ná die datum van die weiering of skrapping of die oplegging van die straf, na gelang van die geval, appél aanteken by die provinsiale af= deling van die Hooggeregshof van Suid- Afrika wat regsbevoegdheid uitoefen in die gebied waarin die appellant

gewoonlik woonagtig is.

(2) Die hof wat die appél verhoor, kan die appèl van die hand wys of, indien die raad, volgens die oordeel van die hof, nie ooreen= komstig die bepalings van hier= die Wet gehandel het nie, gelas dat die appellant se naam of die betrokke professionele onderwy= serskwalifikasie ten opsigte van hom in die register ingeskryf word of bly, die straf nietig verklaar of die saak vir verdere oorweging na die raad terugver= wys, en 'n bevel met betrekking tot koste uitreik wat vir die hof regverdig blyk.

(Artikel 24(1) gewysig by artikel 6 van Wet 105 van 1981.)

Vrystelling van raad en sekere persone van aanspreek= likheid onder sekere om= standighede

25. Behoudens die bepalings van hierdie Wet is die raad en 'n lid en 'n werkne= mer daarvan nie teenoor iemand aan= spreeklik nie vir skade wat voort= spruit uit 'n handeling wat ingevolge artikel 18(a) of (b), 19 of 23 verrig is.

Wysigings van Bylaes

26. Die Staatspresident kan 'n Bylae by Proklamasie in die STAATSKOERANT wysig indien die raad 'n aanbeveling te dien effekte by die Minister ge= doen het.

Regulasies

27. Die raad kan met die goedkeuring van die Minister regulasies uitvaardig met betrekking tot -

(a) die gelde betaalbaar ten opsigte van -

(i) inskrywings in die register;

(ii) registrasiesertifikate, met inbe= grip van gewysigde registrasie= sertifikate, uittreksels uit die register of gesertifiseerde af= skrifte daarvan;

(iii) insae in die register;

(b) die bedrag van die jaargeld vermeld in artikel 15(3);

(c) die verkiesing van lede van die raad, maar só dat verkiesings by wyse van geheime stemming plaasvind;

(d) die uitoefening van stemreg deur 'n kieser wat lid van meer as een ver=eniging is;

(e) die wyse waarop klagtes, beskuldigings of bewerings teen iemand wat ingevolge hierdie Wet geregistreer of voorwaar=delik geregistreer is, ingedien moet word;

(f) die wyse waarop iemand gedagvaar moet word om by 'n ondersoek ingevolge ar=tikel 19 te verskyn, en die stappe wat teen iemand gedoen kan word indien hy versuim of aan bedoelde dagvaarding gehoor te gee of indien hy die ver=rigtinge by so 'n ondersoek belemmer of steur;

(g) die vorm van dagvaardings vir die ver=skyning van getuies by 'n ondersoek of vir die oorlegging van 'n boek, regis=ter, stuk of ander voorwerp daarby, en die toelaes aan sodanige getuies betaalbaar;

(h) die wyse waarop 'n ondersoek ingevolge artikel 19 ingestel moet word of die prosedure wat daarby gevolg moet word, of 'n ander aangeleentheid wat met die instel daarvan in verband staan;

(i) aangeleenthede wat ingevolge hierdie Wet voorgeskryf moet of kan word of wat nodig of dienstig is om uitvoering aan die bepalings daarvan te gee.

(Artikel 27(a)(ii) en (g) gewysig by arti=kel 7 van Wet 105 van 1981.)

Toepassing van Wet in Suidwes-Afrika

28. Hierdie Wet en enige wysiging daarvan is ook van toepassing in die gebied Suidwes-Afrika, met inbegrip van die Oostelike Caprivi Zipfel: Met dien verstande dat slegs die regulasies wat uitdruklik in daardie gebied van toepassing verklaar word, daarin van toepassing is.

Kort titel en inwerking=

29. (1) Hierdie Wet heet die Wet op die Suid-Afrikaanse Onderwysersraad

treding. vir Blankes, 1976, en die bepa= lings daarvan tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die STAATSKOE= RANT bepaal.

(2) Verskillende datums kan inge= volge subartikel (1) ten opsigte van verskillende bepalings van hierdie Wet bepaal word.

ONDERWYSERSVERENIGINGS

SUID-AFRIKAANSE VERENIGING VIR TEGNIESE EN BEROEPSONDERWYS
NATALSE ONDERWYSERSUNIE
NATAL TEACHERS' SOCIETY
ORANJE-VRYSTAATSE ONDERWYSERSVERENIGING
SOUTH AFRICAN TEACHERS' ASSOCATION
SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERSUNIE
TRANSVAALSE ONDERWYSERSVERENIGING
TRANSVAAL TEACHERS' ASSOCIATION
VERENIGING VAN BLANKE ONDERWYSERS IN ONDERWYS EN OPLEIDING

GRONDSLAG WAAROP LEDE DEUR ONDERWYSERSVERENIGINGS GEKIES WORD

| | Getal kiesers | Getal lede wat deur kiesers van een ver= eniging gekies kan word |
|---|---|---|
| (1) | 100 tot 2 000 lede bedoel in artikel 4(1)(a) van 'n ver= eniging in Bylae 1 vermeld | 1 |
| (2) | 2 001 tot 4 000 lede bedoel in artikel 4(1)(a) van 'n vere= niging in Bylae 1 vermeld | 2 altesaam |
| (3) | vir elke 3 000 lede bo 4 000 lede bedoel in artikel 4(1)(a) van 'n vereniging in Bylae 1 vermeld .................... | 1 |

B Y L A E  B

PROFESSIONELE GEDRAGSKODE

Die Suid-Afrikaanse Onderwysersraad vir Blankes het krag= tens artikel 15(1)(d) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Onderwysersraad vir Blankes, 1976 (Wet 116 van 1976), en in oorleg met die Komitee van Onderwyshoofde, ingestel by artikel 6 van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1976 (Wet 39 van 1967), 'n professionele gedragskode vir onderwysers, in die Bylae hiervan uiteengesit, opgestel.

BYLAE

PROFESSIONELE GEDRAGSKODE VIR ONDERWYSERS

WOORDOMSKRYWING

1. Tensy uit die samehang anders blyk, het enige woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis by artikel 1 van die Wet geheg is, in hierdie kode dieselfde beteke= nis, en beteken -

"kode" die professionele gedragskode omskryf in artikel 1 van die Wet;

"onderwyser" 'n geregistreerde onderwyser of persoon, en ook 'n voorwaardelik geregistreerde persoon; en

"Wet" die Wet op die Suid-Afrikaanse Onderwysersraad vir Blankes, 1976.

AANHEF

2. Die onderwysers -

wie se name in die register van die Suid-Afrikaanse Onderwysersraad vir Blankes ingeskryf is, is bewus van die hoë roeping van hul professie om die toekom= stige burgers van hul land op te voed;

glo dat die ideale en strewe, die opleiding en op= trede van die lede van die onderwysprofessie die gehalte van die opvoeding in hierdie land bepaal; en

belowe derhalwe plegtig om as onderwysers die wette van die land te eerbiedig en te gehoorsaam en op te tree in ooreenstemming met die verhewe ideale van hul professie soos in hierdie kode vervat.

CREDO

Die onderwyser en die leerling

3. Die onderwyser -

3.1 oefen sy roeping uit in die erkenning van die beginsel dat die opvoeding in hierdie land ge= grondves is op die Bybel. In die toepassing van die beleid met betrekking tot die Christe= like karakter van die onderwys eerbiedig hy eg= ter ook te alle tye die geloofsoortuigings van die ouers en leerlinge wat godsdiensonderrig en godsdienstige plegtighede betref;

3.2 aanvaar dat die onderwys 'n breë nasionale karak= ter het wat beslag moet kry deur die doelbewuste uitbouing van elke leerling se kennis van die vaderland, sy taal- en kultuurerfenis, sy ge= skiedenis, tradisies en nasionale simbole;

3.3 aanvaar dat karakteropvoeding deel van die op= voedingstaak is en stel met woord en daad die voorbeeld vir die bevordering van die hoogste sedelike standaarde;

3.4 onderneem as sy professionele verantwoordelik= heid om elke leerling onder sy sorg tot kennis, bedrewendheid en die ontwikkeling van al sy vermoëns te lei, sodat hy 'n selfstandige en verantwoordelike burger van 'n demokratiese land kan word;

3.5 erken die individualiteit van elke leerling, eerbiedig sy persoonlikheid, skep 'n heilsame opvoedings- en onderwysmilieu, oefen gesag met liefde uit en weerhou hom van kwetsende optrede; en

3.6 eerbiedig die reg van elke leerling dat vertrou= like inligting aangaande homself te alle tye weerhou sal word, behalwe wanneer dit deur ge= magtigde instansies of by wet vereis word.

Die onderwyser en die ouers

4. Die onderwyser -

4.1 streef na hartlike samewerking met die ouers van die leerlinge wat onder sy sorg is; en

4.2 doen alles moontlik om die ouerlike gesag te handhaaf, om die vertroue van die leerling in sy ouerhuis te bevorder om die ouers voldoende op die hoogte te hou met betrekking tot die vordering van hul kind.

Die onderwyser en die gemeenskap

5. Die onderwyser -

5.1 aanvaar die beginsel dat die skool in diens van die gemeenskap staan en respekteer die gebruike en kodes van die gemeenskap in soverre dit op= voedkundig verantwoordbaar is;

5.2 aanvaar sy verantwoordelikhede as lid van sy professie wat leiding aan die gemeenskap moet gee in verband met gesindheidsvorming en die bevordering van die opvoeding, asook sy persoon= like betrokkenheid by plaaslike en burgerlike aangeleenthede; en

5.3 erken dat die onderwysprofessie 'n openbare ver= trouensposisie beklee waarby nie alleen die persoonlike gedrag van die individuele onderwy= ser betrek is nie, maar ook die wisselwerkings= verband tussen skool en gemeenskap, en dat sy handelinge en gedrag daarom sodanig moet wees dat dit die agting van die gemeenskap afdwing en die beeld van die professie versterk.

Die onderwyser en sy werkgewers

6. Die onderwyser -

6.1 is lojaal teenoor sy werkgewers deur hulle na sy beste vermoë te dien en al hul wettige op= dragte en regulasies te gehoorsaam, en deur professionele aangeleenthede slegs langs die regte kanale te hanteer; en

6.2 weerhou hom daarvan om amptelike en vertroulike sake met ongemagtigde persone te bespreek.

Die onderwyser se verpligtinge teenoor sy kollegas en sy professie

7. Die onderwyser -

7.1 dra sy deel by tot die waardigheid en openbare aansien van die onderwysberoep deur die navol= gingswaardige voorbeeld van sy persoonlike op= trede en gedrag en deur regverdige en lojale verkeer met alle ander lede van sy professie;

7.2 aanvaar die gesag en opdragte van diegene wat in 'n gesagsposisie geplaas is, sonder om daar= deur noodwendig sy eie professionele standpunte te verswyg of sy professionele selfstandigheid prys te gee;

7.3 aanvaar sy verantwoordelikheid gesamentlik met alle ander burgers van die land vir gesonde openbare menings- en beleidsvorming, maar weer= hou hom daarvan om sy professionele vertrouens= posisie te gebruik om partypolitiek of omstrede oogmerke te bevorder; en

7.4 vereenselwig hom met sy professie en die eise wat dit stel, onder meer deur sy deelname aan onderwysbedrywighede en deur op die hoogte van opvoedkundige denke en ontwikkeling te bly.

VERDERE BEPALINGS TER AANVULLING VAN DIE AANHEF EN CREDO VAN HIERDIE KODE TEN OPSIGTE VAN DIE PROFESSIONELE GEDRAG VAN ONDERWYSERS BEDOEL IN ARTIKEL 15 (1)(d) VAN DIE WET

8. 'n Onderwyser mag -

8.1 geen bepaling van enige onderwysordonnansie of 'n regulasie of enige ander wet wat ten opsigte van die onderwysberoep van krag is, oortree of in gebreke bly om daaraan te voldoen nie indien dit sy plig is om daaraan te voldoen;

8.2 nie 'n wettige bevel wat aan hom in sy hoedanig= heid van onderwyser gegee is deur enige persoon of liggaam wat gemagtig is om so 'n bevel te gee, nie gehoorsaam nie of verontagsaam of opsetlik nie uitvoer nie, of hom deur woord of gedrag aan insubordinasie skuldig maak nie;

8.3 nie vertroulike inligting wat hy in die loop van sy professionele pligte as onderwyser be= kom het, openbaar maak nie, uitgesonderd in die vervulling van sy professionele pligte;

8.4 hom nie op 'n skandelike, onbehoorlike of onbe= taamlike wyse gedra wat vir sy posisie as onder= wyser skadelik is nie, of deur woord of gedrag optree op 'n wyse wat in stryd met dié kode is nie;

8.5 nie uitdruklik of by implikasie toespelings maak op of ten opsigte van enige leerling, ouer, an= der onderwyser, persoon of instansie by die on= derwys betrokke of die onderwysberoep ten einde afbreuk te doen of enige nadeel te berokken aan die eerbaarheid, doeltreffendheid of bekwaamheid van sodanige persoon, instansie of onderwysbe= roep nie;

8.6 nie buitensporige gebruik maak van sterk drank of enige ander bedwelmende middels nie;

8.7 nie 'n kriminele misdryf begaan nie;

8.8 hom nie eiendom van 'n skool of sy werkgewer wederegtelik toeëien of daarvan onbehoorlik gebruik maak onder omstandighede dat sy handeling nie 'n kriminele misdryf uitmaak nie;

8.9 nie van sy posisie as onderwyser gebruik maak om private of partypolitieke oogmerke te bevorder of om ongehoorsaamheid aan of verset teen die wette van die Staat aan te moedig of by enige deel van die bevolking propaganda te maak om 'n vyandige gesindheid teen enige ander deel van die bevolking te verwek of te bevorder nie;

8.10 nie 'n daad wat nadelig is vir die administrasie, dissipline, doeltreffendheid of status van 'n skool, sy werkgewer of enige afdeling of orgaan daarvan doen, laat doen of toelaat of oogluikend toelaat dat dit gedoen word nie;

8.11 nie bemiddeling in verband met sy posisie en diensvoorwaardes as onderwyser verkry of probeer verkry uit enige bron òf ten voordele van sy eie òf ten nadele van 'n ander onderwyser se posisie of status nie: Met dien verstande dat geen bepaling hierin vervat 'n onderwyser belet om herstel van griewe deur middel van die regte en erkende kanale deur sy werkgewer of erkende verenigings te probeer verkry nie; of

8.12 nie nalatig of traag in die vervulling van sy professionele pligte wees nie.

9. Indien 'n klagte, beskuldiging of bewering van 'n oortreding van 'n bepaling van hierdie kode teen 'n onderwyser ingebring of gemaak word, kan die raad ten opsigte daarvan optree in die uitvoering van die bevoegdhede aan hom verleen by artikel 18(a) van die Wet.

10. Hierdie kode is ook van toepassing in die gebied Suidwes-Afrika, met inbegrip van die Oostelike Caprivi Zipfel.

BIBLIOGRAFIE

BISSCHOFF, T.C. en KRUGER, E.G. 1981: Boustene in die Metapeda=gogiek - van Sparta tot Spencer. Butterworth, Durban - Pretoria.

BLACKINGTON, F.H. 1968: School, Society and Pro=fessional Educator. Holt, Reinhart and Winston, Inc. London.

BODENSTEIN, H.C.A. 1977: 'n Fundamenteel Andragogies-pedagogiese besinning ra=kende die problematiek van die onderwysersopleiding in 'n tegnokratiese bestel. Ongepubliseerde D.Ed.-proefskrif, Unisa.

BURGER, E. 1983: Die verwerkliking van die christelike doelstruktuur deur die jong belydende lidmaat. Ongepubliseerde D.Ed.-proefskrif, Unisa.

CARR-SAUNDERS, A.M. en WILSON, P.A. 1933: The Professions. Oxford Claredon Press, Oxford.

COETZEE, J.C. 1952: Inleiding tot die Histo=riese Opvoedkunde. Voor=trekkerpers, Johannesburg.

1953: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde. J.L. Van Schaick, Pretoria.

DU TOIT, P.S. 1963: In: Die Unie, Jaargang 67, No. 4, Oktober 1963.

DE WITT, J.T. 1976: "Die Onderwysersraad eers=daags 'n werklikheid! Wat nou Kollegas?" In: Die Unie Julie 1976.

1979: Professionele Oriëntering vir die Onderwysberoep. Butterworth, Durban - Pretoria.

FEDERALE RAAD VAN ONDERWYSERSVERENI=GINGS 1936: Notules van die Federale Raad van Onderwysersver=enigings vanaf 1936. Pretoria.

1968: Korrespondensie 28 Desember 1968.

1978: Federasie van Onderwysers=verenigings vir die Repu=bliek van Suid-Afrika, Grondwet.

GENERAL TEACHING COUNCIL, 1965 1965: General Teaching Council Act 1965. Her Majesty's Stationary Office, Edin=burough.

1968: Handbook, The. 140 Princess Street, Edinburough.

1969: Review of the Constitution and Functions of the General Teaching Council. Her Ma=jesty's Stationary Office, Edinburough.

1970: General Teaching Council for Scotland, Circulars 1 to 12. Princess Street, Edinburough $EH_2$, 4B.S.

GERICKE, J.S. 1955: Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die op= leiding van Blanke Onder= wysers. Staatsdrukker R.P. 29/1955, Pretoria.

GOOD, C.V. en SCATES, D.E. 1954: Methods of Research. Appleton-Century Crofts, New York.

GOUWS, J.P. 1967: Die gesindheid van die Engelssprekende Transva= ler met betrekking tot die keuse van die Onder= wys as beroep. Ongepu= bliseerde M.A.-verhande= ling, Universiteit van Pretoria.

GRAMBS, J.D. en McCLURE, L.M. 1964: Foundations of Teaching. Holt, Reinhardt and Wilson, London.

GRIESSEL, G.A.J. 1976: "Fundamentele Pedagogiek". In: "Oriëntering in die Pedagogiek, 'n Studieboek vir Beginners", Unisa, Pretoria.

GUNTHER, C.F.G. 1967: Fenomenologie en Fundamen= tele Opvoedkunde. Univer= siteitsuitgewers, Stellenbosch.

HAVEMAN, M. 1940: Die Ampskontrak en diens=voorwaardes van die Onder=wyser in Openbare Skole vir Blankes onder die Pro=vinsiale Administrasie van die Kaap die Goeie Hoop. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling.

HOYLE, E. 1969: The Role of the Teacher. Routledge and Kegan, New York.

KELLSALL, R.K. en H.M. 1969: The School Teacher in England and the United States. Permagon Press, Oxford.

KILIAN, C.J.G. en VILJOEN, T.A. 1974: Fundamentele Pedagogiek en fundamentele strukture. Butterworth, Durban.

KRUGER, E.G. 1979: Die gesin as primêre op=voedingsmilieu by die Antieke Grieke, Romeine, Jode en vroeë Christene. M.Ed.-verhandeling, Unisa.

LEWIS, C.T. en SHORT, C. 1879: Latin Dictionary. New York.

LEMMER, J.L. 1979: Verslag. Suid-Afrikaanse Onderwysersraad vir Blankes, Pretoria.

LIEBERMAN, M. 1957: Education as a Profession. Prentice-Hall Inc., New York.

MILLARSON, G. 1964: The Qualifying Associa= tions. Routledge and Regan, London.

NASIONALE BURO VIR OPVOEDKUNDIGE EN MAATSKAPLIKE NAVOR= SING Navorsingsreeks No. 29. Staatsdrukker, Pretoria.

1969: Gekonsolideerde verslag van die Nasionale Advise= rende Onderwysraad oor die Onderwyser. Staats= drukker, Pretoria RP 30/69.

NATAL PROVINSIALE ADMINISTRASIE 1946: Report: Natal Provincial Education Committee, Staatsdrukker, Pretoria.

OBERHOLZER, C.K. 1968: Prolegomena van 'n Prinsi= piële pedagogiek. HAUM, Kaapstad.

1975: Grondbeginsels van die onderrig op Tersiëre vlak. Unisa, Groep 1/75.

OOSTHUIZEN, J.H. 1963: Navorsingsreeks nommer 32. Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, Nasio= nale Buro van Opvoedkun= dige en Maatskaplike Navor= sing, Pretoria.

ORANJE-VRYSTAAT PROVINSIALE AD= MINISTRASIE 1951: Oranje-Vrystaat Provin= siale Onderwyskommissie. Staatsdrukker, Pretoria.

OXFORD ENGLISH DICTIONARY 1970: Oxford English Dictio= nary. Vol. VIII, Poy-Roy, Oxford.

PITOUT, D.N. 1984: Die Professionele Gedrags= kode vir Onderwysers, Fundamenteel-Pedagogies gesien. Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling, Uni= versiteit van Pretoria.

POSTMA, W. 1983: Die motief, struktuur en funksionering van die Transvaalse Onderwysers= vereniging. Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom.

PRELLER, S.J. 1962: Intreerede. Universiteit van die Oranje-Vrystaat, N.G.S.P., Bloemfontein.

SCHWUNG, HENRIëTTE 1932: Zur Psychologie des Be= rufsentschlusses. Zeitschrift Psychologie.

SCOTTISH EDUCA= TIONAL JOURNAL 1969: Her Majesty's Stationary Office, Edinburgh.

STINNET, T.M. 1962: The Profession of Teaching. Centre of Applied Research in Education, Washington.

SKOOLBLAD, DIE — O.V.S.-Onderwysersvereniging. Nasau, Kaapstad.

SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERSRAAD VIR BLANKES — 1979: <u>Professionele Gedragskode</u>. In: S.A.O.R. Handleiding, Pretoria.

1983a: <u>Handleiding</u>. S.A.O.R., Pretoria.

1983b: <u>Riglyne vir professionele Optrede</u>. Pretoria.

1983c: <u>Riglyne vir gebruik deur Statutêre Ouerliggame</u>. Pretoria.

SWANEPOEL, C.B. — 1975: <u>Die Relevansie van die Begrip "Historisiteit". 'n Studie in die Fundamentele Pedagogiek</u>. Ongepubliseerde D.Ed.-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

SWANEPOEL, K.D. — 1976: "<u>Gesagsfiguur verdwyn</u>" In: <u>Mondstuk</u> Jaargang 5, Nommer 49, Julie 1976.

TAUNEY, R.H. — 1920: <u>The Acquisitive Society</u>. Brave and Company, New York.

TAUTE, B. — 1940: <u>Skoolhoof, assistent en Professie</u>. Unie-Volkspers, Kaapstad.

TEACHING COUNCIL FOR ENGLAND AND WALES — 1963: <u>Teaching Profession in Scotland</u>. Her Majesty's Stationary Office, Edinburough.

1966: *Teaching Council (Scotland) Act*. Her Majesty's Stationary Office, Edinburough.

1970: *Report of the Working Party appointed by the Secretary of State for Education and Science*. McCorquodale and Co., London.

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT

*Onderwysnuusflitse*. Privaatsak X76, Pretoria, Desember 1964
Maart 1965
Junie 1966
Oktober 1968

TRANSVAALSE ONDERWYSERSVERENIGING 1968: *Onderwysblad*. Driekwarteeufees Gedenkblad. Posbus 2827, Pretoria.

UNESCO 1960: *Report of the Classroom Teachers. National Study Conference on Teaching as a Profession*. 1201 Sixteenth Street, N.L. Washington D.C.

1966a: *Unesco Meeting for experts on the status of Teachers*. Report Geneva, Januarie 1966.

1966b: *Status of Teachers*. Report Geneva, Washington.

UNIE, DIE Nasionale Handelsdrukkery Bpk., Elsiesrivier, Kaapstad
April 1963
November 1967
Mei 1969
November 1976

VAN DEN BERG, J.H. 1962: De Psychiatriche Patient. G.F. Callenbach, N.V., Nijkerk.

VAN LILL, G.J. 1971: Die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie 1905 - 1970. Ongepubliseerde D.Ed.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.

VAN RENSBURG, C.J.J., KILIAN, C.J.G., LANDMAN, W.A. 1981: Fundamenteel-Pedagogiese Begripsverklaringe - 'n Inleidende Oriëntering. N.G.-kerk Boekhandel, Pretoria.

VAN SCHALKWYK, O.J. 1981: Fokus op die Onderwysstelsel. Butterworth, Pretoria.

VAN VUUREN, J.C.G. 1969: Die Probleem van voorskriftelikheid in die Pedagogiek. Inougurele Rede, Unisa.

1976: Oriëntering in die Pedagogiek. Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

VENTER, A.J. 1969a: Die Beroepsgesindheid van

| | | |
|---|---|---|
| | | _die Onderwyser_. Ongepu= bliseerde D.Ed.-proefskrif, Universiteit van Pretoria. |
| | 1969b: | _Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Op= leiding van Blanke Persone as onderwysers_. Staats= drukker, Pretoria RP/29/69. |
| VERSLAG VAN DIE PROVINSIALE KOM= MISSIE | 1939: | Staatsdrukker, Pretoria. |
| VILJOEN, T.A. | 1968: | _Die Kenrelasie gesien in Pedagogiese Perspektief_. _ŉ Studie in Pedagogiek_. Publikasiereeks R.G.N. Nommer 5, Van Schaick, Pretoria. |
| VISAGIE, J.A.C. | 1958: | _Die status van die Onder= wysberoep en van die on= derwyser_. Ongepubliseerde D.Ed.-proefskrif, Unisa. |
| WATERMEYER, G.A. | 1957: | _Republiek van ŉ Duisend Jaar_. Linden, Johannesburg: uitgegee deur die skrywer self. |
| REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA | 1983: | _Witskrif oor Onderwys= voorsiening in die Repu= bliek van Suid-Afrika_. Staatsdrukker, Pretoria. |
| | 1949: | _Woordenboek der Neder= landsche Taal_. Leiden. |